

GENEALOGIE AS HULPWETENSKAP VAN GESKIEDENIS
MET VERWYSING NA DIE BOERETYPERSKAP IN ANGOLA,
1881 - 1928

HANS FRIEDRICH HEESE B.A. STELLENBOSCH.

A THESIS PRESENTED FOR THE DEGREE OF MASTER OF ARTS IN THE
UNIVERSITY OF CAPE TOWN,
OCTOBER, 1974

The copyright of this thesis is held by the
University of Cape Town.
Reproduction of the whole or any part
may be made for study purposes only, and
not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

VOORWOORD.

Hierdie studie het in April 1971 n aanvang geneem na n kort besoek aan Sa da Bandeira. Hier het n Boere riempiesbank op die plaas Palanca my vrou se oog gevang en het sy daarin geslaag om die Portugese eienaar daarvan afstand te laat doen. Volgens die eienaar het die bank aan n Gert Alberts behoort. Om die ouderom van die bank vas te stel, wou ek die eienaar identifiseer deur genealogiese ondersoek.

Terug in Suidwes-Afrika het ek P.J. van der Merwe se Ons Halfeeu in Angola te lese gekry en n aansienlike lys Gert Andries Jacobus Albertses onder die treklyste van 1928 - 1929 aangetref. Genealogiese navorsing oor die Alberts familie het hier n aanvang geneem en het uitgebrei tot dat al die Alberts takke voltooi is. Hierdie genealogie het in 1973 in Familia, die joernaal van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, verskyn.

Aanvanklik is van der Merwe se treklyste as basiese genealogiese bron gebruik. In Julie 1971 is die staatsrekords te SA da Bandeira tydens n langer besoek gedupliseer met die oog op genealogiese gebruik. In Desember 1971 kon ek die Gereformeerde Kerk se argief in Potchefstroom fynkam.

Gedurende Juliemaand 1972 is nog n besoek gebring aan Angola waar al die staatsrekords te Humpata gedupliseer is. Sedert Oktober 1972 het ek die Angola dokumente in die staatsargiefbewaarplek in Windhoek kon raadpleeg.

Wat as n Alberts genealogie begin is, het uitgebrei tot n veel breër ondersoek en sedert Januarie 1973 het die ondersoek die onderwerp vir n verhandeling geword na samesprekings met Professor Eric Axelson van die Universiteit Kaapstad. In Julie 1973 is die genealogiese rekords

te Nova Lisboa, Lobito, Benguela en Teixeira da Silva gefynkam. In Augustus is n besoek gebring aan Outjo waar al die Hervormde Kerk rekords gedupliseer is om die Gereformeerde rekords, wat reeds tevore op Gobabis gedupliseer is, aan te vul. In Desember 1973 het ek die oorblywende sentra in Angola - Caconda, Ganda, Luimbale, Caála, Cubal, Chinguar, Silva Porto, Norton de Matos en Luanda - besoek en al die dokumente wat betrekking gehad het op die Boere se genealogie, gedupliseer. Hiermee was die veldwerk voltooi en kon in 1974 n aanvang gemaak word met die verwerking van die gegewens en die skryf van hierdie verhandeling.

Ten eerste wil ek my vrou en seun bedank vir hulle geduld en ondersteuning en vir my ouers vir hulle simpatieke belangstelling. Ek wil ook my dank uitspreek teenoor die Portugese owerheid vir die beskikbaarstelling van staatsdokumente van vertroulike aard en die vriendelike hulp van Portugese amptenare. Dank ook aan die personeel van die staatsargiefbewaarpark in Windhoek, by name mnr. S.J. Schoeman. Dank ook aan die amptenare van die Gereformeerde en Hervormde Kerke vir die beskikbaarstelling van dokumente.

Ten slotte n besondere woord van dank aan my promotor, Professor E. Axelson, vir sy simpatieke hulp en leiding en sonder wie se ondersteuning hierdie verhandeling nie die lig sou sien nie.

INHOUDSOPGAW

<u>HOOFSTUK 1.</u>	Genealogie as selfstandige dissipline en hulpwetenskap van Geskiedenis	p 1
<u>HOOFSTUK 2.</u>	Genealogie en enkele aspekte van Afrika-nergeskiedskrywing	p 13
<u>HOOFSTUK 3.</u>	Die Boere in Angola 1881 - 1928. n Oorsig van bestaande literatuur oor die Angola Boere.	p 27
<u>HOOFSTUK 4.</u>	Die eerste Boeregenerasie 1881 - 1904.	p 37
<u>HOOFSTUK 5.</u>	Die tweede Boeregenerasie 1905 - 1928.	p 55
<u>HOOFSTUK 6.</u>	Assimilasie tussen Boere en Portugese.	p 72
<u>HOOFSTUK 7.</u>	Kultuurinvloed van die Boere.	p 91
<u>HOOFSTUK 8.</u>	Eksplorاسie, migrاسie en nedersetting.	p 99
<u>HOOFSTUK 9.</u>	Besluit.	p 107
<u>BYLAES.</u>		p 110
<u>BIBLIOGRAFIE.</u>		p 155

HOOFSTUK 1.

GENEALOGIE AS SELFSTANDIGE DISSIPLINE EN HULPWETENSKAP VAN GESKIEDENIS.

Genealogie, waaronder verstaan word die tabulering en vertolking van menslike afstamming, kan tot die oudste studievervelde van die geesteswetenskappe gereken word. Reeds in Genesis 4 en 5 word die nakomelinge van Adam behandel en n eenvoudige genealogiese tabel verskaf. Genealogie kan dus gekoppel word aan die oudste skriftelike bron en dateer dus terug tot dieselfde tydperk waartoe geskiedenis teruggaan in die verlede.

Ten aanvang moet bepaal word of genealogie n wetenskap is of nie. Wetenskap behels die versameling van feite op n verantwoordelike en verantwoorde wyse; die logiese en sistematiese ordening van hierdie gegewens en die sinvolle interpretasie van hierdie feite. Deurgaans moet n streng kritiese houding ingeneem word ten opsigte van dit wat waargeneem word.

Daar moet egter duidelik onderskei word tussen die natuurwetenskappe wat fisiese verskynsels tot studieveld neem en klem lê op die algemene, herhaalbare en voorspelbare; en die geesteswetenskappe wat die mens as deurkende, skeppende en unieke- beslissende wese waarneem.

Genealogie as geesteswetenskap het in hoofsaak te make met die studie van menslike afstamming en die aantoon van sy bloedverwantskap met ander individue of groepe. Anders as dierkunde - wat suiwer natuurwetenskaplik is, en filosofie - wat suiwer geesteswetenskap is, het genealogie te make met beide natuurwetenskap en geesteswetenskap.

Die mens is eerstens n biologiese wese met n bepaalde genetiese oorerflike samestelling - wat hom die objek maak van natuurwetenskaplike ondersoek. Tweedens is die mens ook n unieke, denkende en skeppende wese wat hom objek maak vir navorsing deur die geesteswetenskaplike, o.a. die historikus.

Tot dusver het genealogie kwalik kon aanspraak maak op volwaardige wetenskaplike status. n Algemeen praktiese maatstaf of n dissipline wel wetenskaplike status besit, is of dit aan n Universiteit as selfstandige vak (dissipline) aangebied word. In Suid-Afrika is dit nog nie die geval nie. Die Universiteit van Stellenbosch bied egter tans - 1974 - genealogie aan as onderafdeling van hulle kursus in Afrikaanse Volks- en Kultuurkunde. Dit is egter bemoedigend dat daar tans te Brigham Young- en Logan Universiteite in Utah, V.S.A., graadkursusse in genealogie bestaan en genealogie dus reeds (in die V.S.A. in elk geval) akademiese erkenning geniet as selfstandige dissipline¹. In hierdie verband word genealogie as n kulturele dissipline beskou wat sigself besig hou met die menslike afstamming.

Die term genealogie vereis verdere aandag. In n breë sin sluit dit familiegeskiedenis in en moet dit beskou word as n onderafdeling van geskiedenis soos kerk- of gemeentegeskiedenis. In n engere sin is dit streng wetenskaplik as dit wetenskaplik beoefen word en vind genealogie sy vervulling in die kwartierstaat en genealogiese lêer.²

Genealogie in n enger sin sal n studie van die volgende omvat: Wie was n persoon se vader en moeder; waar en wanneer was hulle gebore en getroud en wat was die persoon se posisie in die kindertal. In n enger sin het genealogie dus hoofsaaklik te make met persoonsname en statistieke wat in sigself nie geskiedenis is nie. Hierdie statistieke kan alleen sinvol wees vir geskiedenis indien dit aangevul word met besonderhede van die persoon se lewe en die genealogiese gegewens dan geïnterpreteer word.

1. Familia, Nr. 1, 1971, p.1.

2. Familia, Nr. 1, 1971. p.6.

Die Britse heraldikus, Cussans, het reeds vóór 1893 onderskei tussen die begrippe "pedigree" en "genealogy"³. Onder eersgenoemde het hy verstaan n blote tabel van name en datums; bv. Johannes Albertus van der Merwe, gebore 1843, getroud 1870 met Wilhelmina Aletta Mostert, oorlede 1913. Hierdie gegewens is slegs basies en volgens Cussans nutteloos en die maklikste ding ter wêreld om vas te stel. Alleen as die stamlys ("pedigree") uitgebrei word tot die geskiedenis van n individu, is dit volgens Cussans genealogie. Hy sou die volgende dus as genealogie aanvaar:

Johannes Albertus van der Merwe, gebore 26 Mei 1843, oudste seun van Gert Johannes van der Merwe en Isabella Petronella van der Walt, gedoop in die N.G. Kerk Uitenhage op 2 Januarie 1845; groei op op die plaas Wonderfontein; ry transport in Transvaal; getroud met Wilhelmina Aletta Mostert (dogter van veldkornet Tobias Andreas Mostert en Johanna Susanna de Klerk) te Hoopstad op 20 Julie 1870; het drie seuns: Gert Johannes, Tobias Andreas en Johannes Albertus; vestig hom in 1875 in die distrik Rustenburg; word lid van die Eerste Volksraad van die Z.A.R. in 1886; word lidmaat van die Gereformeerde Kerk in 1887 en speel n leidende rol in die gemeente as ouderling. Oorlede 15 September 1913 en begrawe op sy plaas.

Volgens Cussans sal b.g. geval n genealogie, oftewel n geskiedenis van die individu wees. Daar is egter min verskil tussen n individu se geskiedenis en n biografie. Die biografie is ook weer niks anders as n vorm van geskiedskrywing nie. Hierdie standpunt van Cussans word ook deur Bauer gehuldig wat genealogie bloot as afdeling van geskiedenis beskou, nl. familiegeskiedenis.⁴

3. J.E. Cussans: Handbook of Heraldry, p.281.

4. W. Bauer: Einführung in das Studium der Geschichte, pp. 163-164.

Cussans het genealogie dus as n familiegeskiedenis beskou, Daar is dan inderdaad ook n sterk verwantskap tussen geskiedenis en genealogie, en is genealogie afhanklik van geskiedkundige bronne en geskiedenis. Soms is geskiedenis egter ook afhanklik van genealogie.⁵

Cussans se stelling dat genealogie noodwendig meer is as n stamlys, is egter nie korrek nie. Genealogie is nie net n wetenskap wat met geskiedenis bemoeienis maak nie, dit het ook te doen met die suiwer natuurwetenskappe.

In die jongste tyd onderskei genealogie hom veral as hulpwetenskap van die geneeskunde, veral in Suid-Afrika. Aan die Universiteit van Kaapstad het Dr. M.C. Botha noukeurige bloednavorsing gedoen waaruit genealogiese gegewens verkry kon word; en omgekeerd. Botha het naamlik bevind dat die Afrikaner tussen 6% en 7% nie-blanke voorvaders het en dat die Kleurlingbevolking 34% blanke voorouers het.⁶

Professor J.H. Louw, van dieselfde universiteit, het in n lesing gelewer by die jaarlikse algemene vergadering van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika in 1972, die waarde van genealogie vir die mediese wetenskap behandel. Hy het verwys na navorsing wat gedoen is deur Dr. G. Dean, Drs. Cloete, Prof. J.C. de Villiers en ook deur homself. Deur die beskikbaarheid van genealogiese gegewens kon verskeie lewensverleng word as gevolg van die behandeling van n genetiese afwyking wat in 1685 na Suid-Afrika "ingevoer" was.⁷

5. Familia, Nr. 1, 1971.

6. S.A. Mediese Tydskrif, April 1972.

7. Familia, Nr. 1, 1973, pp. 5-11.

Die bogenoemde voorbeelde blyk dit dus dat genealogie nie net die verlede dink nie; wel ook die huidige. Dit is nie net geskiedenis wat baat vind by genealogie nie; ook die mediese wetenskap. Mendel, hoewel in 'n suiwer biologiese sin, was immers ook 'n genealoog van wetenskaplike internasionale omvang.⁸

Genealogie is nie net 'n hulpfunksie vir geskiedenis en die mediese wetenskap nie - dit het te doen met alle wetenskappe wat verband hou met afstamming. So kan die oorerwing of erflikheidsfaktor van intelligensie deur die hulp van genealogie eksperimenteel in sielkunde vasgestel word. Selfs in die politiek het afstamming (van 'n Joodse voorouer) 'n rol gespeel in Nazi-Duitsland en gelei tot filosofiese beskouings wat op genetiese faktore berus het. In Suid-Afrika het afstamming ook 'n feitlik soortgelyke rol gespeel in die verskeie sosiologiese studies tot gevolg gehad, o.a. J.J.F.C. Hagebeek se deurtastende navorsing oor die sosiologiese implikasies van Die Raspolitieke Implikasies by die Toepassing van Artikel 16 van Wet 23 van 1957 wat handel oor die Ontugwet in Suid-Afrika.

Die verhouding tussen genealogie en sosiologie is nie van resente aard nie. Die wettike is reeds in die Ou testament verbied tussen Israëliete en nie-Israëliete. Ook in die primitiewe stamorganisasie - wat weer nou skakel het met die antropologie - is afstamming dikwels beslissend wat die leierkap binne die groep betref.⁹ So het Dr. H. Vedder die stamboom van Janavero, die Herero leier, tot erf geslagte vóór hom kon aanteken.¹⁰ Selfs vandag word daar nog waarde geheg aan afstamming wat gekoppel is aan politieke mag soos in die Suid-Afrikaanse Bantoe-tuislande met hulle politieke bestuursliggame. Dit is egter nie net in Suid-Afrika waar

8. Familia, Nr.1, 1971.

9. C. Yama: Heraldiek en Genealogie, p.9.

10. H. Vedder: Voor-geskiedenis van S.W.A., p.180.

hierdie verskynsel nog geld nie. Ook in Malawi word "tradisionele hoofmanne" nog behou in n moderne tyd waar die stam- en familiegevoel steeds losser word.

Dit is onteenseglik waar dat sedert die Middeleeue n reaksie ontstaan het teen die bestaan van n heersersklas wat op grond van afstamming geheers het. Die republikeinse gedagte het reeds by die Grieke ontstaan en het na die Franse Rewolusie momentum gekry in Wes Europa. Die demokraties - republikeinse gedagte was só sterk in die pas gestigte Verenigde State van Amerika dat daar in die grondwet bepaal was dat adellike betiteling ongeldig sou wees.¹¹ Ten spyte van n besluit wat in 1787 in die V.S.A. geneem was, was daar in die jare sestig van hierdie eeu n presidentsverkiesingsveldtog wat gevoer was op familieverwantskap na die sluipmoord op president John F. Kennedy - twee van sy broers was moontlike kandidate in die volgende dekade. Hoewel miskien n bloot toevallige verskynsel, weërspieël dit tog nog die emosionele waarde wat afkoms en verwantskap wel het.

Pama toon die verandering van houding wat by genealoë self ingetree het. Hy noem die voorbeeld van die Duitse genealoog, Andreas Will, wat in 1776 n genealogiese verhandeling uitgegee het en genealogie gedefinieer het as die wetenskaplike studie van die oorsprong, voortsetting en lotgevalle van families wat n belangrike rol gespeel het in die Staatsopset of sosiale lewe. Kort daarna, in 1782, het Gatterer genealogie gedefinieer as die wetenskap wat alle persone nagaan wat van dieselfde voorvader afstam, manlik sowel as vroulik.¹² Hierdie gevalle illustreer die verandering van klem wat by genealogie ingetree het. Waar genealogie eers die tydverdryf van konings was, het dit nou oorgegaan na n meer algemene veld en kan dit nie meer bloot as n stokperdjie gesien word nie.

Met die toenemende belangstelling in die genealogie in resente tye, ook in Suid-Afrika, het heelwat persone skepties begin raak teenoor die genealoog

11. V.S.A. Konstitusie, Artikel 1, klousule 9.

12. C. Pama: Heraldiek en Genealogie, pp. 9-10.

se aktiwiteite. By menige persoon bestaan die vrees dat daar "n geraamte in die klerekas" kan bestaan wat sy voorouers aanbetref. In Europa was die vrees hoofsaaklik toegespits op n onegte voorvader terwyl in Suid-Afrika die vrees onder balnkes bestaan het dat hulle iewers n nie-blanke voorouer mag opspoor.

Ter wille van n "skoon" afkoms, was daar dan dikwels feite verswyg wat wel bekend was maar vanweë die navorser se subjektiewe en persoonlike betrokkenheid nie geopenbaar was nie. Hier gaan genealogie dus gebuk onder dieselfde subjektiewe beperkings as geskiedenis en sosiologie wat ook sekere "onaangename" feite gerieflik kan ignoreer en op die uiterlike vlak nog steeds n objektiewe, wetenskaplike" karakter kan openbaar. Dit is egter nie net sosiologie en geskiedenis wat onder hierdie las gebuk gaan nie, trouens alle geesteswetenskappe wat te doen het met menslike denke en gedrag moet van tyd tot tyd sy gegewens en norme in hersiening neem op grond van wisselende tydsgees en beskikbaarheid van nuwe gegewens wat vroeër nie beskikbaar was nie.

Die Afrikaner het n jarelange geloof gehad dat hy n baie "blanke" ras was, afstammend uit hoofsaaklik Hollandse, Duitse en Franse stamouers. Hierdie geloof was versterk deur dr. H.T. Colenbrander, n Hollander, se navorsing oor hierdie onderwerp in 1902 en wat gelei het tot die publikasie van sy De Afkomst der Boeren. Volgens Colenbrander sou die Afrikaner persentasie-gewys 53% Hollandse, 27% Duitse en 17% Franse voorouers hê.¹³ Intussen het Dr. J. Hoge aangetoon dat die gegewens wat Colenbrander gebruik het, hoofsaaklik op C.C. de Villiers se "Geslacht - Register der oude Kaapsche Familien" berus het en dat l.g. werk heelwat foute bevat het.¹⁴ Hierdie foute moes dus reggestel word en sou dus lei tot n nuwe bevinding. Die foutiewe inligting was dikwels toe te skryf aan verkeerde klassifisering

13. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner.

14. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, p.1.

van nasionaliteit - so was baie Hugenote as Franse aangegee terwyl hulle in werklikheid uit Frans - Vlaandere gestam het; so ook Nederlanders uit die grensgebiede met Duitsland wat in werklikheid Duitsers was.¹⁵ Die jongste navorsing oor hierdie onderwerp is in 1971 voltooi deur Dr. J.A. Heese wat, nadat hy alle gegewens weer kontroleer het, tot die gevolgtrekking gekom het dat die etnies-sosiologiese samestelling vir die tydperk 1657-1867 Nederlands 34,8%, Duits 33,7%, Frans 13,2%, nie-blanke 6,9%, Brits 5,2% ander Europese nasies 2,7% en Onbekend 3,5% was.¹⁶ Hierdie gegewens t.o.v. gekleurde bloed stem ooreen met Dr. M.C. Botha se bevindings soos vroeër reeds genoem.

Met hierdie navorsing het genealogie nuwe gegewens aan die lig gebring wat vir die etnoloog, historikus en sosioloog van belang is in Suid-Afrika en wat moontlik tot nuwe vertolkings in die onderskeie wetenskappe kan lei.

In die lig van die vorige, moet aanvaar word dat genealogie n regmatige plek het onder die geesteswetenskappe; dat genealogie dikwels optree as hulpwetenskap vir ander wetenskappe soos sosiologie, die mediese wetenskap, sielkunde, antropologie - Fischer sou nie sy navorsing oor die Rehoboth Basters kon doen sonder om ekstensief van genealogie gebruik te maak nie - en die geskiedeniswetenskap.

Dit moet ook aanvaar word dat wanneer onder die term genealogie familie-geskiedenis verstaan word, genealogie dan deel sal wees van geskiedenis, hoewel dit streng gesproke nie die noodwendige studieterrein van genealogie is nie.

Die verwantskap tussen genealogie en geskiedenis vereis spesiale aandag en hier sal die genealogiese aspekte beperk word tot die menslike verlede.

Professor E.H. Carr het in 1961 in n lesing oor geskiedenis, wetenskap en moraliteit die volgende gesê:

15. C. Pama: (Red) Geslagregisters vd. ou Kaapse Families, pp.xix-xxii.
16. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, p.54.

- (1) Geskiedenis het te make met die Unieke, wetenskap met die Algemene;
- (2) Geskiedenis leer geen lesse nie;
- (3) Geskiedenis voorspel nie;
- (4) Geskiedenis is essensieel subjektief omdat die mens homself waarneem; en
- (5) Geskiedenis, anders as wetenskap, het te doen met beskouings oor godsdiens en moraliteit.¹⁷

Die historikus het te make met die unieke, eenmalige gebeurtenis maar toets gedurig sy stof aan die algemene. Carr stel dit dan ook dat geskiedenis gemeid is met die verhouding tussen die besondere en die algemene.¹⁸ Genealogie het te make met beide die unieke - n huwelik tussen twee individue is n unieke, individuele verbintenis - en die algemene - sekere genetiese faktore of eienskappe is biologies oorerflik en as sulks algemeen.

Indien die historikus en genealoog oor voldoende "individuele" bewyse beskik, mag hulle egter wel veralgemeen; so nie kan hulle dissiplines fikseer op n steriele individualisme. Indien bv. 1000 blanke egpare van die 1200 aan die Kaap in 1700 nege kinders per egpaar gehad het, kan daar veralgemeen word deur te sê dat egpare gemiddeld 9 kinders gehad het of dat groot huisgesinne die reël was.

Genealogie as geesteswetenskap streef net soos geskiedenis om nie morele lesse te leer aan die mensheid nie. Waar daar soms gepoog word om genealogiese en historiese "lesse" te propageer, is dit selde dat dit die ernstige historikus en genealoog wat daarby betrokke is; veel eerder is dit die politikus wat uit etnologiese en sosiale verskille wil voordeel trek.

n Genealogiese les, wat in 1947 deur n sosioloog aangebied was om kleurskeiding te regverdig, het gelui dat rassevermenging tussen wit en swart tot sekere disharmonieë lei; liggaamlik het dit n vatbaarheid vir longsiektes

17. E.H. Carr: What is History? p.62.

18. E.H. Carr: What is History? p.65.

getoon en geestelik n swakheid vir drankmisbruik en geslagtelike uitspattig-
hede.¹⁹ Die genealoog kan egter die sosioloog se bevindinge in twyfel trek
indien die resultate slegs op entiese en nie ook genealogiese navorsing be-
rus nie. n Sosioloog mag ook die vraag vra of daar nie n verband bestaan
tussen behuisingsprobleme en die genoemde disharmonieë nie.

Geskiedenis probeer nie voorspellings maak oor gebeure wat in die toekoms
sal of moet gebeur nie. Dieselfde geld vir genealogie wat sigself besig
hou as geestes-wetenskap met menslike gebeure wat in die verlede plaasgevind
het. Alleen in n geneties-biologiese sin kan genealogie voorspellings waag,
maar dan is die voorspelling natuurwetenskaplik van aard en nie net beperk
tot die mens as studieveld nie.

Die frekwensie van individuele gebeure in die verlede kan hoogstens lei tot
n beter begrip van die hede - n reël wat geld vir beide genealogie en ge-
skiedenis. As bv. aanvaar word dat die gemiddelde kindertal per huwelik in
Suid-Afrika in 1850 agt kinders per blanke gesin was, in 1950 vier; kan daar
nog nie voorspel word dat dit in 2050 nul of twee sal wees nie. Tendense,
gebaseer op die verskeie herhaling van gebeure wat uiterlik groot ooreenkoms
toon, bly steeds slegs tendense en altyd onderhewig aan verandering van tyds-
gees en omstandighede. Dieselfde geld ook vir wetenskappe soos ekonomie,
sosiologie en afdelings van die sielkunde.

Beide genealogie en geskiedenis gaan gebuk onder die las van subjektiwiteit -
subjek probeer om subjek objektief waar te neem. Daar is verskeie faktore
wat hierdie waarneming en beskrywing negatief beïnvloed. Die mens as sub-
jek en navorser is gebind aan sy eie persoonlikheid met sy eie tekortkominge
soos oneerlikheid, geneigdheid tot vervalsing of die weglating van detail
wat nadelig vir sy persoon of groep kan wees.

19. G. Cronje: Regverdige Rasse-Apartheid, pp. 86-87.

Die navorser is ook gebonde aan sy omgewing en tydsgees wat n meer subtiële gebondenheid is waarvan hy heel moontlik totaal onbewus van is.

Juis vanweë hierdie gebondenheid en betrokkenheid by die objek van waarneming, en in n sekere mate ook geestelike identifikasie met die objek, stel hierdie soort navorsing die hoogste eise aan die navorser se integriteit. Beide historikus en genealoog moet dus steeds poog om na objektiwiteit te strewe al sou daar insidente wees wat minder gunstig is vir die groep waartoe hy behoort, wat ook sy eie familie kan insluit. Von Ranke se bekende uitspraak - wie es eigentlich gewesen - moet as maatstaf geld vir beide genealoog en historikus.

Daar bestaan verdere belangrike ooreenkomste tussen genealogie en geskiedenis. Beide vra die vrae: wie of wat?; waar?, wanneer? Die historikus moet egter n addisionele vraag stel nl. waarom²⁰?

Juis die "waarom" vraag maak die geskiedeniswetenskap meer subjektief as die geesteswetenskap aangesien die eerste groep vrae - wie?, waar?, wanneer? - relatief maklik is om te beantwoord. Aangesien die historikus moet verklaar - die waarom verduidelik - en n logiese antwoord moet kan verskaf - is daar steeds ruimte vir n verskeidenheid interpretasies wat saamhang met die tydsgees. Aangesien die tydsgees voortdurend wissel, bly die vraagstelling aan die verlede nooit dieselfde nie.²¹

In die lig van bogenoemde is Louis Gottschalk se uitspraak van toepassing naamlik dat dit nie snaaks is dat historici so dikwels verskil nie, wel dat hulle so dikwels saamstem.²²

Wat godsdiens en moraliteit betref, maak beide geskiedenis en genealogie gebruik van gegewens wat spruit uit godsdiens en godsdienstige gebruike en die morele waardes van n tydperk. Sonder die kerke se huweliks- doop- en

20. Familia, No.1, 1971, p.4.

21. M.C. van Zyl: Oor Vertolkingsverskille in die Geskiedskrywing, p.5.

22. L. Gottschalk: Understanding History, pp. 9-10.

lidmaatregisters sou die Suid-Afrikaanse genealoog weinig studiemateriaal hê.

Die historikus en genealoog moet op hoogte wees van kerklike gebruike en die belangrike rol wat godsdiens en godsdienstige groepe in die lewe van n volk gespeel het. In Suid-Afrika het die Hugenote n belangrike rol gespeel om n meer permanente nedersetting aan die Kaap moontlik te maak. Ook het die kerke die middelpunt van die Afrikaner se gemeenskapslewe gevorm tydens die Groot Trek en dekades daarna en het die kerk die vernaamste beskawingsfaktor gewees. Dit is egter waar die verwantskap tussen genealogie en geskiedenis aan die een kant, en godsdiens en moraliteit aan die ander kant, eindig.

Geskiedenis en genealogie weerhou hulle van oordele oor godsdiens en moraliteit. In hierdie verband noem Carr die uitspraak van Knowles: "Die historikus is nie n regter nie, nog minder n skerpregher"²³. Dieselfde uitspraak geld vir die genealoog. Of n geboorte n gevolg is van liefde, geweldpleging, familie of sosiale druk, is nie ter sprake nie.²⁴

In die lig van die vorige, word die volgende standpunte opsommenderwys gestel:

1. Genealogie is n wetenskap wat sigself ten doel stel om afstamming en verwantskap logies te orden en op te teken.
2. As hulpwetenskap het genealogie waarde vir beide natuurwetenskappe en geesteswetenskappe.
3. Daar bestaan n besondere nou verwantskap tussen genealogie en geskiedenis waarin albei mekaar as hulpwetenskappe benodig.
4. In die wydste sin van familiegeskiedenis kan genealogie as n vertakking van die geskiedskrywing beskou word.

23. E.H. Carr: What is History, P.77

24. Familia: No.1, 1971. p.2.

HOOFSTUK 2.

GENEALOGIE EN ENKELE ASPEKTE VAN AFRIKANERGESKIEDSKRYWING.

Genealogie het tot dusver geen geringe rol in die Afrikanergeskiedskrywing gespeel nie. Een van die eerste Afrikanerhistorici, G.S. Preller, het reeds die genealogie betrek in sy geskiedskrywing, en op grond van genealogiese gegewens afleidings gemaak in sy boek oor Piet Retief.

Preller het ten aanvang in sy boek Piet Retief n genealogie van Piet Retief gepubliseer wat o.a. n afskrif van sy doopseel insluit. Uit hierdie genealogiese gegewens het hy dan ten regte of onregte afgelei dat 1. Retief se ouers welgesteld was en 2. N.a.v. sy huwelik wat eers op 34 jarige leeftyd voltrek was, dat Retief blootgestel was aan "buitengewone lewensomstandighede" ¹. Genealogies kan dit aanvaar word dat dit ongewoon was om op 34 jarige leeftyd in die huwelik te tree; daar is egter geen grond vir n argument dat dit noodwendig aan "buitengewone lewensomstandighede" toegeskryf kan word nie, veral as dit nie verder omskryf word nie.

Met inagneming van die tydvak waarin Preller geleef het en hierdie betrokke werk voltooi het - kort na die Anglo-Boere-oorlog - kan dit verstaan word dat Preller as Afrikaner n pre-okkupasie mag hê met die Afrikanervolk en sy herkoms. Preller het dan ook Retief se karakter as in ooreenstemming met die temperament van die vegtende Hollander of Fransman gesien. Of hierdie n letterlike of figuurlike projeksie was, is van minder belang as die volgende aanhaling bestudeer word: "Uit voorgaande genealogie blyk reeds dat Retief in die eerste geslag tot aan sy Suid-Afrikaanse stamvader weerskante uit Hugenate ouers spruit; Hollandse bloed word egter reeds met die Marais, en later met die Jouberts van moederskant, bygebring. Sodat daar in hom verenig was iets van die Hollandse voorvaders, wat

1. G.S. Preller: Piet Retief, pp. 2-3.

Alva se juk afgewentel, en van die Franse, wat onder Condé vir hul oortuiging gestry het!"² Dit is duidelik dat Preller veel waarde geheg het aan afkoms en bepaalde eienskappe toeskryf aan n spesifieke volksgroep.

Dr. J.L.M. Franken het ook oor Piet Retief geskryf en die eerste twee hoofstukke gewy aan Retief se herkoms in sy eners getitelde Piet Retief.

Franken het n geordende genealogiese tabel ingesluit om Retief se afkoms te illustreer. Franken was meer objektief as Preller en het slegs gemeld dat Retief van suiwer Franse afkoms was en dat daar geen vermenging met Germaanse bloed plaasgevind het nie.³ Hierdie bevinding deur Franken, wat veel meer werklike argiefnavorsing gedoen het, was korrek en was teenstrydig met Preller se stelling dat Retief Hollandse voorvaders gehad het. Franken se genealogiese tabel was ook volledig terwyl Preller slegs die manlike linie behandel het en slegs verwys het na die vroulike linie.

Franken het die interessante geval genoem dat Piet Retief en sy suster Debora gesamentlik in Mei 1781 gedoop was hoewel hulle onderskeidelik in 1880 en 1879 gebore was.⁴ Hy het dit toegeskryf aan n rusie wat daar tussen die ouers en die predikant, Ds. van der Spuy, bestaan het, en die vader Retief nie sy kinders deur die predikant wou laat doop nie. Hier is dus n goeie voorbeeld van n genealogiese probleem wat deur geskiedenis opgelos word; andersyds n historiese feit wat deur genealogiese gegewens bewysplaas vind.

Franken se eerste twee hoofstukke oor die ouers en grootouers van Piet Retief is wel genealogie, maar dan wel in die breë sin, en is dan ook wesenlik n familiegeskiedenis. Vir beide genealoog en historikus is hierdie hoofstukke dan ook van ewe veel waarde.

2. G.S. Preller: Piet Retief, pp. 4-5

3. J.L.M. Franken: Piet Retief, p.12.

4. J.L.M. Franken: Piet Retief, p.41.

As in ag geneem word dat beide Preller en Franken n biografie geskryf het oor Retief, moet dit aanvaar word dat dit oor die individu in die eerste plek handel. Dit is dan vanselfsprekend dat n genealogiese tabel of herkomsbeskrywing ingesluit sou wees. Dieselfde geld dan ook vir die historiese outobiografie waar dit van die skrywer verwag word om genealogiese gegewens betreffende homself te verskaf.

Om oor die Afrikaner te kan skryf, of vanuit n Afrikanerstandpunt te skryf, vereis n kennis van wat die Afrikaner is. Hierdie kennis is meer toegespits op die kulturele bou en afkoms eerder as die biologiesgenetiese samestelling van die Afrikaner.

Reeds in 1902 het die Hollandse geleerde, H. Colenbrander, hom met genoemde probleem bemoei. Hy het sy resultaat van sy navorsing in De Afkomst der Boeren gepubliseer. Onder die term "Boeren" het hy verstaan die Hollandsprekende blanke inwoners van Suider-Afrika. Colenbrander het tot die gevolgtrekking gekom dat 53% van die Boere se stamvaders Hollanders was; 27% was Duitsers en 17% Franse.⁵

Na Colenbrander het verskeie ander persone hierdie "herkoms-vraag" nagegaan, o.a. Preller, Moritz, Werner Schmidt, Theal Malherbe en Don Smits.⁶ Bogenoemde groep navorsers het staatgemaak op die navorsing van Colenbrander, wat op sy beurt weer op die uitgebreide en monumentale werk van C.G. de Villiers se Geslacht Register der oude Kaapsche Familien berus het. Hierdie werk, in drie lande was egter nie foutloos nie en sou tot foutiewe interpretasies kon lei.

In 1958 het Prof. F.A. van Jaarsveld uit Colenbrander se statistiek aangehaal

5. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, p.1.

6. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, p.1.

om die "versmelting" of vorming van die Afrikaner aan te toon. Met die Nederlandse bydrae van 50%, was dit dus verstaanbaar dat die Nederlandse element oorheersend was. Die Nederlandse taal sou ook mettertyd vervorm om later as "Cape Dutch" en nog later as "Afrikaans" bekend te staan.⁷

Wat belangrik is, is Van Jaarsveld se uitspraak dat dit "n sosiale band ("was") wat die heterogene elemente nouer verenig het".⁸ Hierdie uitspraak van Van Jaarsveld verdien verdere aandag.

Geneties - Biologies is dit duidelik dat die Nederlandse invloed by die vorming van die Afrikaner-identiteit dominant moet wees as Colenbrander se 50% aanvaar word. Die relatief groot persentasie Duitsers wat ver-"hollands" het, kan toegeskryf word aan die feit dat Nederlands as ampstaal deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie en die tekort aan Duitssprekende vroue aan die Kaap.⁹ n Verdere faktor in die guns van die Nederlanders was die feit dat daar minder verskille was tussen Nederlands en die Duits van die 17de eeu as in die 20ste eeu.¹⁰

Gedurende die bewindstydperk van Simon van der Stel was daar ook instruksies uitgereik dat vrybriewe alleen gegee mag word aan Nederlanders en Duitsers van die Hervormde geloof waarvan Nederlands vir alle praktiewe doeleindes die ampstaal was.¹¹ Tot 1780 was die Gereformeerde Kerk ook die enigste kerk wat toegelaat was aan die Kaap.¹²

In die eerste hoofstuk is daar reeds verwys na Dr. J.A. Heese se nuwe bevindinge ten opsigte van die genealogiese samestelling van die Afrikaner, gerugsteen deur Dr. M.C. Botha se genetiese navorsingsbevindinge.

7. F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewus-syn, p.15.
8. F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewus-syn, p.15.
9. H.T. Colenbrander: Der Afkomst der Boeren, p.113.
10. D.B. Bosman: Oor die ontstaan van Afrikaans, p.26.
11. D.B. Bosman: Oor die ontstaan van Afrikaans, p.27
12. D.F. du Toit Malherbe: Driehonderd Jaar Nasiebou, p.xxiii.

Juis bogenoemde bevindinge verleen meer gewig aan Prof. van Jaarsveld se argument dat dit n sosiale band was wat die Afrikaneridentiteit gevorm het, eerder as n genetiese eendersheid, aangesien die Hollandse invloed nie 50% was nie, maar veel minder. Ten spyte van die feit dat die Nederlandse stamvaders kwalik meer as een uit elke drie was, het daar suksesvolle assimilasië plaasgevind waarby die Nederlandse element die minste aanpassing moes maak. Die vier nie-blanke voorouers van die Afrikaner in die tydperk 1657-1807, uit n totaal van 66,¹³ getuig van suksesvolle assimilasië en n kultuurwins vir die Nederlandse element ten spyte van die feit dat die nie-blankes biologies - geneties "vreemd" was. Na aanleiding van hierdie kultuurassimilasië het Prof. I.D. du Plessis¹⁴ al die vraag gevra of die Maleiers nie as Afrikaners beskou kan word nie.

Met die stigting van die nedersetting aan die Kaap was daar aanvanklik nie ernstige gevoelens ten opsigte van kleur nie. Nie-blankes wat die Christelike geloof aangeneem het, het dieselfde regte en voorregte as die blankes geniet.¹⁵

Volgens Prof. Pelzer was daar egter reeds so vroeg as 1678 n kleurgevoel aanwesig aan die Kaap en het kommissaris van Rhee de in 1685 huwelike tussen blanke mans en vrygestelde slavinne verbied. Om die stelling te staaf, noem hy dan die huwelik tussen Pieter Meerhof en Eva, die Hottentottin, wat na haar man se dood so versleg het dat sy van haar kinders moes afstand doen. Insidente soos hierdie sou tot die besef lei van die onoorbrugbare kulturele en waardeverskille tussen blank en nie-blank en die onwenslikheid dus ook van gemengde huwelike.¹⁶

13. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, pp. 63-66.

14. P. de V. Pienaar: (Red.) Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p.80.

15. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, p.19.

16. G. Cronje: (Red.) Die Westerse Kultuur in S.A., p.135.

Ten opsigte van die vorige moet egter gemeld word dat die huwelik tussen Meerhof en Eva die enigste huwelik was tussen blanke en Hottentot wat in die 17de eeu plaasgevind het en waar die kinders in die blanke gemeenskap aanvaar was; die ander gemengde huwelike was tussen blankes en slavinne uit die Ooste wat kultureel ver bo die Hottentot uitgestyg het.

In die geval van Eva se kinders, was hulle suksesvol in die blanke gemeenskap opgeneem en is die stamouers van verskeie vooraanstaande families in die huidige Afrikanersamelewing. Ten spyte van Van Rhee se bepaling van 1685, het verskeie huwelike tussen blankes en nie-blankes (van volle kleur) voortgeduur tot 1775.¹⁷

Vanaf die einde van die 18de eeu het daar egter n besliste kleurgevoel ontstaan en het huwelike oor die kleurgrens drasties afgeneem - gedurende die tydperk 1778 - 1807 was die gekleurde element in die genealogiese samestelling van die Afrikaner 13,6%; in die tydperk 1808 - 1837 slegs 6,9%.¹⁸

Hierdie verwyderingsproses kan moontlik toegeskryf word aan die fisiese verskille tussen die blanke en Hottentot (tussen wie daar meer kontak met die slaaf was as tussen slaaf en blanke); die baas - kneg verhouding wat daar tussen blank en nie-blank bestaan het en die godsdienstige beskouing van Christen teenoor heiden waarmee aanvaar was dat alle blankes christene was en alle Hottentotte heidene.¹⁹ Veral die Ou Testamentiese verbod teen kontak tussen gelowige en heiden het die verwyderingsproses versnel, veral aangesien die Afrikaner vas geglo het dat die gekleurde rasse die nakomelinge van Gam was en gedoem was tot slawerny.²⁰

Die Tweede Britse Besetting van 1806 het n nuwe tydvak vir die Afrikaner laat aanbreek. Vir die eerste keer het die Afrikaners te doen gekry met liberale Europese idees t.o.v. sosiale gelykstelling met die onbeskaafde

17. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, pp. 102-130.

18. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, p.51.

19. G. Cronje (Red.): Die Westerse Kultuur in S.A., pp. 136-137.

20. G.D. Scholtz: Die Politieke Ontwikkeling vd. Afrikaner, Deel II, p.209.

nie-blankes; n gedagte wat vir die Afrikaners teologies totaal vreemd was. Om die basiese standpunt van die liberaal georiënteerde Advertiser en Dr. Philip te opponeer is De Zuid Afrikaan in 1830 gestig.²¹ De Zuid Afrikaan het die spreekbuis geword vir die Afrikanerstandpunt; meer nog, die Afrikaner was nou verplig om te besin oor sy standpunt en plek onder die nuwe Britse bewind. Die tydperk na 1806 kan dus beskou word as die formulerings-tydperk van die Afrikanergedagte en het die Afrikaner se besondere historiese siening ontstaan. Voortaan sou geskiedenis vir die Afrikaner n blanke geskiedenis wees met die blanke as uitgangspunt; die kleurling wat vroeër wel in die blanke samelewing opgeneem was, het uit die geskiedenis verdwyn. Die verhouding tussen Afrikaner en Brit en sendeling sou ook afhang van laasgenoemdes se siening van blank - nie-blanke verhoudings. Indien die sienswyse van die nie-Afrikaners ooreengestem het met die algemene beskouings van die Afrikaners, was hulle aanvaar. Indien nie, was hulle verwerp as vreemde elemente wat die ondergang van die Afrikaner gesoek het.

Die Afrikaner het hom in sy geskiedenisbeskrywing dus hoofsaaklik bepaal by onderwerpe wat vir die Afrikaner van belang was, o.a. Slagtersnek, die Groot Trek, Bloedrivier, die opkoms van die Boere republieke en die Anglo-Boere Oorlog en die Rebellie van 1914. Bogenoemde was "Afrikaner" - onderwerpe wat tot die Afrikaner gespreek het - onderwerpe wat meer betrekking het op die Engelssprekende blanke en gekleurde bevolking, het die Afrikaner-historikus nie geïnteresseer nie. So toon die aangegewe bibliografie van Cronje oor die onderwerp Die Voortrekker- en Boererepublieke aan dat van die 78 titels, 67 deur Afrikaners of Hollanders geskryf is. Oor die onderwerp Die Unie van Suid-Afrika is daar 68 geskryfte deur Engelssprekende historici en slegs 52 titels deur Afrikaner-historici aangeteken.²²

Die Afrikaner se bemoeienis met die "Afrikaner"- geskiedenis was hoofsaaklik

21. G.D. Scholtz: Die Politieke Ontwikkeling vd. Afrikaner, Deel II, p.218.
22. G. Cronje: Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie, pp. 12-18.

toe te skryf aan sy identifikasie met sy taalgenote. Aanvanklik was hierdie bemoeienis egter ook genealogies georiënteer aangesien sovele gesinne deur bloedbande gekoppel was. Die Slagtersnek insident van 1815 was aanvanklik deur die Afrikanerhistorici gesien as 'n logiese uitvloeisel van die rewolusionêre gees wat op Graaff Reinet onder die burgers geheers het tussen 1795 en 1800. Die gevoel van die burgers was voorts ook anti-Brits en anti-Hottentot - na aanleiding van die burgers se ervaring van die Eerste Britse Bewind.²³ Hierdie antipatie spruit uit 'n breë genealogiese konsep, nl. die Afrikaner se nie-verwantskap aan die Hottentot en Brit.

Hierdie breër band wat die rebelle sou gebind het, sou hulle as Afrikaners verenig en was vir geslagte lank deur Afrikanerhistorici as helde voorgestel aan hulle mede-Afrikaners.²⁴

Genealogiese navorsing het egter getoon dat die oorsaaklike figuur vir die insident, Freek Bezuidenhout, 'n nie-blanke "vrou" gehad het by wie hy kinders gehad het.²⁵ Vanweë Bezuidenhout se "nie-Afrikaner" gedrag, moes daar ander bande as die van kultuurverband wees wat die groep gebind het. 'n Oplossing is onlangs aan die hand gedoen deur te verwys na die familiebande wat die groep gebind het.²⁶

Die geskiedenis van die Groot Trek en die eventuele Boerenedersettings in die binneland van Suid-Afrika, kan nie geskryf word as daar nie van genealogiese bronne gebruik gemaak word nie.

Van Boerekant was daar slegs enkele dagboeke gehou en die historikus het relatief min argivale materiaal oor die Voortrekkers se provisionele staatsvorms om op te steun. Die historikus kan egter met vrug gebruik maak van die genealogiese rekords van die kerk,- doop en trouerekords, - wat streng deur die Voortrekkers gehou was en wat die plek van geboorte, ouerpaar en

23. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling vd. Politieke Denke v.d. Afrikaner II. p.231.

24. J.A. Heese: Slagtersnek en sy Mense, pp. 202 - 208.

25. J.A. Heese: Slagtersnek en sy Mense, pp. 58 - 59.

26. J.A. Heese: Slagtersnek en sy Mense, p. 72.

plek van tuiste aandui. Hiervolgens kan bevolkingsmigrasies akkuraat aangedui word. Nie alleen kan n trekroete aangedui word nie, maar ook die tydperk wat op plekke vertoef was. Die bevolkingsdigtheid kan ook bepaal word deur die doop- en troufrekwensie vas te stel. Ook kan die omvang van siekte-epidemies bepaal word volgens die aantal sterftekennisse.

Dit is veral ten opsigte van volkskunde of sosiale of kultuurgeskiedenis waar genealogiese bronne by uitstek lig werp op heersende faktore wat betref die gemiddelde trou - ouderdomme, omvang van geletterdheid en die algemene trougebruike; siviel sowel as kerklik. So meld Prof. Thom dan ook t.o.v. Gert Maritz se huwelik: "Hy was immers ook al 23 jaar, sodat hy reeds langer as baie ander jong mans van sy tyd gewag het."²⁷ Ten opsigte van sy bruid, meld hy dat sy vyftien jaar oud was. Om hierdie uitspraak te kon maak, moes Thom noodwendig n studie maak van genealogiese bronne en sosiale gebruike uit die betrokke tydperk. Gegewens oor Maritz se materiële welvaart, het hy uit die opgaafrolle verkry; n belangrike genealogiese bron wat los staan van kerklike bronne.

Doop- en trourekords gee nie net die reeds genoemde gegewens wat hoofsaaklik statisties van aard is nie; die doop- en trourekords gee ook n beeld van polities - kulturele strominge onder gemeenskappe.

Kerklidmaatskap was gewoonlik gekoppel aan n sekere polities - kulturele groep wat gewissel het tussen konserwatief en méér konserwatief onder die Voortrekkers en Boere. So is Gert Andries Jacobus Alberts, die Dorslandtrekker, se doop op 17/5/1836 in die Nederduits Gereformeerde Kerkrekords op Cradock opgeteken; sy tweede huwelik met Petronella Francina le Grange op 14/12/1879 opgeteken in die trouboek van die Reisende Gereformeerde Gemeente in die Kaokoveld in S.W.A. en is hy begrawe uit die Hervormde Kerk te Palanca in Angola waar hy op 21/4/1925 oorlede is.²⁸

27. H.B. Thom: Gert Maritz, pp. 8 - 9.

28. Familia: Jaargang 10, no. 2.

Hierdie verandering van kerkverband het gepaard gegaan met ernstige verdeeldheid en konflik en het in Angola gelei tot n breuk met die moederkerk in Suid-Afrika nadat Gert Alberts en van sy vriende die Hervormde Kerk gestig het.²⁹ Die grondoorsaak vir die skeuring het berus op botsende rassebeskouings.

Die voorvermelde probleem was veroorsaak deur die optrede van Ds. Pasch wat, hoewel hy aparte geleenthede en in aparte kerke, hy nagmaal aan beide blank en nie-blank wou bedien. Volgens die lidmate wat later Hervormd geraak het, moes elke rassegroep, sy eie leraar hê - indien één leraar beide blank en nie-blank sou bedien, sou dit tot assimilasië lei.³⁰

Hierdie vrees vir assimilasië en integrasië tussen blank en nie-blank het nie net berus op die Ou Testamentiese verbod op omgang met die heidene (d.i. Bantoe en Hottentot volgens die 19de eeuse Afrikanersiening) nie.

Dit is betekenisvol dat Dr. Van der Kemp, een van die eerste sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, sowel as Read en Schmelen, met inheemse, gekleurde vroue getroud was.³¹ Dit het by die Afrikaners n dubbele afkeer teenoor Van der Kemp en die Londense Sendinggenootskap laat ontstaan;

1. Teologies was dit vir die Afrikaner onaanneemlik dat Christen met heiden assosieer op grond van hulle sterk Ou Testamentiese geloofsoortuiging.
2. Die betrokke huwelike, as genealogiese gegewens, tussen blank en inheemse gekleurd, het ingedruis teen die bestaande sosiale orde onder die Afrikaners aangesien daar toe reeds n sterk kleurgevoel bestaan het.

Hierdeur het n besliste antipatie teenoor Van der Kemp ontstaan wat uitgering het om die Londense Sendinggenootskap in te sluit. Hierdie antipatie was versterk deur Van der Kemp se ampsgenoot, Read, se anti-blanke gevoel teenoor die blanke grensbewoners. Propaganda wat Read teen die Afrikaners

29. P.J. v.d. Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp. 22 - 35.

30. Notule Geref. Kerk 6/4/1908, H^umpata, G.A.P.

31. E. Strassberger: The Rhenish Mission Society, p.5.

gemaak het, en wat die oor gehad het van die filantropiese kringe in Brittanje, het gelei tot die reeds berugte verhore wat algemeen bekend geword het as die "swarte ommevang".³² Hierdie gebeure het bygedra om die filosofies-teologiese beskouing van die Afrikaner n anti-Britse kleur te gee.

Die Afrikaner was basies nie teen sendingwerk gekant nie. Van Riebeeck het reeds die opinie uitgespreek dat die inboorlinge Hollands geleer moes word, ook met die oog op kerstening.³³ Volgens Prof. Van Jaarsveld was daar reeds in 1703 n poging van die Hollandse Kerk om met sendingwerk onder die Hottentotte in Drakenstein te begin.³⁴ In 1737 het die Morawiese sendeling, Georg Schmidt, dan ook sy sendingwerk op Genadendal begin met die goedkeuring van die Kompanjie.

Ten spyte van aanvanklike vyandigheid van die "Hollandse" kerk, het die Morawiese sendingwerk hoë aansien onder die Kaapse burgers geniet.³⁵ Een van die faktore wat hiertoe bygedra het, was die Morawiërs se uitgangspunt om ook heelwat klem te lê op die aanleer van sekere vaardighede en burgerlike vlyt wat die Hottentotte tot n ekonomiese selfstandige groep kon laat ontwikkel. Dit was in streng kontras met die Londense Sendinggenootskap se uitgangspunt. Hieroor het Strassberger geskryf, n.a.v. wat deur vroeëre waarnemers van veral Bethelsdorp bevestig was: "The heathen were taught no handicraft, they were just baptized and knew very little."³⁶

In die Transvaal het die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk in die 1860's met sendingwerk begin en teenstand ontvang van die burgers - heel moontlik a.g.v. die Voortrekkers se kontak met die Londense Sendinggenootskap, en by name Dr. Philip, Read en Van der Kemp.

Dat hierdie gevoel net tydelik was, kan afgelei word van die feit dat die

32. C.F.J. Muller: Vyf honderd Jaar S.A. Geskiedenis, p. 113.

33. F.A. van Jaarsveld: The Afrikaner's Interpretation of S.A. History, p.6.

34. E. Strassberger: The Rhenish Mission Society in S.A. p.2.

35. E. Strassberger: The Rhenish Mission Society in S.A., pp. 3-4.

36. E. Strassberger: The Rhenish Mission Society in S.A., p.13.

Duitse sendelinge nie net toegelaat was in die Transvaal nie, maar ook uitgenooi was om n aanvang daar te maak met sendingwerk. Daar was egter ook by die Afrikaner die geloof dat die Duitse sendelinge die natuurlike geleer het om te werk en die blanke te respekteer.³⁷

Prof. van Jaarsveld meld ook dat President Kruger en Ds. S.J. du Toit n brief aan die Aborigine's Protection Society geskryf het in 1884 waarin hulle o.a. gemeld het dat daar geen kinders van gemengde bloed in die gebied was nie. Daardeur wou hulle aantoon dat die Bantogroepe in die Transvaal goed behandel was deur die blankes wat nie misbruik gemaak het van die vroue soos in ander gebiede nie.³⁸ By implikasie het hulle dan ook bedoel dat die blanke sy rassesuiverheid behou het en het genealogiese gegewens gebruik om n sosiaal-politiese situasie te verduidelik.

Prof. Thom het ook die binnelandse burgers as rasegte Afrikaners beskryf³⁹ wat bekommerd was oor hulle suiwer "voortbestaan". Daarmee het Thom dan heel moontlik bedoel dat die binnelandse burgers van suiwer blanke afkoms was. In die lig van die reeds vermelde feite, is hierdie uitspraak dus nie korrek nie.

Prof. Thom het egter heelwat genealogiese navorsing moes doen ten opsigte van sy biografie oor Gert Maritz. Behalwe die inleiding, wat soos Franken en Preller se biografië oor Retief afkoms behandel, het Thom ook deur middel van genealogiese navorsing kon toon watter rol familieverbintenis gespeel het by die samestelling van die Maritz - trekgeselskap.⁴⁰

Prof. Thom het ook n afskrif van n huweliksertifikaat wat deur Maritz uitgereik was, in sy boek ingesluit. Veral vanweë die familieverwantskappe wat daar tussen baie groepe trekkers onderling bestaan het, was daar veral

37. F.A. van Jaarsveld: The Afrikaner's Interpretation of S.A. History, p.17

38. F.A. van Jaarsveld: The Afrikaner's Interpretation of S.A. History, p.18

39. H.B. Thom: Die Lewe van Gert Maritz, p.52.

40. H.B. Thom: Die Lewe van Gert Maritz, pp. 94 - 95.

gewaak teen ondertrouery. Volgens die ingeslote afskrif van Thom moes die bruid en bruidegom elkeen antwoord op die vraag: "Bestaat gy malkander in de Bloede?"⁴¹ Hierdie vraag - een van drie - het heel moontlik n Ou Testamentiese oorsprong. (Levitikus 18 en 20.)

Professor van Jaarsveld het dan ook verskeie kere verwys na die rol wat bloedbande in n breër sin gespeel het in die Afrikaner se geskiedenis en die ontwikkeling van die Afrikaner se nasionale bewussyn.⁴²

Uit De Express van 1886 het Van Jaarsveld as volg aangehaal: "Broeders, dink aan die kosbare bloed wat deur ons voorvaders gestort is."⁴³ In hierdie verband, word blanke bloed bedoel, veral as daar verwys word na die moord op Piet Retief. Hoewel historici almal die feit noem dat daar nie-blanke agterryers saam met Retief vermoor was, word l.g. feit gewoonlik vanaf die openbare verhoog verswyg en word dit gestel dat Suid-Afrika net met "blanke" bloed gekoop is.

Verder haal Van Jaarsveld aan uit Die Transvaler van 13 Julie 1961 om aan te toon dat die basiese beskouing van die Afrikaner sedert 1886 nog nie verdwyn het nie; die Afrikaner wat die Bybel as rigsnoer in die lewe aanvaar het, het tussen die geskiedenis van sy volk en dié van Israel nog steeds n aansienlike mate van ooreenkoms gesien Die volk van Israel beroep hom op die Ou Testament waarom hy nie met ander volke wil vermeng nie; die Afrikaner doen dit ook.⁴⁴ Die skrywer het egter nie gemeld dat daar ook swart Jode is nie, soos o.a. die Falasha Jode van Ethiopië.⁴⁵

Met die Afrikaner se tradisionele konsep van die term "Afrikaner" is die moontlikheid van n swart Afrikaner tans ondenkbaar, hoewel die vraag al gevra is of daar nie van bruin Afrikaners gepraat kan word nie.⁴⁶

41. H.B. Thom: Die Lewe van Gert Maritz, pp. 115 - 116.

42. F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking v.d. Afrikaanse Nasionale Bewussyn, pp. 86, 134, 161.

43. F.A. van Jaarsveld: The Afrikaner's Interpretation of S.A. History, p.36.

44. F.J. van Jaarsveld: Lewende Verlede, p. 240.

45. Time, Voorbladartikel, 10/4/1972.

46. P.de V. Pienaar: (Red.) Kultuurgeskiedenis v.d. Afrikaner, p.80.

Opsommenderwys word die volgende stellings gemaak:

1. Die Afrikaner het ontstaan uit vermenging tussen hoofsaaklik Nederlanders, Duitsers, Franse en ander nasies wat ook nie-blanke slawe, hoofsaaklik uit die Ooste, insluit.
 2. Genealogiese gegewens dui daarop dat daar geen kleurdiskriminasie tussen blanke en gekerstende slaaf in die 17de eeu bestaan het nie.
 3. Teen die einde van die 18de eeu het daar 'n kleurbewustheid in die Kaap ontstaan. Dit kan afgelei word van die skielike afname in blank met nie-blanke huwelike.
 4. Die afname in die aantal gemengde huwelike kan onder andere toegeskryf word aan die Ou Testamentiese beskouing wat huwelike tussen gelowige en ongelowige verbied het. Hierdie beskouing het veld gewen weens die toenemende assosiasie van blankes wat almal gelowiges was en nie-blankes (Hottentotte en Bantoe) as ongelowiges. Vanweë die kleurassosiasie - swart en bruin - is die Kleurling mettertyd met die ongelowige geassosieer.
 5. Vanweë die teologies-sosiale beskouing van die Afrikaner ten opsigte van die nie-blanke dat hy 'n afstammeling van Gam was, en dus die "ewige slaaf", het daar 'n botsing van standpunte met die Europese denkrigtings ontstaan.
 6. Konflikte wat vir die Afrikanerhistorikus uitgestaan het, het hulle oorsprong in die teologies-sosiale verskille tussen Afrikaner en nie-Afrikaner, bv. die Groot Trek, die twee Vryheidsoorloë van die Afrikanerrepublieke, die Rebelle en Afrikaneridentiteit.
-

HOOFSTUK 3.

DIE BOERE IN ANGOLA 1881 - 1928; 'N STUDIE VAN BESTAANDE LITERATUUR
IN S.A.

Die eerste uitvoerige verslag oor die Angola Boere is reeds in 1881 in Kaapstad gepubliseer in die Cape Quarterly Review na aanleiding van n verslag deur William Jordan.¹

Die verslag beslaan 30 bladsye en handel hoofsaaklik oor die trek deur die Kalahari en die groot lewensverliese wat gely was. Die roete wat deur die eerste twee trekgroepe gevolg was, was ook duidelik aangetoon en is tot op die huidige die enigste kaart wat die volledige roete vanaf Pretoria - Rustenburg tot by die Kunene aantoon.

Die waarde van die artikel word verder verhoog deur die invoeging van dokumente wat in besit was van die trekkers; o.a. n vertaalde weergawe van die trekregulasies en korrespondensie tussen die Boere en nie-blanke hoofde deur wie se gebied hulle getrek het. Hierdie korrespondensie werp ook heelwat lig op die diplomatieke verhoudings tussen die Boere en nie-blanke groepe waarmee hulle te doen gekry het.

Hoewel Jordan die verslag reeds na Kaapstad versend het voordat die Boere hulle te Huila in Angola gevestig het, het die redakteur reeds die feit van hulle vestiging gemeld na aanleiding van berigte wat in Kaapse koerante verskyn het.²

Die eerste uitvoerige beskrywing van die aankoms en vestiging van die Boere te Huila het in n Portugese tydskrif verskyn in 1881 en is later woordeliks vertaal en in Ds. Postma se boek opgeneem. Aangesien Portugese tydskrifte, boeke en berigte uit die tydperk 1881-1928 vir die Afrikanerhistorikus ontoeganklik is vanweë die taalprobleem, word gepubliseerde materiaal dus beperk tot Afrikaanse, Engelse en Hollandse publikasies uit hierdie tydperk.

1. W.W. Jordan; Journal of the Trek Boers, Cape Quarterly Review, Vol. I 1881, pp145-175
2. W.W. Jordan: Journal of the Trek Boers, Cape Quarterly Review, Vo.1,p.167.

Die volgende publikasie wat oor die Boere gehandel het, was die reisbeskrywing van Daniel Veth wat deur sy vader gepubliseer is in 1887 na sy seun se dood in Angola, nadat hy noue kontak met die Boere te Huila gehad het.

Veth het as Hollander die sosiale gebruike van die Boere beskrywe, veral waar daar groot sosiale en kulturele verskille bestaan het tussen die Boere en Hollanders van daardie tyd.

Behalwe Veth se opmerkings oor die Boere se kulturele en sosiale lewe, het hy ook dertien bladsye gewy aan suiwer historiese beskrywing.³ Veth het ook 'n lys gepubliseer van die aantal Boere wat einde 1880 op Huila aangekom het, sowel as hulle besittings.⁴ Veth se lys stem in alle opsigte ooreen met die lys wat in die Cape Quarterly Review verskyn het.⁵ Hierdie syfers kan dus beskou word as 'n soort sensusopname wat deur die Boere gemaak was.

'n Belangrike aspek vir die historikus is Veth se insluiting van 'n kaart van Suid-Angola wat o.a. die Boere se transportroete vanaf Mossamedes na Huila volledig aantoon en die enigste akkurate en gepubliseerde kaart is hiervan tot op die huidige. Hierdie kaart kan op die rekening van Dr. Veth geplaas word wat op daardie stadium oud-hoogleraar en ere-voorsitter was van die Nederlandse Aardrykskundige Genootskap.

As oorsaak vir die trek uit die Transvaal het Veth genoem dat die Boere moontlik deur President Burgers se liberale maatreëls gemotiveer was om weg te trek; die "trekgeest" was egter ook altyd aanwesig.⁶

Die mees omvattende werk oor die Angola Boere het in 1897 verskyn onder die redaksie van Ds. D. Postma getiteld De Trekboeren of Eenige Schetsen voor eene geschiedenis van De Trekboeren thans bekend onder den naam van De

3. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, pp. 286 - 299.

4. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, p. 297.

5. W.W. Jordan: Journal of the Trek Boers, Cape Quarterly Review, Volume 1, 1881, p. 167.

6. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, pp. 287 - 288.

Gereformeerde Gemeente te St. Januario Hoempata.

Postma het soos Veth voor hom, die Boere se trek uit die Transvaal toegeskryf aan die trekklus of trekgees van die Boere en Burgers se liberale houdings.⁷

Postma het hom ook vereenselwig met Dr. Kuyper van die Vrije Universiteit van Amsterdam wat die trek as n "macht door God gewekt" gesien het wat die toekoms van Afrika kon verander.⁸

Die trek uit Transvaal word uitvoerig beskryf en al die korrespondensie wat met die nie-blanke kapteins gevoer was, en wat gedeeltelik in Jordan se Journal of the Trek Boers opgeneem was, het onvertaald verskyn.

n Belangrike aspek van Ds. Postma se boek is die insluiting van kontemporêre kerkverslae wat in kerkblaaie verskyn het en lig werp op die maatskaplike toestande van die Boere. Dit was veral die Boere en die kerk se vrees vir assimilasië met die katolieke Portugese wat in hierdie verslae duidelik geblyk het. Postma het verskeie kere na die makvolk verwys - die nie-blankes wat die Boere uit die Transvaal vergesel het - o.a. na hulle geestelike behandeling. Hy het egter pertinent gemeld dat daar nie gepoog sou word om van hulle "heeren en juffrouwen" te maak nie; die kerk was oortuig dat elke volk en ras n bepaalde plek gehad het en dat die groep sy plek en plig moes ken.⁹

Voorts het Postma sy boek geïllustreer met foto's van verskeie persoonlikhede onder die Angola-Boere en illustrasies oorgeneem uit Veth se boek waarmee hy deeglik vertrouwd moes wees. Daniël Veth se Hollandse reisgenoot, Pieter van der Kellen, het ook n bydrae gelewer tot Postma se boek deur n artikel te skryf oor die geografie van Angola.

7. D. Postma: De Trekboeren, p.viii.

8. D. Postma: De Trekboeren, pp. viii en ix.

9. D. Postma: De Trekboeren, pp. 266 - 267.

Verdere aspekte wat breedvoerig beskryf is, is die onsuksesvolle stigting van die Republiek van Upingtonia en die Boere se militêre optrede in Bihé in 1890 onder leiding van Artur de Paiva. Postma se kerklike inslag word in sy slotparagraaf getoon. Dit is sy wens en bede dat die "Afrikaansche Nationaliteit" bestendig en die Hemelse Koninkryk uitgebrei mag word as gevolg van die verskyning van sy boek.

Weens die relatiewe onbekendheid van Veth se boek, was Postma se boek in S.A. beskou as die standaardwerk oor die Angola Boere se vestiging. Latere skrywers het dan ook vryelik van sy gegewens gebruik gemaak en gedeeltes oorgeneem; o.a. het W.A. de Klerk groot gedeeltes van Postma se beskrywing van die 1890 ekspedisie woordeliks oorgeneem in sy 'n Swerwer op die Sonpad.

Die volgende outeur wat die Dorslandtrek en Angola Boere beskryf het, was A.J. van der Walt in sy boek Noordwaarts wat in 1919 in Afrikaans verskyn het. Die boek is n "romantiese verhaal" soos die skrywer van die voorwoord, Jan Lion-Cachet, dit genoem het in 1909.

Die skrywer maak ten aanvang van sy boek n aantal stellings en sluit verskeie verklarings en dokumente in as byvoegsels. Van der Walt het beweer dat die trek toegeskryf kan word aan n begeerte om onder die Britse vlag uit te kom en die vrysinnige houding van President Burgers.¹⁰

Van der Walt haal ook n verklaring aan van Graphorn, oefenaar vir die makvolk te Caconda, dat na meer as 25 jaar, die Angola Boere hulle "onbevlek en onbesmet" bewaar het van vereenselwiging of verbastering met die Rooms Katolieke Portugese en hulle self as Afrikaners gehandhaaf het.¹¹ Hierdie uitspraak staan in teenstelling met die vroeëre uitspraak van Veth. Desondanks verwys Van der Walt na Veth se boek as die "vertroubaarste verhaal van die Dorsland-Trek."¹²

10. A.J. van der Walt: Noordwaarts, p.iii.

11. A.J. van der Walt: Noordwaarts, p.v.

12. A.J. van der Walt: Noordwaarts, p.183.

Veth het reeds in 1887 die geval genoem waar n Boeremeisie met n Katolieke man getroud was en hulle kinders in die katolieke kerk laat doop het. Ook was daar n Portugees met n Boeremeisie getroud en het die Portugees lidmaat geword van die Gereformeerde Kerk.¹³

In Noordwaarts het Graphorn ook beweer dat huwelike tussen Boeremeisies en Portugese tot die grootste uitsondering behoort, dat daar geen vermenging met Swartes bestaan nie, dat daar geen Boereman met n Portugese meisie getroud is nie en dat meer Portugese Hollands kan praat as wat Boere Portugees kan praat.¹⁴ Volgens hierdie inligting, as dit korrek sou wees, sou die kulturele invloed van die Boere besonder sterk moes wees.

In 1925 het die boek Dorsland-Trekkers van J.A. Coetzee, wat in 1924 onderwyser was vir die Boerekinders in Angola, verskyn. Hy gee n relaas van die trekke uit die Transvaal van 1874, 1877, 1893 en 1905 en verstrek ook redelik volledige lyste van trekkers.

Coetzee het hoofsaaklik van mondelinge getuienis gebruik gemaak wat hy in Angola opgeteken het. Hy vermeld ook waar persone op die trekke oorlede is en waar en wanneer huwelike bevestig is. Hierdie gegewens is kontroleer aangesien rekord gehou is van die huwelike op die trek.¹⁵

Dat die treklyste nie heeltemal korrek is nie, blyk uit die feit dat bv. Cornelis Engelbrecht sr., wat as lid van die trekgroep van 1905 aangegee is, reeds in 1903 n kind laat doop het in Angola.¹⁶ Hoewel Coetzee hoofsaaklik die verskeie trekke bespreek het, noem hy egter ook van die Boerenedersettings wat bestaan het by Caconda, Bihé, Mombolo, Casulo en die gewese Belgiese Kongo. (Zaïre).¹⁷ Hierdie stelling kan getoets word aan die hand van geneologiese gegewens wat uit Portugese registrasies (huwelike, geboortes en

13. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.228.

14. A.J. van der Walt: Noordwaarts, p.196.

15. Mikrofilm A84, S.A.W.

16. Dooprekords, G.A.P.

17. J.A. Coetzee: Dorsland Trekkers, p.50.

sterftes) verkry kan word.

In 1933 verskyn In die Woeste Weste van J.G. Prinsloo en J.G. Gauché wat hoofsaaklik n herhaling is van die gegewens wat reeds bekend was oor die Dorslandtrek en die vestiging op Humpata. Die skrywers gee egter die datum van aankoms van die Boere te Huila aan as Desember 1879 terwyl al die ander bronne 1880 aangee. Dat 1879 foutief is blyk uit die Gereformeerde trouerekords. Gert Alberts, wat een van die eerste aankomelinge op ~~He~~^umpata was,¹⁸ was op 14 Desember 1879 in die Kaakoveld getroud.¹⁹ Dit sou vir hom en die ander trekkers fisies onmoontlik wees om reeds in Desember 1879 op Huila te wees.

Jordan, die Kaapse Kleurling, word ook foutiewelik beskryf as n Sweed met n besondere mediese kennis.²⁰ Die boek is egter ryklik geïllustreer met foto's wat lig werp op die vervoermiddels, boustyl en modes van die Angola Boere.

In 1942 het weereens n boek deur J.A. Coetzee die lig gesien onder die titel Dorsland-Awontuur. Behalwe vir die voorwoord, inleidende hoofstuk, n kaart en foto's, bestaan die inhoud uit n fiktiewe avontuurverhaal en kan as n historiese roman beskou word - dit was dan ook die doel van die skrywer met hierdie boek.²¹

Coetzee herhaal verskeie reeds bekende feite in sy tweede boek maar voeg by dat die oorsaak vir die trek van 1893 moeilik te verklaar is en meld die moontlikheid van "nomadischen instincten" wat hy leen van De Volkstem van April 1891.²²

In 1943 verskyn Jagkonings van J. von Moltke. Hierdie werk handel hoofsaaklik oor jagters wat o.a. in Angola ook gejag het. Die enigste bydrae wat hierdie boek tot die geskiedeniswetenskap lewer is van kultuurhistoriese aard.

18. Boletim Official, Luanda, 23 September 1881.

19. Mikrofilm A84, S.A.W.

20. J.G. Prinsloo en J.G. Gauche: In die Woeste Weste, pp. 142-143

21. J.A. Coetzee: Dorsland Awontuur, p.10.

22. J.A. Coetzee: Dorsland Awontuur, p.8.

In 1951 verskyn Ons Halfeeu in Angola van P.J. van der Merwe, die eerste Afrikanerouteur oor Angola wat self daar gebore is. Hy verwys slegs kortliks na die Dorslandtrek en gee interessante gegewens oor die sosiale gebruike van die Boere. Hy beskryf ook die kerkskeuring van 1908 toe n groep lidmate van die Gereformeerde Kerk weggebreek het uit vrees dat daar gelykstelling met die makvolk in die kerk sou ontstaan.²³

Van der Merwe haal ook aan uit n persoonlike brief van die huweliksbeampte, Dr. J.F. van Rensburg, wat al die huwelike in Angola moes nagaan na die terugtrek van die Boere na S.W.A. in 1928. Hiervolgens sou daar "nie een enkele" gemengde huwelik (blank met nie-blank) onder die Afrikaners in Angola voorgekom het nie.²⁴

Van der Merwe het n aansienlike deel van sy boek (121 uit n totaal van 263 bladsye) aan die rol van die Boere in die krygsgeskiedenis van Angola afgestaan. n Verdere 45 bladsye word deur die treklys van 1928-1929 van die Boere wat van Angola na S.W.A. verhuis het, beslaan. Hierdie lys is veral van waarde vir die genealoog want dit bevat die voorletters en van van elke man, vrou en kind, hulle ouderdomme en hulle woonplek in Angola.

Volgens van der Merwe het die wankommunikasie tussen die Boere en Portugese, wat aanleiding gegee het tot die trek van 1929, berus op die Boere se weiering om met die Portugese te assimileer en hulle vrees dat hulle hul identiteit sal verloor.²⁵

Die skrywer wy ook n hoofstuk aan die weiering van die Portugese owerheid om die nominasie van die heer E.J. Meyer as Uniekonsul in Angola te aanvaar.

Volgens die skrywer het hierdie daad die wantroue tussen die Boere en Portugese vertroebel.

23. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp.22-36.

24. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.37.

25. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp. 19,36,167.

Van der Merwe het egter nagelaat om die Switserse afkoms van Meyer te noem, sowel as sy gevaarlike linkse politieke beskouings juis in n tydperk wat Portugal n tydperk van politieke onrus en onstabiliteit ondervind het.

Hoewel Meyer met n Boeremeisie getroud was, en sy kinders in die Gereformeerde Kerk laat doop het, was hy self nie lidmaat van die kerk nie en het n kritiese instelling teenoor godsdiens gehad - n houding wat totaal vreemd was aan die Angola Boere.²⁶

Ons Halfeeu in Angola is vir die historikus veral van belang vanweë die standpunt wat die skrywer ingeneem het t.o.v. omstrede gebeure in Angola en wat aan outentieke en kontemporêre dokumente gemeet kan word wat in argiewe in Luanda, Potchefstroom, Pretoria en Windhoek geberg word.²⁷

In 1958 het Von Moltke n tweede boek gepubliseer wat die Angola Boere as onderwerp geneem het. In sy Veldsmanne het die klem egter weer hoofsaaklik op jagverhale geval. Hy het egter ook slawerny in Angola behandel en die mate waarin die Boere daarby betrokke was. Volgens hom sou die makvolk in Angola aanvanklik slawe van die Boere in die Transvaal gewees het wat hulle op die dorslandtrek vergesel het.²⁸

Von Moltke wy ook uit oor die militêre aandeel wat die Boere gehad het by die onderwerping van die opstandige Bantoestamme tussen 1885 en 1907. Hy verstrekk dan ook lyste van beide Boere en makvolk en Basters wat uit die Duitse gebied Angola binnegekom het en die Portugese bygestaan het.²⁹

Voorts gee Von Moltke ook n oorsig van die ekonomiese lewe van die Angola Boere wat hoofsaaklik op transportry berus het en sluit ook enkele amptelike stukke en kontemporêre dokumente in om sy stellings te staaf.³⁰ Die boek bevat ook verskeie foto's uit die Boeretydperk in Angola en het volledige byskrifte sodat die boek kultuur-historiese waarde het.

26. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp. 19,36,167.

27. Argiefgroep Boers en Estrangeiros, A.H.A.

28. J. von Moltke: Veldsmanne, pp. 130 - 134.

29. J. von Moltke: Veldsmanne, pp. 207 - 208.

30. J. von Moltke: Veldsmanne, pp. 259 - 261.

'n Swerwer op die Sonpad van W.A. de Klerk het in 1959 verskyn. Die boek is hoofsaaklik n reisverhaal wat tydens 1957 se Boeresaaamtrek te Humpata geskryf is en wat deur De Klerk bygewoon is. De Klerk spekuleer ook oor die oorsaak vir die landsverhuising en noem dan die moontlikheid van trekklus.³¹

De Klerk vleg telkens historiese grepe in by sy vertelling en haal langs aanhalings woordeliks aan uit Postma se De Trekboeren. Hy is veral ook geïnteresseerd in die kulturele assimilasië wat daar tussen die Boere en Portugese plaasgevind het, sowel as die oordrag van kultuur tussen die Boere en die makvolk. De Klerk meld dat die Portugese die makvolk "Boers Pretos" (Swart Boere) genoem het vanweë l.g. se onderskeidende kultuur wat totaal anders was as die van die inheemse naturelle.

De Klerk noem ook die skynbaar onoorbrugbare kulturele gaping tussen die Boere met hulle streng Gereformeerde godsdienstige beskouing en die Portugese se ewe streng Rooms Katolieke beskouing. Ook meld hy die kleurgevoel wat so sterk by die Boere aanwesig was en die skynbare afwesigheid daarvan by die Portugese.³²

Wat die Afrikaner se invloed betref, meld hy dat hy dertig jaar ná die trek van die Boere uit Angola groot getalle makvolk aangetref het wat hulle protestantse geloof en Afrikaans as taal behou het.

In 1964 het Die Laer, ook van W.A. de Klerk verskyn wat n historiese roman is wat om die figuur van die gekleurde handelaar, W.W. Jordan, draai.

Jordan se lewe was onafskeidbaar verbind aan die van die Boere wat op sy advies na Huila getrek het en later die kortstondige Republiek van Upingtonia in Suidwes-Afrika gestig het. Die belangrikste aspek wat die boek vir die historikus het, is die verwysing na en bespreking van die bronne wat De Klerk geraadpleeg het.³³

31. W.A. de Klerk: n Swerwer op die Sonpad, pp. 15-16.

32. W.A. de Klerk: n Swerwer op die Sonpad, pp. 73-74.

33. W.A. de Klerk: Die Laer, pp. 343-348.

Die jongste werk oor die Angola Boere is genealogies van aard. W.P. van der Merwe se Geslagsregister van J.M. van der Merwe en A.G. Lindeque het in 1973 verskyn en is n familiegeskiedenis met verskeie historiese beskrywings en n inleiding wat handel oor Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis.³⁴ Hoewel die boek verskeie foto's en verwysings na Angola bevat, bly die leserspubliek van hierdie werk beperk tot die nakomelinge van die stamouers en die genealoog. Die historikus kan egter biografiese inligting hier bekom wat uit geen ander bron verkry kan word nie.

Benewens die bogenoemde publikasies, is daar talle berigte en artikels in Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte gepubliseer gedurende die periode 1881 tot 1928. Hierdie koerante en tydskrifte sluit in die amptelike lyfblaai van die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk, Die Burger, The Cape Times, The Windhoek Advertiser, The Star en die Cape Quarterly Review. Van Portugese kant is die amptelike Boletim Official die belangrikste bron.

Hoewel die lewenswyse en geskiedenis van die Angola Boere by uitstek in die voorvermelde literatuur vermeld is, was daar by die meeste skrywers n bemoeienis met die Afrikaner-identiteit en handhawing daarvan. Die Afrikanerskrywers en pre-okkupasie met hierdie onderwerp kan toegeskryf word aan:

1. Die Portugese se sterk Rooms Katolieke oortuigings wat gewoonlik gekoppel was aan goeie burgerskap en,
2. Die Portugese se sosiale lewe waar kleur geen rol gespeel het nie.

In welke mate daar assimilasie ten opsigte van kerk en kultuur plaasgevind het tussen Boer en Portugees, en tot watter mate die Afrikanerskrywers se skeptiese houdings teenoor hierdie saak geregverdig kan word, kan alleen deur genealogiese navorsing beantwoord word.

34. W.P. van der Merwe: Geslagsregister van J.M. van der Merwe en A.G. Lindeque, pp. 2-3.

TREKROETES VAN DIE BOERE
VANAF PLEKKE VAN OORSPRONG.



HOOFSTUK 4.

DIE EERSTE BOEREGENERASIE IN ANGOLA, 1881 - 1904.

Vir die doel van hierdie studie is die tydperk wat die Boere in Angola was, in twee tydperke verdeel met die oog daarop om twee generasies te dek.

Die tydperke 1881-1904 en 1905-1928 beslaan elkeen 24 jaar. Hierdie indeling is strydig met Dr. J.F. van Rensburg se uitspraak (n.a.v. sy ondersoek van die huwelike van die Angola Boere) volgens n persoonlike brief aan P.J. van der Merwe waarin hy "drie, vier" generasies noem vir die tydperk 1874-1928.¹ Oor n tydperk van 54 jaar sal so n indeling neerkom op n generasie tydperk van tussen $13\frac{1}{2}$ en 18 jaar, terwyl die gemiddelde trououderdom van Afrikanermans in Angola vir die tydperke 1881-1904 en 1905-1928 onderskeidelik 22,9 jaar en 23,9 jaar was. Op grond van bogenoemde kan die tydperk van 24 jaar aanvaar word as n realistiese tydperk vir genealogiese ondersoek.

In dieselfde brief meld Van Rensburg: "As ek reg onthou - dalk kan mnr. Meyer my korrigeer - was daar sowat agthonderd huwelike wat gestrek het vanaf die Dorslandtrek tot omstreeks 1930."²

Vir hierdie ondersoek is al die huweliksrekords vir die tydperk 1874 - 1928 van die Dorslandtrek, Gereformeerde Kerk, siviele registrasies in S.W.A. in 1928 en die siviele registrasies in al die Boere sentra in Angola nagegaan. Die somtotaal van al hierdie huwelike kom op 615 te staan en sluit n paar in wat moontlik voor die vertrek na Angola reeds in die Transvaal gesluit was. So is daar 63 egpare wat hul kinders laat doop het van wie daar nie trourekords by die Gereformeerde Kerk in Angola bestaan nie. Dit kan dan wees dat die egpare 1. Reeds getroud Angola binnegekom het of 2. Die trou-dokumente verlore geraak het. Die kerk sou immers nie n egpaar se kinders doop as hulle nie wettig getroud was nie sonder om n inskrywing in die doop-

1. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.37.

2. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.37.

boek te maak nie. So ook sou die Portugese beampte n soortgelyke inskrywing op die geboortesertifikaat aanbring as die ouers nie wettig getroud was nie. Met hierdie studie is nie alleen al die oorspronklike huweliksdokumente gefynkam nie, maar is die gegewens ook met die treklys wat in Van der Merwe se Ons Halfeeue in Angola aangegee word, die oorspronklike treklys waarop die trekkers aangedui is, lidmaatregisters van die kerke en die naamlyste wat voorkom in verskeie publikasies oor die Angola Boere. n Vergelyking met die volledige navorsingsgegewens oor n tak van die Van der Merwe familie in Geslagsregister van J.M. van der Merwe en A.G. Lindeque, het geen nuwe informasie tot gevolg gehad nie. Dit moet dus aanvaar word dat die 800 huwelike wat Van Rensburg genoem het, optimisties geskat was en die syfer nader aan 600 moet wees.

Die Boere was nie die eerste nie-Portugese volk wat Suid-Angola tot nuwe tuiste gekies het nie. Veth het aangehaal uit die Deutsche geographise Blätter dat daar reeds in 1855 n groep Duitsers besluit het om n nedersetting in die Mossamedes - wat Huila ingesluit het - te stig nadat hulle aanvanklik op pad was na Brasilië, maar in Portugal omgepraat was om na Mossamedes te gaan.³ Minder as dertig jaar later het Veth Huila besoek en het hy gevind dat die seun van n Duitse settelaar volkome geassimileer het met die Portugese en geen Duits meer kon verstaan nie; ook het hy niemand te Huila van die nedersetters hoor praat nie. Hiervan het hy afgelei dat die nedersetting nie meer bestaan nie.⁴

Die heer J. Lion Cachet werp egter lig op die situasie in n reisverslag van 1881. Tydens sy besoek aan Mossamedes het hy een van die Duitse immigrante, Rudolf, ontmoet. L.g. het hom meegedeel dat die settelaarskema misluk het en dat die meeste teruggekeer het. Cachet skryf van Rudolf: "de man was in alles Portugeesch geworden, maar zyn Noord-duitschen jver had hy niet verloren."⁵ Behalwe vir die werkywer van Rudolf, was daar geen teken meer van

3. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.184.

4. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.184.

5. D. Postma: De Trekboeren, pp. 118-119.

Duitse invloed nie.

Teen die agtergrond van die mislukking van die Duitse nedersetting, het Veth die aankoms van die Boere in 1881 as n "ruime vergoeding" vir die verlies van die Duitse immigrante gesien wat deur die Portugese verwelkom was.⁶

Volgens n Portugese tydskrifartikel van 1881 is die 270 blankes en 50 nie-blankes uit die Transvaal in Desember 1880 met ope arms ontvang en word gemeld dat juis Portugal sulke immigrante kan ontvang vanweë sy uitgestrekte gebiede.⁷ Verder berig die artikel dat nuwe koloniste uit Portugal by die Boere die deugde van huislike trou en liefde, *sedelikheid*, volharding en ywerige en eerlike arbeid sou aantref.⁸

Die aankoms van die eerste groep van 55 gesinne Boere te Huila op 22 Desember 1880 was dus n vreugdevolle gebeurtenis met hoë verwagtings wat deur beide die Boere en Portugese gekoester was. Die finale samesprekings tussen die Boere, aangevoer deur Kommandant J.F. Botha, en die Portugese onder Kolonel S.N. da Mata, goewerneur van Mossamedes, het op 28 Desember 1880 tot besondere gunstige voorwaardes vir die Boere gelei. Die voorwaardes was kortliks as volg: 1. Die Portugese vlag sou die enigste vlag wees. 2. Die Boere sou 3,000 hektaar grond te Humpata ontvang. 3. Elke gesin kon n erf in die dorp Humpata verkry. 4. Die verdrag van 18 September 1880 tussen die Boere en Portugese te Mossamedes word herbevestig. 5. Vrye godsdiensoefening word verseker. 6. Openbare werke op Humpata sou deur die staat onderhou word.⁹

Dat die Portugese erns bedoel het met die ooreenkoms, blyk uit die persoonlike belangstelling en ondersteuning wat Da Mata aan die Boere gegee het,¹⁰ sowel as die feit dat reeds op 20 Januarie 1881 daar 33 toekennings van 1,5

6. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.184.

7. D. Postma: De Trekboeren, pp. 94-95.

8. D. Postma: De Trekboeren, pp. 100-101.

9. D. Postma: De Trekboeren, pp. 99-100.

10. D. Postma: De Trekboeren, pp. 101-103.

hektaar elk aan die Boeregesinne oorgedra was.¹¹ Volgens n Boletim Official van 1881 het die goewerneur-generaal op 24 September 1881 n verdere toekenning aan 24 Boere gemaak en is n addisionele 2,5 hektaar aan Kommandant Botha toegeken.¹²

Die Boere kon op grond van hierdie ooreenkoms aan n permanente vestiging dink na die onsekere en tydelike verblyf in die huidige Suidwes-Afrika. Die wyer waarmee die besproeiingskanaal se konstruksie op 19 Januarie 1881 n aanvang geneem het en daar reeds op 29 April 1881 in Lissabon berig is dat die besproeiingstelsel voltooi is, getuig van die Boere se voorneme om hulle te Humpata te vestig.¹³

Die besluit van die Boere om hulle in n Portugese kolonie te vestig is vreemd. Die trekkers uit die Transvaal het almal kerklik by die Gereformeerde Kerk ingeskakel hoewel sommige aan die Nederduits Gereformeerde en ander aan die Hervormde Kerk behoort het en hulle lidmaatskap behou het. Hulle het egter wel hulle kinders in die Gereformeerde Kerk gedoop.¹⁴ In 1895 het die Angola Boere besoek ontvang van Ds. H.J. Neethling van die Transvaalse N.G. Kerk.¹⁵ Hierdie was egter die enigste besoek van n N.G.-leraar en daarna het die lidmaatskap van die N.G. Kerk gekwyn.

Dit was aan die trekkers bekend dat die Portugese streng Rooms Katoliek was; nogtans het hulle besluit om na Angola te trek. n Moontlike faktor wat hulle kon laat besluit het om te trek, mag die invloed van Vader Carlos Duparquet wees wat hulle in Damaraland in Julie 1880 leer ken het op sy reis deur die gebied.¹⁶ Hy was hulle goedgesind en het saam met Jordan die Boere volledig kon inlig omtrent die vestigingsmoontlikheid op die Huila hoogland.¹⁷

11. Avulsos Humpata No.33.1.1. A.H.A.
12. Boletim Official, Luanda. 24 September 1881.
13. D. Postma: De Trekboeren, pp. 101, 105.
14. D. Postma: De Trekboeren, p. 110.
15. H.J. Neethling: Artikel in De Vereeniging, 2.10.1895.
16. G.de S. Dias: Viagens na Cimbebasia, pp. 153-163.
17. D. Postma : De Trekboeren, p.141.

Die Angola Boere was ook nie die eerste groep Boere wat Portugeseonderdaanskap wou aanvaar nie; die Trichardt - trek na Mosambiek, met sy treurige gevolge, moes aan die Angola Boere bekend gewees het. Paul Kruger het hom ook na die Portugese gewend om n jawe te bekom om sodoende onafhanklik te wees van die Britsbeheerde hawens. Veth ontken egter reeds in 1884 - 1885 dat die Boere weens politieke redes Portugese beskerming sou verkies.¹⁸

Veel eerder kan die trek uit Damaraland toegeskryf word aan die onveilige bestaan tussen die inboorlinge, veral as die korrespondensie tussen die Boere en inboorlinge bestudeer word.¹⁹

Die sukses van die vestiging van die Boere-kolonie te Humpata sou grootliks afhang van die verhouding tussen die Boere en Portugese, asook die ekonomiese moontlikhede vir die Boere en die geskiktheid van die gebied vir beesboerdery.

Genealogiese gegewens dui meer aan oor die aanvanklike vestiging en toestande. Die eerste Boerehuwelike op Humpata is reeds op 13 Februarie 1881 deur Kommandant Botha gesluit tussen C.D.R. Opperman, wewenaar, en A.S.C. Holtshuisen en die egpaar H.J.W. Grobler en M.S. Kruger, gebore De Klerk - dus ook n weduwee.²⁰ Op 17 April 1881 en 29 Augustus 1881 was daar weer twee huwelike, gevolg deur nog n huwelik van H.J.W. Grobler op 11 Desember 1881 met die weduwee A.G.J. van Vuuren, gebore Van der Merwe. Hierdie laaste huwelik was Grobler se vierde huwelik en sy derde sedert 1877 en sy vertrek uit die Transvaal.

Hierdie gegewens gee n aanduiding van die groot aantal wewenaars en weduwees wat op Humpata aangekom het en die aantal sterftes wat op die trek plaasgevind het. Dat die aantal sterftes onder die vroue met kindergeboorte ook hoog kon wees, blyk uit die aantal huwelike wat Grobler gesluit het.

18. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, p. 287.

19. D. Postma: De Trekboeren, pp. 89 - 93.

20. A.84 S.A.W.

Dit was dus nie net die trek se ontberinge wat vir die hoë sterftesyfer onder die vrouens verantwoordelik was nie; Ds. Venter noem dan ook die groot gebrek wat daar in Angola so laat as 1926 bestaan het t.o.v. kraamgeriewe.²¹ Hy meld dan ook n lys van name en datums van vroue wat gedurende kindergeboorte gesterf het en noem ook dat die vrouens al dikwels hulle kommer oor dié saak uitgespreek het.

Grobler se troues relatief kort na sy vrouens se afsterwe, dui op n kort rou-tydperk. Sy eerste vrou is in 1828 gebore en hulle is ongeveer 1845 getroud. Vanaf 1848 tot 1862 was daar 8 kinders, wat n geboorte-interval van 3 jaar beteken. Wanneer sy eerste vrou oorlede is, is egter nie bekend nie. Hy is egter hertroud in 1877 toe sy jongste kind reeds 15 jaar oud was. Sy derde en vierde huwelike was kort na die vrouens se afsterwe en was daar telkens jong kinders in die huis wat versorg moes word. Die huwelike na n kort rou-tydperk was dus moontlik n uitkoms vir die behoorlike versorging van kinders.

Hierdie teorie word versterk deur Ds. Biewenga se huwelike uit die tweede tydperk. Na n selibaatskap van 37 jaar, is hy getroud in 1902, hertroud in 1926 en weer in 1928. Sy kinders is gebore in 1904, 1907, 1909, 1910, 1912, 1914, 1916, 1917, 1919, 1921 en 1927. Hierdie gegewens strook met die meeste gevalle waar mans twee of meer kere getroud was en waar daar slegs n geringe disritme in die kinderinterval was. Rou-tydperke van so kort as $2\frac{1}{2}$ maande het onder die Boere voorgekom. Hierdie verskynsel het in albei tydperke ewe dikwels voorgeval.

Die vestiging van die Boere in n Rooms Katolieke georiënteerde land sou na verwagting probleme oplewer. Ds. L.P. Vorster het sy kommer in 1892 in n kerklike verslag uitgespreek dat die katolieke invloed die protestantse geloof kan verdring.²² In sy stelling het hy verwys na n meisie wat n doop-

21. D.G. Venter: Reisjoernaal, 6.A.P.

22. D. Postma: De Trekboeren, p. 320.

lidmaat van die kerk was en wie se twee kinders deur die Roomse priester gedoop was. Die betrokke meisie was Hester Opperman wat in 1884 met William Chapman, seun van die reisiger James, getroud was. Binne drie jaar na die aankoms van die Boere in Angola, was daar dus reeds sprake van verkatolisering. Hierdie feit weerspreek A.J. van der Walt se uitspraak in 1906 dat daar geen godsdienstige "vereenselwiging" met die katolieke kerk was nie.²³

n Huwelik wat belangrike politieke en diplomatieke waarde vir die Boere gehad het, was die huwelik op 12 Februarie 1882 tussen Artur de Paiva, bevelvoerder van die militêre garnisoen op Humpata, en Jacomina Botha, dogter van Kommandant Botha. De Paiva sou spoedig roem verwerf as krygsman, pionier en ontdekker en tot n Portugese nasionale held verhef word. Volgens Egerton sou De Paiva in die geselskap van Antonio Enes en Mousinho de Albuquerque genoem kon word.²⁴

Die belangrikheid van De Paiva se huwelik vir die Afrikanerhistorikus is nl. die feit dat dit in die Gereformeerde Kerk plaasgevind het en so aangeteken is. Chapman se huwelike is egter nie in die Gereformeerde huweliksregister aangeteken nie.

De Paiva het ook reeds in 1884 lidmaat van die Gereformeerde Kerk geword wat dui op sy vereenselwiging met die Gereformeerde geloof. Waar die Gereformeerde (of protestantse) geloof die basis van die Boerekultuur gevorm het, moet dit aanvaar word dat De Paiva verkies het om kultureel by die Boere in te skakel. Sy rol in sy nuwe kerkverband was ook nie net passief nie, reeds in 1889 was hy deur die kerkraad aangestel om die orde in een van die wyke te handhaaf.²⁵

Chapman, wat tussen die Boere geleef het en dus behalwe sy Boerevrou ook nuwe kontak met die ander Boere gehad het, het in 1889 skriftelik aansoek

23. A.J. van der Walt: Noordwaarts, p. v.

24. W.A. de Klerk: n Swerwer op die Sonpad, p.60.

25. Notule Geref. Kerk Humpata, 16/12/1889. G.A.P.

gedoen om lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk.²⁶ In 1890 het hy egter weer skriftelik aansoek gedoen dat sy naam geskrap moet word terwyl sy vrou nog nie n besluit in hierdie verband geneem het nie.²⁷

Verder was daar ook die huwelike van Milho met Ackerman en Gomez met Van Staden wat nie in die Gereformeerde Kerk aangeteken is nie en waarvan die kinders ook nie in die kerk gedoop is nie.

Hoewel die vanne Gomez, De Cruz en Mayer - Portugese wat met Boeremeisies getroud is in die tydperk 1881-1904 - uit die Boeregeledere verdwyn het, was die Milho en De Paiva nageslag wel by die Boere ingeskakel. Van die De Paiva kinders was dit egter net die seun Bartolomeu wat by die Boere ingeskakel het terwyl die ander verportugees het, hoofsaaklik as gevolg van hulle opvoeding in Portugal en huwelike met Portugese.

Uit hierdie gegewens blyk dit dus dat daar deur Boere-Portugese huwelike wel n kultuurwins vir die Boere was maar dat die verlies die wins gekanselleer het.

Die verskynsel dat Boeremeisies met Portugese getroud is in die eerste generasietydperk kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die numeriese oorwig van die vroulike geslag onder die Boere. Die lidmaatskapregister van die Gereformeerde Kerk op Humpata aan die einde van 1881 gee 142 lidmate aan; hiervan was slegs 66 lidmate manlik.²⁸ Dit gee dus n oorwig van 10 hubare meisies. Hierdie getal korreleer met die getal van 11 huwelike wat tussen Boeremeisies en nie-Boere in die eerste generasie gesluit is. Van die elf huwelike, was 6 met Portugese, 2 met Engelse en een elk met n Pool, Hollander en Belg.

In 1893 het daar weer n groot geselskap Boere uit die Transvaal na Angola vertrek. Die oorgrote meerderheid was reeds getroud en het soos die eerste trekkers ook groot gesinne gehad. Coetzee se lys van 41 gesinne is nagegaan om

26. Notule Geref. Kerk Humpata, 18/2/1889. G.A.P.

27. Notule Geref. Kerk Humpata, 28/2/1890. G.A.P.

28. Lidmaatregister Geref. Kerk Humpata, G.A.P.

was te stel of daar ongetroude mans was.²⁹ Die mans wie se vroue se name nie voorkom nie, het egter geen huwelik wat bekend is in Angola met n Boeremeisie gesluit nie. Coetzee het egter gemeld dat sy lys nie volledig was nie en dat sommiges ook oppad na Angola omgedraai het.

n Ontleding van die Gereformeerde dooprekords het aan die lig gebring dat daar tussen 24 Desember 1881 en 27 Januarie 1889 altesaam 171 kinders gedoop was. Hiervan was 74 seuns en 97 dogters. Volgens hierdie getalle was daar weereens n oorwig van 23 ten gunste van die vroulike geslag.

In die lig van bogenoemde getuienis, kan dit aanvaar word dat daar wel meer vrouens as mans was onder die Boeregemeenskap. Hiervolgens is dit verstaanbaar dat Boeremans nie belang sou stel in n huwelik met n Portugese meisie nie en sou die Boerekultuur deur die manlike linie nie blootgestel wees aan assimilasië met die Portugese nie. Assimilasië sou deur die vroue wat met Portugese mans getroud was, moes plaasvind. Indien die Portugese man by so n huwelik van suiwer blanke herkoms en goeie stand sou wees, sou daar van die Boere se kant geen weerstand wees op grond van rassebeskouing of rassevermenging nie; daar kon egter wel godsdienstige besware wees.

Reeds in 1883 het daar reeds n beweging onder die Angola Boere ontstaan om na Transvaal terug te trek en noem hulle hoofsaaklik die ongesonde klimaat en die groot afstand van hulle lands-en-geloofsgenote.³⁰ Verder in hulle betoog noem hulle die voorneme om in Damaraland te vestig, of as dit nie moontlik was nie, te trek "tot onder ons geloofsgenoten en niet meer onder de Roomschen."³¹

Die vrees om katoliek te word was dus n wesentlike moontlikheid en ondersteun Ds. J.P. Vorster se verslag. Hierdie vrees sou toeneem na die huwelik tussen Chapman en sy Afrikanervrou wat hulle kinders in die katolieke kerk laat doop het. Wat Veth gesien het as n positiewe ontwikkeling in die "bekering" van

29. J.A. Coetzee: Dorsland-Trekkers, pp. 62-63.

30. D. Postma: De Trekboeren, p.155.

31. D. Postma: De Trekboeren, p. 157.

De Paiva na die protestantse geloof, en die doop van Chapman se kinders in die katolieke kerk, as nodig in die bou van n nuwe geslag,³² (wat assimilasië te weeg sou bring), het die Boere gesien as n bedreiging vir die voortbestaan van hulle identiteit.

n Ontleding van die huwelike van nie-Boere met Boeremeisies dui daarop dat die Boere se vrese oordrewe was ten opsigte van die 11 huwelike met nie-Boere uit n bevestigde totaal van 150. Die nie-Boerehuwelike vorm dus slegs 7,3% van die totale; hiervan het 50% van die nageslag met die Boere kerklik en sosiaal geassimileer. Van die elf vanne, het drie voorgekom onder die naamlyste van trekkers wat in 1928 na S.W.A. ge-emigreer het, t.w. Chapman, Ivens en Milho. Die vanne Piorek en De Paiva het bekend gebly onder die Boeregemeenskap in Angola vir ten minste nog twee generasies terwyl Kamerman, De Cruz, Mayer, Barret en Gomez verdwyn het. Die effektiewe verlies vir die Boeregemeenskap en Gereformeerde Kerk was dus slegs 3,7% wat gekanselleer word deur die effektiewe wins van 3,7% wat as n kulturele wins beskou kan word en n ekspansie van die Boerekultuur.

n Kort vergelyking tussen die Boere nedersetting en Duitse nedersetting na die verloop van een generasie, lewer interessante feite op. Die Duitsers wat sedert 1857 te Huila, en later Mossamedes gevestig was, en wat uit 29 gesinne bestaan het,³³ het in 1881 verminder tot slegs 2 settelaars, Wehrlin en Rudolf.³⁴ Daar is reeds verwys na Cachet se opmerking dat hulle slegs hulle werkywer behou het en dat die ander óf teruggekeer het of geassimileer het met die Portugese.

Teenoor die kwyning van die Duitse nedersetting het die Boere se nedersetting floreer. Hoewel daar in 1884 n groot uittog was na die huidige Suidwes-Afrika waar die kortstondige Republiek van Upingtonia tot stand gebring was, was die

32. P.J. Veth: Daniëls Veth's Reizen in Angola, pp.228-229.

33. Boletim da Câmara Municipal de Sa da Bandeira, No.26, 1970.

34. W.B. Chapman: Herinneringe, S.A.W.

meeste Boere weer in 1888 terug in Humpata.³⁵ Boonop is die getalle aangevul deur die trek van 1893 uit die Transvaal.³⁶ Behalwe die Boere se hulp met die veldtogte teen die opstandige inboorlinge, het daar reeds in 1884 n Boere "Comiessie" van 15 man na "de Land Naar de Noord Oost van Humpata" vertrek om ondersoek in te stel na die settelaarsmoontlikhede, veral om die trekgees na Damaraland te bekamp. Indien die land meer geskik sou wees vir beesboerdery, sou die Boere noordwaarts verhuis.

Op die veldtog teen Dunduma in 1890-1891 het die Boere met hulle gesinne met 36 waens onder De Paiva die pad na Bihé en Belmont - die woonplek van Silva Porto - gebaan en sodoende die mees oostelike deel van Angola bereik wat effektief deur Portugal beset was.³⁷ Reeds in 1897, sestien jaar na die Boere se aankoms op Humpata, was daar reeds huwelike te Cubal geregistreer;³⁸ die gemeente Hanha het ook reeds bestaan.³⁹ Hierdie ekspansionistiewe beweging staan in streng kontras met die Duitse nedersetting se verdwyning en het die Boerebevolking binne een generasie verdubbel a.g.v. hulle groot gesinne en verdere immigrasie.

Die trourekords dui interessante gegewens aan in verband met die ekonomiese lewe van die Boere. Die stigtingsgedagte agter die Humpata nedersetting was om n agrariese gemeenskap tot gevolg te hê, sowel as om vee te teel.⁴⁰ Dit verklaar dan ook die haas waarmee die besproeiingskanaal aangelê is en die opmeting van Humpata in erwe van 1,5 hektaar gedoen is. n Totale area van 3 000 hektaar is dan ook aan die Boere belowe vir verdere uitbreiding van die dorp.⁴¹

In Desember 1881 het Ds. Jan Lion Cachet die Boere te Humpata besoek en meld hy dat al die erwe bewoon was en vol gesaai was; die gesaaides het ook mooi

35. D. Postma: De Trekboeren, pp. 173-197.

36. J.A. Coetzee: Dorsland-Trekkers, pp. 41-49.

37. D. Postma: De Trekboeren, pp. 284-312.

38. Trouregister Geref. Kerk Cubal, G.A.P.

39. Lidmaatregister Geref. Humpata, G.A.P.

40. D. Postma: De Trekboeren, p.99.

41. D. Postma: De Trekboeren, p.99.

vertoon. Die groentesaad wat uit die Kaap ontvang was, het ook goed opgekom. Vrugteboom was daar egter nog nie. Al die huise was hartbeeshuise, behalwe die groot kliphuis van Holsthuizen waar Cachet loseer het. E.g. het dan ook beweer dat hy besluit het om hom op Humpata te vestig.⁴²

Dit sou moeilik te begryp wees hoe die Boere, wat gewoon was aan n trekkende, veeboerkultuur, sou kon oorskakel na n gevestigde, agrariese lewensbestaan. Cachet meld dan reeds in Desember 1881 dat die Boere, soos vroeër in die Transvaal, beoog om in die winter na die bosveld te trek met hulle vee en dat n verstandige ou Boer aan hom gesê het dat die Huila gebied eintlik vir Bolanders bedoel was.⁴³ (Vrugteboere.)

Die trekbeweging wat in 1884 na Damaraland plaasgevind het, was dus redelik om te begryp. Daar is reeds verwys na die geloofsprobleme; Ds. Pelser meld egter ook die probleem van n afsetgebied vir produkte, die swak beeswêreld en die gekluisterdheid aan die Huila hoogland vir 6 tot 8 maande per jaar om die koers vry te spring.⁴⁴

Ten spyte van die Boere se erwe wat vakant geraak het op Humpata met die trek van die Boere na Damaraland, het die Boere wat agter gebly het, geen poging aangewend om hulle eiendom op Humpata uit te brei nie en het die gewese Boere-eiendomme in die besit gekom van Portugese nedersetters uit Madeira, algemeen bekend onder die Boere as "kolonies"⁴⁵, afgelei van die Portugese woord "colono". Die Boere het eerder na die Buitewyke uitgewyk; dit kan afgelei word uit die feit dat reeds in 1887, n jaar voordat die Boere teruggekeer het van Damaraland af, n huwelik bevestig is te Palanca, gevolg deur n verdere drie huwelike in die loop van 1888.⁴⁶ Palanca is halfpad tussen Humpata en Huila geleë.

Hoewel daar genoeg erwe beskikbaar was op Humpata, het die uitbreiding van

42. D. Postma: De Trekboeren, p.138.

43. D. Postma: De Trekboeren, p.139.

44. D. Postma: De Trekboeren, p.167.

45. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeue in Angola, p.2.

46. A 84 S.A.W.

die Boeregemeenskap dus reeds vroeg plaasgevind - so is die heer J.M. van der Merwe, wat op 9 Junie 1884 oorlede is, op sy seun se plaas begrawe wat ongeveer 5 km. van Humpata af is.

Tydens die kerkraadsvergadering op 29 Julie 1892 het Ds. L.P. Vorster sy voorname bekend gemaak om nagmaal te Hanha te bedien, n afstand van ongeveer 250 km vanaf Humpata. Die Boerenedersetting te Hanha het meestal bestaan uit persone wat geen grond op Humpata meer besit het nie en dus vry was om noord te trek. So was daar dan in 1892 n kind te Benguela aan die kus gedoop en te Cubal vyf kinders in 1895. In 1897 was daar vier huwelike in die Cubal distrik voltrek.⁴⁷

Volgens die doop- en trouregisters het die uitbreiding van die Boeregemeenskap in hierdie gebied gestop en van 1894-1895 tot 1904 het daar slegs n konsolidering van getalle plaasgevind. Cubal moet dus aanvaar word as die noordelike limiet van uitbreiding tot 1904.

Die sosiale verhouding tussen die Boere en die makvolk verdien ook vermelding. Die vyftig naturelle wat saam met die eerste groep Boere op Humpata aangekom het, was reeds in 1881 in die pers vermeld.⁴⁸

Hierdie naturelle het uit verskeie dele van Transvaal en selfs Natal gekom en het verskeie etniese groepe verteenwoordig en het gevolglik Afrikaans as n gemeenskaplike taal aanvaar. Op die trek na Angola het hulle ook huisgodsdiens bygewoon soos dit die gebruik was onder die Boere. Kerklik sou en het hulle dan ook by die Boeregemeenskap op Humpata ingeskakel hoewel daar altyd streng skeiding gemaek was op rassegrondslag by kerkbesoek.

Van kerklike kant het die eerste poging om die nie-blankes daadwerklik te help eers in 1890 uiting gevind nadat Ds. Postma as eerste vaste leraar van Humpata in 1889 georden was. Volgens n kerkraadsbesluit van 1 Februarie 1890

47. Doop- en trouregisters Geref. Kerk Cubal, G.A.P.

48. D. Postma: De Trekboeren, p.95

het die kerkraad van Humpata die ou kerkgebou aan die nie-blankes oorgedra.⁴⁹ Vanaf Aliwal Noord het daar reeds in 1890 die bedrag van £2-5 aangekom wat gebruik moes word vir bearbeiding onder die nie-blanke gemeente na 'n plei-dooi vir fondse deur Ds. Postma.⁵⁰

Eventueel is die ou blanke kerk nie deur die makvolk gebruik nie, maar het hulle hulle eie kerkgebou buite Humpata in gebruik geneem.⁵¹ Hier was ook 'n konsentrasie van makvolk (naby die huidige Neves) en het as die "stasie" (Nederlandse=stasie) by die Boere bekend gestaan.⁵² In 1894 het die heer P. Biewenga, 'n Hollander, saam met Ds. J. Vorster na Humpata gereis om as onderwyser te Humpata op te tree.⁵³ Na 'n tydperk as onderwyser vir die makvolk is hy as leraar vir die nie-blanke gemeente georden.⁵⁴

Gedurende die hele trek en vestigingstydperk in Angola, was daar nie een enkele geleentheid waar daar huwelike of doopplegtighede van die makvolk in die rekords van die blanke Gereformeerde gemeente aangeteken is nie. Hierdie afwesigheid dui die streng sosiale skeiding aan wat daar tussen die Boere en die makvolk bestaan het. Ten spyte van die feit dat die Boere saam met die makvolk op verskeie militêre ekspedisies onder Portugese aanvoering gegaan het, was daar nie die minste teken van verbroedering nie. Tog het die makvolk in 'n sterk mate met die Boere families geïdentifiseer. De Klerk noem 'n voorbeeld van hoe die makvolk die vanne van hulle werkgewers aangeneem het en die vanne na 3-4 geslagte behou is.⁵⁵

Dat die makvolk wel kon lees en skryf, en kultureel bo die plaaslike natuurlike uitgestyg het, blyk uit die siviele staatsregistrasies op Humpata. Op 26 Mei 1911 is Antonio van der Merwe (een van die makvolk) met Sabina Catharina getroud. Beide kon hulle name teken. Die plaaslike natuurlike, in teenstelling,

49. Notule Geref. Humpata, G.A.P.

50. D. Postma: De Trekboeren, p.270.

51. D. Postma: De Trekboeren, p.273.

52. Notule Geref. Kerk Humpata, G.A.P.

53. D. Postma: De Trekboeren, p.328.

54. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.24

55. W.A. de Klerk: 'n Swerwer op die Sonpad, pp.117-119.

kon nie lees en skryf nie en hulle huwelike was ook nie geregistreer nie. Die huwelik was o.a. bygewoon deur twee makvolk wat ook kon skryf - Koba van der Merwe en Jacomina Draaiier (Dreyer) wat as getuies geteken het.⁵⁶

Met die trek van die Boere na Suidwes-Afrika in 1928 was die makvolk nie toegelaat om saam te trek nie,⁵⁷ en het in die Suide van Angola die verteenwoordigers van die Afrikanerkultuur en tradisie gebly aangesien slegs vier Afrikanerfamilies op Humpata agtergebly het - Venter, Alberts, De Paiva en Viljoen.⁵⁸

Hoewel die Boere nie voor 1909 verplig was om geboortes by die staat te registreer nie,⁵⁹ is alle geboortes prakties gesproke naspeurbaar aangesien die dooprekords van die kerk die geboortedatum verstrek. Bewus van hulle verpligting teenoor die staat, het die Boere egter reeds vóór die verpligte registrasie van geboortes wel hulle geboortegevalle geregistreer. Dit blyk uit die oudste (1906) geboorteregister van die staat te Humpata waarin verskeie registrasies van Boerekinders reeds verskyn.

Die dooprekords werp interessante lig op die lang tye wat die Boere sonder leraar was aangesien slegs n geordende predikant die doop mag bedien het. Volgens die doopregisters het die eerste doopplegtigheid op Humpata eers op 24 Desember 1881 plaasgevind en is 46 kinders gedoop, sommige wie alreeds in 1875, 1876 en 1877 gebore was. Die volgende geleentheid was eers weer op 27 Julie 1884 toe 40 kinders met een geleentheid gedoop is, gevolg deur n doopplegtigheid op 27 Januarie 1889 toe nie minder as 87 kinders gedoop is.

Die huweliksdokumente werp ook meer lig op die belangrikheid wat die Boere aan die staatshuwelik geheg het. Tot en met 1904 was daar in die Gereformeerde huweliksregister 121 huwelike aangeteken vir die Humpata distrik.⁶¹

56. Registos Casamento 1911, Administração Humpata.

57. W.A. de Klerk: n Swerwer op die Sonpad, p.109

58. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.209.

59. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp.5-6.

60. Registos Nascimento, Administração Humpata.

61. Huweliksregister Geref. Kerk Humpata, G.A.P.

In die ooreenstemmende tydperk was daar egter slegs Chapman se huwelik in 1884, n Robberts s'n in 1897 en 12 Boerehuwelike wat tussen 1902 en 1904 by die owerheid te Humpata aangeteken was.⁶²

Uit die bogenoemde gegewens is dit duidelik dat groter waarde aan die kerkhuwelik geheg was as aan die staatshuwelik. Volgens Van der Merwe het die huwelikspaar hulle huwelik eers by die owerheid laat registreer en het daarna die huwelik kerklik laat inseën; die seremonie sou by die Gereformeerde Kerk altyd op n Maandag plaasvind.⁶³ Die owerheid en kerk se rekords bevestig Van der Merwe se inligting wat hy verstrek het; al die huwelike wat in die staatsrekords verskyn het tot 1904, is dieselfde dag ook in die Gereformeerde Kerk aangeteken en was elke dag op n Maandag geregistreer. Van der Merwe het ook gemeld dat dit selde gebeur het dat huwelike van Boere net by die owerheid geregistreer was en nie ook kerklik ingeseën was nie.⁶⁴ Hierdie stelling is korrek vir die tydperk tot 1904 aangesien alle staatshuwelike ook kerklike huwelike was.⁶⁵

Vir die tydperk 1881 - 1904 is 149 huwelike tussen Boere onderling in aanmerking geneem wat berus op gegewens wat uit die Gereformeerde Kerk-, siviele staats- en siviele Boererekords verkry is. Benewens hierdie 149 huwelike is 11 huwelike tussen nie-Boere en Boeremeisies gesluit. Die gemiddelde trououderdom vir Boeremans (wewenaars uitgesluit) was 22,9 jaar; vir die vrouens 18,3 jr. Die kinderinterval (die gemiddelde tydperk wat verloop het tussen die geboorte van opeenvolgende kinders) was 1,9 jaar. Die ooreenstemmende syfers vir die nie-Boere met Boeremeisie huwelike is: Mans 24,7 jaar en vrouens 18,2 jaar. Die onvolledige gegewens van die kinders in hierdie laaste groep maak die berekening van n kindertal onmoontlik. Vanweë die geringe aantal huwelike wat met nie-Boere gesluit is, tot 1904, kan die gegewe statistiek dus slegs n blote aanduiding wees van n tendens en moet dit slegs ten-

62. Registos Casamento 1881-1910, Administração Humpata.

63. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p6.

64. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.6.

65. Registos Casamento, Administração Humpata.

tatief aanvaar word.

Die volgende gegewens blyk uit n studie van die eerste generasie:

1. Die Boere het binne die tydperk van n jaar n suksesvolle landbouneder-setting te Humpata gestig.
2. Die Boere se transportry het bygedra tot die snelle vooruitgang van kommunikasieweë en het die Boere gou bekend gemaak met landstreke wat meer geskik was vir veeteelt. Migrasies het dus na Noord-Cubal, Caconda - en na Suid-Damaroland, plaasgevind.
3. Hoewel aanvanklik van verskillende kerkgenootskappe, het al die Boere in die eerste generasie n gemeenskaplike tuiste in die Gereformeerde Kerk gevind.
4. In vergelyking met die Duitse nedersetting van 1857 in die Mossamedes distrik wat n mislukking was, het die Boerenedersetting stelselmatig gegroei.
5. Kulturele verlies deur assimilasie met ander volke was minimaal.

HUWELIKSFREKWENSIE 1881 - 1904.

Nie-Boer met Boer.		:	Boer met Boer.	
1881		:	1881	1111
1882	1	:	1882	1
1883		:	1883	111
1884	1	:	1884	1111 11
1885	1	:	1885	11
1886		:	1886	1111 11
1887		:	1887	1
1888		:	1888	111
1889		:	1889	111
1890		:	1890	1
1891	1	:	1891	1111 1111
1892		:	1892	1111
1893		:	1893	11
1894		:	1894	1111 1111 1111 11
1895		:	1895	1111 1111
1896		:	1896	1111 1111
1897	11	:	1897	1111 1
1898		:	1898	1111 1111
1899		:	1899	111
1900		:	1900	1111 1
1901	1	:	1901	11
1902	11	:	1902	1111 1111
1903		:	1903	1111 111
1904	11	:	1904	1111 1111 111
TOTAAL 11		:	TOTAAL 139.	

ZAIRE

BOERE NEDERSETTINGS IN ANGOLA

1904

ATLANTIESE
OSEAAN

HANHA (HOOGEVELD)

QUE CACONDA

HUMPATA


LAGERPLAATS PALANCA

KUNENE

OKAVANGO

KUNENE

S.W.A.



HOOFSTUK 5.

DIE TWEEDE BOEREGENERASIE IN ANGOLA 1905 - 1928.

Die tweede Boeregenerasie het in Angola n aanvang geneem na die afloop van die Anglo-Boere-oorlog waarin hulle volksgenote verslaan is deur die Britse troepe in die Transvaal en Vrystaat. In 1904 is President Kruger, vir wie hulle dikwels persoonlik genader het om hulp en leiding terwyl hulle in Angola was, ook oorlede. Die dood van Artur de Paiva op n skip onderweg na Lissabon in 1900, het die Boere van n belangrike voorspraak by die owerheid ontnem.

Ten spyte van die onsekere toestande, was die Anglo Boere in sommige sake beter daaraan toe as hulle volksgenote in die gewese Boere Republieke. Die nuwe generasie Boere in Angola het hulle eie skole gehad waar hulle kinders deur medium van Nederlands onderrig ontvang het¹; in die Transvaal en Vrystaat moes hulle vanaf St.III deur medium Engels onderrig ontvang.² Ekonomies was die Angola Boere ook beter daaraan toe as die talle oud- Republieke wat al hulle besittings in die oorlog verloor het. Hierdie toestande het dan ook gelei tot die landsverhuising van Afrikaners na Suidwes-Afrika (wat Duitse gebied was), Argentinië en Angola waar hulle nie onder Britse gesag sou staan nie.

Die nuwe geslag Boere het in n Portugese omgewing grootgeword en kon Portugees vlot praat, sowel as ten minste een Bantoetaal behalwe hulle moedertaal. Die kommunikasieprobleme wat by die eerste generasie bestaan het tussen hulle en die Portugese, het dus nou verdwyn.

Met die aanvang van die tweede generasie was die meeste opstandige en selfstandige Bantoe opperhoofde aan effektiewe Portugese beheer onderworpe.

Hieraan het die Boere geen geringe deel gehad nie.³

-
1. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeue in Angola, pp. 9-11.
 2. D.W. Kruger (Red.): Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 459.
 3. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeue in Angola, pp. 42-163.

Waar daar in die eerste generasie Boerenedersettings te Humpata en Cubal-Cacanda ontstaan het, wat onder pioniersomstandighede aangê was, was die binneland nou bekend en sou spoorweë en motorpaaie spoedig volg. Dit sou tot gevolg hê nouer aanraking tussen die Boere en Portugese en n nog spoediger verspreiding van Boeregemeenskappe as in die vorige generasie. Boonop sou die Boeregeledere nog verder versterk word deur die nuwe trek van 1905 uit die Transvaal wat in 1906 in Angola aangekom het.⁴ Hierdie groep Boere het hulle ook in die mees noord-oostelike deel wat deur blankes beset was, gevestig.

Gedurende 1905 was Boerehuwelike gesluit te Humpata (12), Cubal (2) en Que(1) volgens die kerkrekords. Daar was slegs een huwelik tussen n Boeremeisie en n Engelsman, nl. die tweede huwelik van William Chapman. Laasgenoemde huwelik was te Benguela gesluit op 14 Januarie 1905 en die egpare Kamerman en Kitching het as getuies opgetree. Die huwelik was n siviele seremonie by die administrasiekantoor en daar was geen kerkbevestiging van die huwelik nie.⁵ Van die vier getuies was slegs Mevrouw Kamerman n Afrikaner. Die huwelike van Kamerman en Chapman was ook die enigste twee huwelike wat as Boerehuwelike beskou kan word wat aan die kus gesluit is. Al die huwelike waarby die Boere n party was, was in die binneland gesluit. Genealogies is daar geen rekords in die kusdorpe Mossamedes, Benguela of Lobito te vinde wat direk met die Boere verband hou nie. Daar is egter n graf van n sekere Johannes te Catumbella wat in 1891 oorlede is en uit die Transvaal afkomstig was. Hy was vermoedelik een van die makvolk transportryers. Dit kan met veiligheid aanvaar word dat die Boere geen begeerte gehad het om aan die kus te vestig nie en die kus slegs besoek het om transport te ry.

Die uitbreiding na Cubal-Cacanda in die vorige generasie is reeds genoem. Gedurende 1906 was 31 kinders in hierdie omgewing gedoop wat sedert 1905

4. A.J. Coetzee: Dorsland-Trekkers, pp. 49-50.
5. Registos Casamento, Administração Benguela.

gebore is. Die ooreenstemmende syfers vir die Humpata gemeenskap vir 1906 was dertig. Die reeds genoemde 12 huwelike te Humpata in 1905 het tot 4 gedaal in 1906; die 3 huwelike te Cubal-Caconda van 1905 het in 1906 gestyg tot 7. Volgens hierdie gegewens moes daar n groot bevolkingsverskuiwing vanaf die suide na die noorde plaasgevind het gedurende 1905-1906. Hierdie verskuiwing het dan ook aanleiding gegee tot die besluit om n vaste leraar vir die Cubal-Caconda gebied te beroep. Ds. Biewenga, die leraar van die nie-blanke Gereformeerde gemeente te Humpata, is beroep en het hy dit aanvaar. Hierdie afwesigheid van n leraar vir die nie-blankes sou aanleiding gee tot die kerkskeuring.⁶

Van der Merwe noem geen definitiewe datum of jaartal waartydens Biewenga na die noorde vertrek het nie. Hy is egter in 1902 op die ouderdom van 36 jaar te Humpata getroud met n Swarts meisie van 18 jaar. Sy eerste seun is op 26 Mei 1904 op Humpata gebore en sy tweede kind, Tjasse, op 11 Maart 1907 te Que. Tussen hierdie twee datums moes hulle dus noordwaarts getrek het. Die trouerekords werp lig hierop. Vanaf 1897 tot 21 Mei 1906 was die huwelike deur n troubeampte (gewoonlik n ouderling bevestig en opgeteken. Sedert 26 Mei 1906 was die huweliksbeampte egter Ds. Biewenga en het hy die huweliksregister in sy netjiese handskrif gehou. Volgens hierdie gegewens kan afgelei word dat Biewenga nie later as Mei 1906 sy pligte in sy nuwe gemeente aanvaar het nie.

Vanaf 1906 tot die einde van 1910 het die Boere gevestig gelewe op die "Hoogveld" soos hulle wyk bekend was op kerklike gebied. Hier het hulle goeie huise gebou en landerye en tuine aangelê.⁷ Om n kontantinkomste te hê, het die Boere egter transport gery en ook n pad na die kus vir die Portugese owerheid voltooi.⁸

Met die aanvang van die konstruksie van die Benguela-Katanga spoorlyn in

6. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeue in Angola, pp. 24-29.

7. J.A. Coetzee: Dorsland-Trekkers, p.50.

8. A.J. van der Walt: Noordwaarts, p. 197.

1903,⁹ het daar n nuwe belangstelling in transportry ontstaan en heelwat werksgeleenthede vir die Boere in die noorde gebied. Uitbreiding sou ook tydelik in die noordwaartse rigting stop en van wes na oos uitbrei.

Reeds in 1907 het Ds. Biewenga n herderlike besoek aan Sacanjimba gebring waar hy vyf kinders gedoop het van nuwe intrekkers wat met die trek van 1905 daar gevestig het. Sacanjimba was noordwes van Silva Porto geleë op die treintrajek wat nog gebou moes word.

Biewenga het Sacanjimba hierna nog verskeie kere besoek vanaf Cubal en die doop- en huweliksregisters getuig al meer van n groter konsentrasie van Boere daar. In 1910 is Biewenga se vierde kind, Johanna, te Que gebore, maar vanaf Junie 1911 was die Biewenga's op Sacanjimba. Die feit dat die predikant na Sacanjimba verhuis het, moes beteken dat n aansienlike deel van die gemeente (m.a.w. die Boerebevolking) na die ooste moes getrek het. Hier het Biewenga nie net twee van sy kinders gedoop nie, maar hulle geboortes ook by die owerheid geregistreer.¹⁰

Ook te Sacanjimba was die vestiging nie permanent nie hoewel daar te oordeel aan die aantal huwelike en geboortes daar, n konsentrasie van mense daar moes gewees het. Die vermoede dat die Boere se ekonomiese aktiwiteite en vestiging te Sacanjimba gekoppel was aan die konstruksie van die Katangaspoorlyn word versterk deur die plekke waar Ds. Biewenga kinders gedoop het tussen 1911 en 1914. Hy het op sy togte die volgende plekke ingesluit wat aan die treinroete geleë is: Cubal, Caóla (Robert Williams), Huambo (Nova Lisboa), Chinguar, Cutato, Sacanjimba en Bela Vista (Silva Porto). Die enigste ander wyke wat hy besoek het was Que-Caconda of ook genoem Hoogeveld waar n groep Boere agtergebly het. Die plek Drilbrug is ook gemeld as n besoekpunt; hierdie plek is egter net eenkeer vermeld terwyl die ander plekke verskeie kere gemeld is. Hiervan moet afgelei word dat Drilbrug nie die middelpunt van n

9. J. Duffy: Portuguese Africa, pp. 347-348.

10. Registo Nascimento, Administração Silva Porto.

noemenswaardige Boerenedersetting was nie.

Die Boeregemeenskap het in 1914 weer as n groep na Mombolo, noord van die huidige Luimbale, in Sentraal-Angola getrek terwyl n groepie weereens te Sacanjimba agter gebly het. Ds. Biewenga het reeds in September 1914 n besoek aan Mombolo gebring en sewe kinders daar gedoop. Van die sewe kinders was ses in 1914 gebore en slegs een kind in 1912. Hiervolgens kon die Boere nie lank tevore uit die nedersetting te Sacanjimba of Caconda getrek het nie. As hulle lank tevore reeds getrek het, sou die kinders vroeër gebore moes gewees het en sou daar meer doopgevalle gewees het.

Biewenga het in die Winter van Sacanjimba na Mombolo verhuis, die gesonde en aangewese tyd vir n reis per ossewa. Op 9 Mei 1915 het hy sy laaste doop op Sacanjimba bedien en op 18 Julie 1915 weer doop bedien op Mombolo, gevolg deur n huweliksbevestiging die volgende dag - n Maandag - wat die Gereformeerde Kerk se tradisionele troudag was.¹¹ Vanaf 1915 tot 1928 was Mombolo dan ook die sentrum van die Boerenedersetting in die noorde en het die Boere n bestendige lewe gevoer in die bergagtige gebied wat by uitstek goeie beeswêreld was.

n Studie van die bewegings van die heer Willem Jacobus Grobler, gebore op 20 September 1865, soos opgeteken deur J. von Moltke in Veldsmanne, bevestig die voorafgenoemde migrasies van die Boere. In 1888 is hy te Humpata getroud¹², in 1893 het hy na Caconda getrek, transport gery vanaf Benguela na die binne-land en die pad oor dieselfde roete saam met n Van der Merwe help bou.¹³ In 1908 is hy as wewenaar weer getroud te Que waar hy n inwoner was.¹⁴ In 1913 het hy transport gery vanaf Sacanjimba en winsgewende ritte na die Kongogrens (ZAIRE) onderneem.¹⁵ In 1915 het hy vir hom n plaas aangelê te Mombolo maar steeds aangehou om transport te ry na die ooste om n kontantinkomste te

11. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeue in Angola, p.6.

12. Doopregister Geref. Kerk Humpata, G.A.P.

13. J. von Moltke: Veldsmanne, p. 253.

14. Huweliksregister Geref. Kerk Humpata, G.A.P.

15. J. von Moltke: Veldsmanne, p. 264.

hê.¹⁶ Vanaf 1916 tot 1928 toon die dooprekords dan ook dat hy n bestendige lewe moes gevoer het, die langste tydperk wat hy gevestig gelewe het na die tydperk te Caconda.

Dit is duidelik dat die Boere aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog hoofsaaklik in twee groot gemeenskappe saamgetrek was, nl. te Mombolo in die noorde en Humpata in die suide met kleiner konsentrasies te Sacanjimba in die ooste en Caconda sentraal geleë. Vir die periode 1918 - 1920 is 13 kerkhuwelike te Humpata voltrek, 8 te Mombolo en 2 te Sacanjimba.

Die Mombolo gemeenskap het verskil van die Humpata nedersetting in die opsig dat hulle n vaste predikant gehad het en dus n normale kerklike lewe kon behou. Mombolo was ook geografies totaal afgesonder van enige verbindingsweë - en dus ook van n mark - en het juis vanweë die geografiese posisie n meer geslote en tradisievolle karakter gehad. Hierdie isolasie het o.a. die volgende sosiale implikasies gehad wat hulle van die Humpata nedersetting onderskei het en wat gedeeltelik ook toegeskryf kan word juis aan die gebrek aan kontak met Humpata: Die kerkskeuring van 1908 wat gelei het tot die stigting van die Hervormde Kerk in 1910¹⁷, en die Humpata nedersetting in twee geskeur het, het geen noemenswaardige effek op die Mombolo gemeenskap gehad nie. In 1919 was daar 6 en in 1920 net 1 kind deur besoekende predikante van die Hervormde Kerk te Mombolo gedoop.¹⁸ As in ag geneem word dat daar net sewe kinders in die Hervormde Kerk gedoop was vir die periode 1910 tot 1928, en in 1919 - 1920 alleen 41 kinders in die Gereformeerde Kerk te Mombolo (die buite-wyke uitgesluit) gedoop was,¹⁹ kan aanvaar word dat die Mombolo gemeenskap buite die kerktwis gestaan het.

n Tweede verskynsel wat onder die noordelike gemeenskap voorgekom het, was dat daar geen kerklike huwelike sedert 1898 tussen Boeremeisies en Portugese

16. J. von Moltke: Veldsmanne, pp. 283-284.

17. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, pp.32-34.

18. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.40.

19. Doopregister Geref. Kerk Mombolo, G.A.P.

gesluit was nie; wel tussen Boere en Duitsers, Hollanders, Engelse en n Jood, Mayer.²⁰ Hoewel hierdie "buitestaanders" nie almal lidmate van die Gereformeerde Kerk geword het nie, het hulle tog almal hulle kinders in die kerk laat doop of later self lidmaat geword.

Indien die kerkrekords bestudeer word, sal die afleiding gemaak kan word dat daar in die noordelike gemeenskap geen huwelike tussen Boeremeisies en Portugese plaasgevind het nie in teenstelling met die groep te Humpata waar dit wel plaasgevind het. Dit is egter nie die geval as die staatsrekords bestudeer word nie. Vanaf 1905 tot 1928 was daar 11 huwelike tussen Portugese en Boeremeisies in die noorde wat nie een deur die kerk ingeseën was nie; die ses huwelike met Duitsers, Hollanders en Engelse was egter wel kerklik ingeseën. Uit n totale aantal huwelike van 122 wat plaasgevind het tussen 1905 en 1928, was elf daarvan nie kerklik ingeseën nie, het die vanne nooit weer onder die Boeregemeenskap voorgekom nie en is kontak met hulle volks- en geloofsgenote verbreek. Hierdie huwelike met Portugese kom te staan op 9,01% van die totale aantal huwelike endi op n kulturele verlies. Die verlies is egter gedeeltelik verminder deur die suksesvolle inskakeling van die Duitsers, Hollanders en Engelse wat in 1928 saam met die Boere na Suidwes-Afrika getrek het.

Dit sal verwag word dat weëns die isolasie daar heelwat familiehewelike in Mombolo moes voorkom. Daar het dan ook n aantal familiehewelike (tussen eie neef en niggie) in Angola plaasgevind. Van die 302 huwelike wat ná 1928 in S.W.A. herregistreer was, was 7 as familiehewelike aangegee. Van hierdie sewe was egter slegs twee huwelike in die noordelike gebied gesluit. Hierdie lae syfer kan toegeskryf word aan die groot aantal verskillende families wat te Mombolo gewoon het - n teenstelling met Humpata se beperkte aantal families wat hoofsaaklik ook gevestigde families was wat nie meer wou swerf nie.

20. Huweliksregister Geref. Kerk Mombolo, G.A.P.

Die Portugese owerheid het ook n duidelike onderskeid gemaak tussen die Boere te Humpata en dié te Mombolo. Sedert 1909 was die registrasie van geboorte van Boerekinders te Humpata verpligtend.²¹ Te Mombolo was dit nie verpligtend nie. In n brief van die Britse Konsul aan die Goewerneur-Generaal van Angola, het e.g. gevra of die protestante in die omgewing van Bailundo hulle kinders op Bailundo moes registreer weens die groot afstand wat hulle moes aflê. Die goewerneur-generaal het geantwoord dat dit nie nodig was nie.²²

Die tweede Boeregenerasie te Humpata het n veel meer ingewikkelde bestaan as hulle swerwende volksgenote in die noorde gevoer. Hulle was polities meer verdag by die Portugese hoewel hulle n groot rol gespeel het as hulptroep by die onderwerping van die suidelike Bantoestamme.

Die wantroue wat daar by die Portugese teenoor die Boere bestaan het, kan volgens Van der Merwe toegeskryf word aan die feit dat die Boere hulle identiteit gehandhaaf het en geweier het om met die Portugese te integreer.²³

Die geldigheid van hierdie uitspraak kan nagegaan word deur die genealogiese bronne van beide Boere en Portugese na te gaan.

Vir die tydperk 1881-1904 was daar 121 huwelike opgeteken in die Gereformeerde Kerk. n Verdubbeling van dié getal sou dus te wagte wees vir die tydperk 1905-1928. (Colenbrander het bereken dat die Boerebevolking binne n generasie tydperk verdubbel het en dit gebruik om sy etnologiese en sosiale struktuur van die Boere te bepaal.)²⁴

Die Humpata Gereformeerde rekords dui slegs 106 huwelike aan vir die tydperk 1905-1928. Hierdie daling kan toegeskryf word aan die groot trekke na die noorde van Angola en die aantal lidmate wat die kerk verlaat het om by die Hervormde Kerk aan te sluit. Van die 106 huwelike, was twee met Portugese,

21. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.6.

22. British Consul-Governor General. 7/2/1918. A.H.A.

23. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.167.

24. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner, p.3.

en een elk met n Hollander en n Duitser. Persentasiegewys is hierdie getalle onbeduidend en sou dit beslis die indruk skep dat daar geen sprake was van integrasie tussen Boer en Portugees nie. Die Portugeese sou daarom skepties kon staan teenoor die moontlikheid dat die Boere suksesvol deur die Portugeese geassimileer sou kon word, veral aangesien slegs een van die twee Boere-Portugese huwelike tot assimilasie ten gunste van die Portugeese gelei het; die ander gesin het volkome met die Boere geïdentifiseer en in 1928 na Suidwes-Afrika getrek.²⁵

Die owerheid se huweliksrekords te Humpata gee 132 huwelike aan vir die tydperk 1905-1928. Hiervan was ag huwelike tussen Boeremeisies en Portugeese waarvan slegs twee families deur die Boeregemeenskap geassimileer is. Hierdie huwelike verteenwoordig 6% van die huwelike uit hierdie tydperk.

Behalwe die amptelike huwelike wat op Humpata gesluit was, was daar egter ook huwelike wat nie in die trouregisters opgespoor kan word nie, maar wel deur doop- en geboorteregistrasies van beide staat en kerk bevestig word. Hiervolgens styg die aantal Portugeese huwelike met vyf tot n totaal van dertien persent.

Met die byvoeging van die Hervormde rekords, kom die totale aantal Boerehuwelike te staan op 175 waarvan 17 nie suiwer Boerehuwelike was nie. Dus was 9,7% van die huwelike met nie-Boere voltrek. Van hierdie 17 huwelike, was 13 met Portugeese - 7,4% van die totaal. Hiervan het twee gesinne by die Boeregemeenskap ingeskakel. Daar was dus in hierdie periode n kulturele verlies aan die kant van die Boere. Boonop is n Boeremeisie ook in hierdie tydperk in die Rooms Katolieke Kerk te Chipitamba getroud.²⁶

Die belangrikste enkele gebeurtenis in die geskiedenis van die tweede generasie was die kerkskeuring wat in 1908 plaasgevind het. Daar is reeds vroeër

25. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, Treklyste.

26, A 101 Huweliksregistrasies, S.A.W.

in hierdie studie aangetoon dat die Boere prakties gesproke almal lid was van die Gereformeerde Kerk aangesien daar geen bande meer bestaan het met die Hervormde of N.G. Kerk met die wending van die eeu nie. Hierdie feit is gekontroleer met die doop- en huweliksregisters van die Gereformeerde Kerk wat baie duidelik vermeld het as een van die betrokke partye nie n lidmaat was nie, gewoonlik Portugese of Duitsers.

Na die bevestiging van Ds. Biewenga as leraar van die nie-blanke gemeente deur Ds. Hamersma,²⁷ was die nie-blanke gemeente in die bevoorregte posisie dat hulle n vaste leraar gehad het terwyl Humpata se blanke gemeente van periodieke besoeke deur leraars uit Suid-Afrika afhanklik was. Met die vertrek van Ds. Biewenga na die noordelike gemeente, was albei gemeentes te Humpata dus vakant. In 1907 het Ds. P.C. Snyman van Steynsburg die blanke gemeente besoek by welke geleentheid hy ook aan die nie-blankes die sakramente bedien het.²⁸

Hierdie stap het tot ontevredenheid gelei by sommige lidmate wat gelykstelling gevrees het as een predikant beide gemeentes, hoewel by aparte plekke en aparte geleenthede, sou bedien. Volgens Chapman is daar toe besluit dat n predikant van die blanke gemeente slegs op weksdae die nie-blanke gemeente mag besoek en dat sy werk daar geensins met die blanke gemeente se belange mag bots nie.²⁹

Met die koms van Ds. Pasch as vaste leraar van die blanke gemeente, is die sendingvraagstuk op 4 April 1908 op n gemeentevergadering wat skoolsake moes bespreek, deur Gert Alberts sr. en Willem Venter geopper.³⁰ Dit het gelei tot n tweede gemeentevergadering op 6 April 1908 waar die sendingsaak bespreek sou word, veral nadat dit bekend geword het dat Ds. Pasch reeds aan die nie-blankes nagmaal bedien het.³¹

27. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.24.

28. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.25.

29. W.J. Chapman: Herinneringe, S.A.W.

30. Notule, Geref. Kerk Humpata, 4/4/1908. G.A.P.

31. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.26.

Die kernvraag wat deur die gemeente behandel was, was of die leraar die nie-blankes mag besoek al dan nie, veral met die oog op die bediening van die sakramente. Ds. Pasch het by sy standpunt gebly nl. dat die Kaapse Sinode dit aan hom opgedra het om die nie-blanke gemeente ook te bedien. Hierop het verskeie gemeentelede versoek dat hulle name op die lidmaatregister geskrap word en het Willem Venter voorgestel dat die staat die kerk moes sluit.³² Volgens Willem Venter sou die bediening van die nie-blankes (een maal elke kwartaal en op 'n weensdag)³³ lei tot eise van die nie-blankes om saam met die blankes te vergader en sou dit "basterkinders" tot gevolg hê.³⁴

Die gevolge van die kerkvergadering was dat die lidmate wat uit die Gereformeerde Kerk bedank het, aansluiting gesoek en gevind het in 1910 by die Nederduitsch Hervormde Kerk na 'n besoek van Willem Venter aan Suid-Afrika.³⁵

Die rassesuierheid van die Afrikaner, en die behoud daarvan, kan dus as grondfaktor vir die kerkskeuring beskou word. Hierdie insident is dan ook 'n ryk studieveld vir die sosioloog, historikus en kultuurhistorikus en het ook politieke implikasies tot gevolg gehad: Die Gereformeerde Kerk is deur die Portugese owerheid gesluit en Ds. Pasch is deur die owerheid tot verbode immigrant verklaar.³⁶ Dit is egter 'n paradoks dat die Portugese juis opgetree het teen die persoon wat 'n gesindheid openbaar het wat meer ooreenstemming getoon het met die Portugese beleid as sy opponente wat eie identiteit ten alle koste wou behou.

Familieverbintnisse werp meer lig op die kerkskeuring en die aanhang onder die Hervormde Kerk wat wentel om die figure van Willem Venter en Andries Alberts. Willem Adriaan Venter was 'n seun van Paul Stephanus Venter wat in die Transvaal lid was van die Hervormde Kerk en eers in Angola lidmaat van die Gereformeerde Kerk geword het. Dit kan dus begryp word dat Willem Ven-

32. Notule Geref. Kerk Humpata, 6/4/1908. G.A.P.

33. Notule Geref. Kerk Humpata, 6/4/1908. G.A.P.

34. W.A. Venter: Brief in Het Kerkblad, 1/10/1909.

35. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.33.

36. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp. 31-32,

ter maklik sy kerkverband kon verander. Andries Alberts se vrou, A.M.J. van der Merwe, was n skoonsuster van Willem Venter,³⁷ en dit kan die assosiasie tussen Alberts en Venter verklaar. Voorts was Artur de Paiva ook n swaer van Willem Venter en is dit dus heel moontlik familiebande wat sy seun, Bart, beweeg het om by die Hervormdes aan te sluit, veral aangesien sy vrou, C.J.S. Venter, boonop n niggie was van Willem Venter.³⁸ Van die groot Alberts familie het slegs Hans Alberts, die ouderling, en sy broer Philippus, lede van die Gereformeerde Kerk gebly.³⁹ n Verdere ondersoek bevestig die verdere familiebande tussen Van der Walt en Venter, die Venter-Botha, Venter-Alberts en Venter-Van der Merwe huwelike waarin die gesinne almal n tuiste in die Hervormde Kerk gevind het.⁴⁰

Van der Merwe het beweer dat daar slegs drie persone op die gemeentevergadering die predikant gesteun het in sy voorneme om die nie-blanke gemeente te bly besoek.⁴¹ Volgens die telling van n stemming oor of die predikant afgedank moes word al dan nie, is gevind dat 51 daarteen gestem het en 29 daarvoor.⁴² Van der Merwe se geheue kan hier dus nie vertrou word nie, veral ook nie as hy sê dat Ds. Pasch met n geringe minderheid voortgegaan het om dienste in die kerk te hou nie.⁴³

Volgens die dooprekords van die Gereformeerde en Hervormde Kerke is daar in die periode 1909-1910 altesame 25 kinders in die Gereformeerde Kerk en 19 kinders in die Hervormde Kerk gedoop.⁴⁴ Hiervolgens was die Hervormdes in n minderheid.

Die emosionele crises en emosionaliteit wat daar geheers het tydens die kerk-skeuring, word goed geïllustreer deur die optrede van die heer Chapman wat in-tussen ondersteuner geword het van die Gereformeerde Kerk. Tydens die verga-

37. W.P. van der Merwe: Geslagsregister van J.M. vd. Merwe en A.G. Lindeque, Lyste.

38. W.P. vd. Merwe: Geslagsregister van J.M. vd. Merwe & A.G. Lindeque.

39. Huweliks- en Doopregisters, Geref. en Hervormde Kerke: G.A.P.; H.A.P.

40. Bylae.

41. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.29.

42. Notule Geref. Humpata. 6/4/1908 G.A.P.

43. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola. p.31.

44. Doopregisters Geref. en Herv. Kerke in Angola, G.A.P., H.A.P.,

dering van 6 April 1908 het hy n voorstel gemaak - gesecondeer deur Flip Venter - om die sinode te versoek om die predikant te ontslaan.⁴⁵ Dat hy spoedig berou gehad het, en nie die rebelle gesteun het nie, word bewys deur die doop van sy seun deur Ds. Pasch op 20 September 1908 te Humpata.⁴⁶ Chapman het ook later in sy herinneringe skerp te velde getrek teen die optrede van die "Vetkoppe" (ou, hardkoppige Boere) en noem dat hy Mev. Pasch, na haar man se "deportasie", onder sy beskerming geneem het.⁴⁷ Chapman het egter gerieflik vergeet om sy voorstel wat hy op 6 April 1908 gemaak het, in sy herinneringe te noem.

Die reaksie wat by Chapman te bespeur is, was ook by Kommandant Botha aanwesig. Op 18 April 1908 het hy die lys onderteken van persone wat hulle lidmaatskap van die Gereformeerde Sinode in Suid-Afrika bedank het.⁴⁸ Op 29 November 1909 het hy egter aan die sinode in Suid-Afrika geskryf waarin hy en sy seun hulle "diepste leed" uitgespreek het oor hulle ondertekening van die versoekskrif; hierna is hulle terug aanvaar in die Gereformeerde Kerk.⁴⁹ Die terugkeer na die kerklike lewe in die Gereformeerde Kerk word bevestig deur die huwelik van een van hulle Botha kleindogters in die Gereformeerde Kerk in 1915.⁵⁰

Volgens sensusopnames van die Portugese owerheid, word die aanvanklike styging in die Boerebevolking van Humpata vanaf 1881 tot 1904 en die daling daarna weens die trek na die noorde, gestaaf. In September 1881 het die 52 gesinshoofde en vyf weduwees elk 1,5 hektaar grond ontvang.⁵¹ Die lidmaatregister van die Gereformeerde Kerk het aan die einde van 1881 getoon (met die stigting van die gemeente) dat daar 142 lidmate was, m.a.w. persone bo die ouderdom van 16 jaar.⁵²

45. Nctule Geref. Humpata, G.A.P.

46. Doopregister Geref. Gemeente Humpata, G.A.P.

47. W. Chapman: Herinneringe, pp.77-80.

48. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.30.

49. A 84, S.A.W.

50. Huweliksregister Geref. Humpata, G.A.P.

51. Boletim Official; 24/9/1881.

52. Lidmaatregister Geref. Kerk Humpata, G.A.P.

Die trek na Grootfontein in 1884 het weer n afname in populasie veroorsaak wat egter deur hulle terugkoms in 1888 grootliks vergoed was.⁵³ Hierdie gewens word bevestig deur die toekenning van plase wat gemiddeld tussen 60 en 70 hektaar groot was aan 57 Boere in Mei 1893.⁵⁴ Die trek wat in 1893 uit die Transvaal vertrek het en in September 1894 te Humpata aangekom het, het die Boerebevolking met nog tenminste 39 families of trekgroepe aangevul⁵⁶. Die totale aantal plaasuitgifte en die trekeenhede van 1894 kom dan op minstens 96 families te staan. Hierdie syfers word gestaaf deur n Portugese sensus van 1900 wat die Boerebevolking van Humpata as 440 mans, vrouens en kinders aangegee het teenoor die 322 blanke Portugese.⁵⁷ n Opname van die chefe van Humpata, Moraes, in 1903 het 140 Boermans aangegee.⁵⁸ Die jongste persone wat in ag geneem was met hierdie telling was 16 jaar oud.

In Januarie 1916 was daar weereens n opname volgens nasionaliteit, hiervolgens was die Boere as Britse onderdane aangedui en was daar slegs 109 mans en vroue aangedui.⁵⁹ Daar moes egter aansienlik meer Boere gewees het aangesien sommige Boere as Portugese burgers genaturaliseer was. Enkele Boere was ook as Duitse onderdane aangedui op grond van hulle geboorte in Duits-Suidwes-Afrika.⁶⁰

Na 1920 het daar n trekbeweging suidwaarts ontstaan aangesien die omstandighede vir veeboerdery meer gunstig was. Die plek waar die Boere hulle gevestig het, is die Sandveld genoem en is ook so aangedui in die dooprekords van die Hervormde Kerk in 1923 toe vyf kinders daar gedoop is.⁶¹ Op 17 Augustus 1924 was die eerste ses Gereformeerde kinders waarvan een reeds in 1918 ge-

53. D. Postma: De Trekboeren, p.170.

54. Boletim Official, 27/5/1893.

55. J.A. Coetzee: Dorsland-Trekkers, p.49.

56. J.A. Coetzee: Dorsland-Trekkers, pp.62-63.

57. J. de Almeida: Sul de Angola, p.99.

58. Argiefgroep Estrangeiros, A.H.A.

59. Argiefgroep Estrangeiros, A.H.A.

60. Argiefgroep Estrangeiros, A.H.A.

61. Doopregister Herv. Kerk, H.A.P.

bore was.⁶² Hierdie gegewens dui die ongereëelde besoeke van die leraars uit Suid-Afrika aan. In 1926 het die Hervormde leraar, Ds. Dreyer 15 kinders in die Sandveld gedoop,⁶³ terwyl Ds. Venter, Gereformeerd, slegs 9 kinders daar in dieselfde jaar gedoop het.⁶⁴ Hierdie was ook die laaste besoeke wat die Boere in die Sandveld van n Afrikaanse leraar ontvang het. Volgens die dooprekords wil dit dus voorkom of die Sandveld gemeenskap oorheersend Hervormd was. Dit verklaar ook moontlik hoekom daar juis in die Suide n skool gestig is deur die Hervormde Kerk vir die kinders van die Boere wat na 1928 nog in Angola gewoon het.⁶⁵

Die getalle-oorwig van die Hervormde Kerk in die Sandveld word ook bevestig deur diefeit dat van die 4 Boeregesinne wat in 1928 in die Suide van Angola-Sandveld en Humpata - was, almal Hervormdes was; die wat in die noordelike gebied agtergebly het, was almal Gereformeerd.⁶⁶ Ten spyte van die getal-oorwig, moes die verhouding tussen die twee Boerekerke goed gewees het want in 1926 het Ds. Venter n kind van Hervormde lidmate te Ongono gedoop.⁶⁷ As gevolg van die geografiese isolasie van die gemeenskap, kon hulle ook nie juis bekostig om die vetes van Humpata daar verder te voer nie.

Met die aanbreek van die einde van die tweede generasie in 1928, kan die volgende stellings dus oor die tweede generasie gemaak word.

1. In 1905 was daar n gevestigde Boeresamelewing te Humpata en die Humpatadistrik. Daar het egter reeds verskeie Boere uitgewyk na Cubal-Caconda en selfs verder noord; versnelde uitbreiding sou dus ná 1905 verwag kon word.

62. Doopregister Geref. Kerk Humpata, G.A.P.
63. Doopregister Herv. Kerk Humpata, H.A.P.
64. Doopregister Geref. Kerk Humpata, G.A.P.
65. P.S. van der Walt: Ongepubliseerde M.S.
66. P.S. van der Walt: Ongepubliseerde M.S.
67. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.40.

2. Die kerkskeuring in 1908 het die Boeregemeenskap ernstig verdeel en ontwrig en n indruk by die Portugese owerheid gelaat dat die Boere hulle identiteit ten alle koste wou behou op grond van hulle streng rasse-siening.
3. Boeremigrasie het noordwaarts en ooswaarts plaasgevind tot by die huidige dorpe Cassongue en Silva Porto waar hulle hoofsaaklik van transportry n bestaan gemaak het.
4. Die noordelike nedersettings te Mombolo- en Luimbale (Loahanda) was geïsoleerd van die Humpata gemeenskap.
5. Die noordelike nedersettings was almal bewoon deur oorwegend lidmate van die Gereformeerde Kerk wat die maatskaplike en sosiale lewe grootliks beheers het.
6. Vanaf Humpata het die Boere na 1920 suidwaarts beweeg en n oorheersende Hervormde gemeenskap in die Sandveld gevorm.

HUWELIKSFREKWENSIE 1905 - 1928.

Nie-Boer met Boer		:	Boer met Boer.				
1905	1	:	1905	llll	llll	llll	ll
1906	1	:	1906	llll	l		
1907	ll	:	1907	llll	llll		
1908	1	:	1908	llll	llll	lll	
1909	1	:	1909	llll	llll		
1910	1	:	1910	llll	ll		
1911	1	:	1911	llll	l		
1912	1	:	1912	llll	ll		
1913		:	1913	llll	llll	llll	lll
1914	lll	:	1914	llll	llll	l	
1915		:	1915	llll			
1916	ll	:	1916	llll	llll	llll	lll
1917		:	1917	llll	llll	ll	
1918	1	:	1918	llll	llll	llll	ll
1919	1	:	1919	llll	llll	l	
1920	llll	:	1920	llll	ll		
1921		:	1921	llll	lll		
1922	lll	:	1922	llll	llll	lll	
1923	1	:	1923	llll	lll		
1924		:	1924	llll	llll	llll	lll
1925	ll	:	1925	llll	llll	lll	
1926	lll	:	1926	llll	llll	llll	
1927	ll	:	1927	llll	llll		
1928	ll	:	1928	llll	llll	llll	l

ZAIRE

BOERENEDERSETTINGS

1928

ATLANTIESE
OSEAAN

(MOMBOLO)

LUIMBALE • BAILUNDO

CHINGUAR

• SILVA PORTO

GANDA

CALUQUEMBE

CALONDA

HUMPATA

• PALANCA

• CHIANGE

OMPUPA

• OCHINJAU

KUNENE

OKAVANGO

SUIDWES- AFRIKA



HOOFSTUK 6.

Die Boere wat in Angola vir n tydperk van amper vyftig jaar aanwesig was, sou na verwagting n eie stempel op dié dele in Angola afdruk waar hulle nedersettings gestig het. Terselfdertyd sou dit ook te verwag wees dat die fisiese en kulturele kontak met die Portugese ook die Boerekultuur sou beïnvloed, veral waar daar relatief min kontak was tussen die Afrikaners in Suid- en Suidwes-Afrika en die Angola Boeregemeenskappe.

Genealogiese gegewens verstrek dan die antwoord op die vraag wat die omvang en intensiteit van assimilasië tussen Boer en Portugees was. In die tydperk 1881-1904 was daar 160 bevestigde (opspoorbare) huwelike waarby Boere n party was. Hiervan was ses huwelike met Portugees - n persentasie dus van 3,8%. Vir die tydperk 1905-1928 was daar 336 bevestigde of opspoorbare huwelike waarvan 25 met Portugees was - n persentasie dus van 7,4%. Daar het dus feitlik n verdubbeling van die persentasie "gemengde" huwelike van die eerste na die tweede generasie plaasgevind. Volgens hierdie tendens sou die huwelike tussen Boere en Portugees in verhouding toeneem.

Daar was egter ook verskeie ander Europese bevolkingsgroepe in Angola teenwoordig. Die Boere te Silva Porto het transport gery na die vroeëre Belgiese Kongo en verskeie Belge het hulle in Angola gevestig as handelaars op die trekroetes tussen Angola en die Kongo. Na die afloop van die Eerste Wêreldoorlog, het verskeie Duitsers na die koloniale gebiede in Afrika uitgewyk en in die Portugees gebiede, hoofsaaklik Angola en Mossambiek, n welkome ontvangs as settelaars ontvang waar hulle veral die sisalbedryf ontwikkel het. Met die bou van die spoorlyn tussen Lobito en Katanga deur n Britse maatskappy, het verskeie Britte hulle ook in die sentrale area van Angola bevind sedert 1903.¹

1. J. Duffy: Portuguese Africa, pp.347-348.

Gedurende die tydperk 1881-1904 was daar 5 huwelike met nie-Boere wat 3,1% van die 160 huwelike van hierdie tydperk verteenwoordig. Vir die tydperk 1905-1928 het die aantal huwelike na 20 gestyg uit 'n totaal van 336 huwelike wat 'n syfer van 5,9 weerspieël. Daar het ten opsigte van huwelike met hierdie groepe dus feitlik 'n verdubbeling in die tweede generasie plaasgevind. Dit is egter opvallend dat die huwelike met Portugese persentasiegewys hoër was as die huwelike met ander Europeërs van Germaanse afkoms. Hierdie verskynsel het by albei generasietydperke voorgekom en is veral vreemd vanweë die groot kulturele verskille t.o.v. geloof en rasse siening wat daar tussen Boer en Portugees bestaan het.

Die hoë persentasie huwelike met Portugese in die tweede generasie noodsaak 'n verdere ondersoek om die kultuurverlies of -wins aan Boerekant te ondersoek. Van die 25 huwelike het slegs 4 gesinne daarna by die Protestantse kerk ingeskakel en met die Boere geïdentifiseer. Die gesinne wat nie ingeskakel het nie, het blykbaar heeltemal los van die Boeregemeenskap gestaan. Graphorn, wat van 1910 tot 1913 oefenaar was vir die makvolk te Que², se uitspraak dat huwelike van Boeremeisies met Portugese mans tot die grootste uitsondering behoort³, is dus verstaanbaar as hy slegs volgens die Gereformeerde Kerk se rekords beoordeel het want dié het getuig van minimale kontak met die Portugese. 'n Studie van die Portugese staatsrekords toon egter die groot aantal Boeremeisies wat hulle kulturele bande met hulle volksgenote gebreek het en gee 'n meer realistiese beeld as die kerkrekords.

Die waardestelsel van die Boere t.o.v. kerk en staat kan ook afgelei word deur 'n ondersoek van die troudatums. Daar is reeds verwys na Van der Merwe se stelling dat die siviele en kerkhuwelik op dieselfde dag plaasgevind het.⁴ Hierdie gebruik was streng by die eerste generasie gehou, by die tweede egter nie. Dit het dikwels gebeur dat daar 'n verskil van 'n dag, dae of selfs weke tussen die datums van die kerk- en staatshuwelike voorgekom het. Hier

2. S. du Toit (Red.): Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p.125.

3. A.J. van der Walt: Noordwaarts, p.196.

4. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.6,

is ook neigings te bespeur volgens streek hoewel daar verskeie uitsonderings was. Op Humpata het die huwelike gewoonlik op dieselfde dag plaasgevind in beide kerk of en landdroskantoor. Indien die twee seremonies nie op dieselfde dag plaasgevind het nie, het die kerkhuwelik gewoonlik n dag of wat later op die staatshuwelik gevolg.

In die omgewing van Silva Porto het die staatshuwelik gewoonlik die kerkhuwelik met n paar dae of selfs weke voorafgegaan. Te Mombolo was dit egter omgekeerd en het daar tot maande verloop voordat die kerkhuwelik ook deur die staat te Luimbale of Teixeira da Silva gewettig is.

Die verskille wat daar by die onderskeie gemeenskappe bestaan het, kan aan beide geografiese en sosiaalreligieuse oorsake toegeskryf word.

Die gemeenskap te Humpata was geografies gekonsentreer om die administratiewe pos te Humpata en die Gereformeerde en Hervormde Kerke was minder as 10 km van die administrador (landdros) geleë. Die Boere was ook sedert 1909 wetlik verplig om hulle kinders se geboortes te registreer te Humpata⁵; n siviele geboorteregistrasie sou egter n kind as buite-egtelik aandui op sy geboortesertifikaat as die ouers nie ook in n siviele huwelik bevestig was nie.

Die Boeregemeenskap te Silva Porto het verskeie inwoners gehad wat ná 1904 eers Angola binne gekom het en dus nie die tradisies geken het wat by die meer gevestigde Humpata groep aanwesig was nie. Hierdie groep het feitlik konsekwent eers die siviele seremonie deurgaan en dan n week of twee later die kerkseremonie te Sacanjimba, die middelpunt van hulle nedersetting, deurgaan.

Te Mombolo was die huwelikspatroon anders. Hierdie gemeenskap was geografies afgesonder van n administratiewe pos; die terrein was bergagtig en daar het geen ordentlike paaie bestaan nie. Hierdie gemeenskap het ook die voor-

5. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, pp.5-6.

deel gehad dat hulle oor n vaste leraar beskik het en troues gereeld deur die predikant waargeneem was, anders as by die afgeleë wyke waar ouderlinge en selfs diakens as huweliksbeamptes opgetree het. Dit kan dus te wagte gewees het dat die kerk in hierdie afgesonderde gemeenskap n baie groter rol gespeel het as by die ander gemeenskappe. Die huweliksgebruike by hierdie groep toon dan ook dat hulle veel minder waarde aan die staatshuwelik geheg het as hulle volksgenote in die Suide en Ooste van Angola. Ds. Biewenga het o.a. sy eie huwelike eers in 1927 te Luimbale geregistreer nadat hy deur die sinode in Suid-Afrika daarop gewys is dat hy n voorbeeld moes stel aan die gemeente deur die siviele huwelik te erken.⁶ Ds. Biewenga was kerklik self net deur n ouderling getroud.

Die planne om na Suidwes-Afrika te trek het moontlik bygedra om die Mombolo Boere hulle huwelike en geboortes by die staat te laat registreer met die oog daarop om reis en identiteitsdokumente te bekom. Op 6 Junie 1928 het altesaam 11 pare hulle huwelike wat tot 33 jaar tevore gesluit is, by die staat laat registreer te Caála, gevolg deur die registrasie van hulle kinders se geboortes.⁷ Dieselfde soort massaregistrasie het tussen 26 en 28 April te Luimbale plaasgevind.⁸ Hierdie huwelike het plaasgevind volgens artikel 1056 van die Portugese huwelikskode. Die massaregistrasie van Boere in April 1927 kan as n voorspel tot die uittog van 1928 beskou word.

Die probleem van beperkte assimilasie (soos deur die Portugese gesien) tussen Boer en Portugees kan ongetwyfeld toegeskryf word aan die groter bewuswording van die kulturele verskille tussen Boer en Portugees. Daar is reeds verwys na die hartlike ontvangs wat die Boere in 1880 te beurt geval het,⁹ sowel as die optimistiese siening van Veth dat daar n nuwe volk sou ontwikkel uit die Boere en Portugeese waar godsdienverskille nie n rol sou speel

6. D.G. Venter: Dokumente Versameling, G.A.P.

7. Registos Civil, Robert Williams.

8. Registos Civil, Luimbale.

9. D. Postma: De Trekboeren, pp.96-105.

nie.¹⁰ Dit is egter opmerklik dat beide bronne uit die eerste vyf jaar na die aankoms van die aankoms van die Boere, dateer.

Die aanvanklike hartlike samewerking tussen die Boere en Portugese het spoedig verdwyn toe wantroue die plek daarvan geneem het.

Van Boerekant is die begeerte reeds tevore genoem om so vroeg as 1883 onder die Roomse bewind uit te trek.¹¹ Verskeie skrywers het ook die Portugese se "kleurblindheid" as n ernstige probleem gesien, sowel as die groot aantal "degradados" (gedeporteerdes) wat in Angola aanwesig was. Veth het reeds in 1887 gemeld dat die degradados nie in Mossamedes toegelaat was nie.¹² Die Boere sou dus ook met reg op hierdie tipe Portugeses kon neersien aangesien die degradados se eie volksgenote hulle verwerp het. Dit was dan ook juis die degradados wat na die binneland uitgewyk het as handelaars en met wie die Boere die meeste kontak gehad het.

Die koloniste uit Madeira wat hulle in 1884 te Lubango, en later te Humpata, gevestig het, was verarm en het nie dieselfde kulturele agtergrond as die Portugese uit Portugal gehad nie. Die Boere het dan ook met minagting van die "kolonies" gepraat om die Portugese uit Madeira aan te dui.¹³ Die Boere het ook n groot onderskeid gemaak tussen die stand van Portugese soos Artur de Paiva en Da Mata en die colonos met wie hulle die meeste te doen gekry het.

Om bogenoemde stelling te staaf, kan na Ds. L.P. Vorster se verslag verwys word. Hy skryf in 1892: "De omgewing waarin de gemeente zich bevindt, oefent ongetwyfeld ook een zeer nadeeligen invloed uit. Op enkele uitzonderingen na, zÿn de zoogenaamde Europeanen met wie onze menschen in aanraking komen, niet alleen van zeer twijfelachtige kleur, maar ook van twijfelachtige ka-

10. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, pp.228-229.

11. D. Postma: De Trekboeren, p.157.

12. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.185.

13. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp.2-3.

rakter"¹⁴ Van die Madeira koloniste sê hy: "Dezen staan op een zeer lagen trap van beschaving en behooren evenals de andere Portugeezen en Europeanen van andere nationaliteiten in naam tot de roomschkatolieke kerk, maar hebben eigenlijk geen godsdienst."¹⁵

In die lig van Ds. Vorster se uitspraak, sou n huwelik tussen die konserwatiewe Calvinistiese Boer met sy sterk rassebeskouings en n Portugees van die Madeira koloniste, hoogs onwaarskynlik voorkom. Die eerste huwelik tussen n Boeremeisie en n boorling van Madeira wie se huwelik op Humpata met sekerheid vasgestel kon word, was eers in 1916 tussen Aletta van Vuuren en João d' Oliveira.¹⁶

Dieselfde trouregister wat bogenoemde huwelik aangedui het, toon ook dat die Portugese te Humpata - wat in 1916 in naastenby ewe sterk getalle as die Boere daar gevestig moes wees - veel minder Portugese huwelike aangetoon het. Uit n totaal van 18 huwelike in 1916, was daar twee huwelike tussen Portugese onderling, een huwelik van makvolk (wat volgens die register wel kon skryf, die huwelik tussen Van Vuuren en D'Oliveira, 13 Boerehuwelike en een huwelik tussen n Portugees en die onegte dogter van n Portugees en n Boeremeisie.¹⁷

Hierdie patroon, waar Boerehuwelike feitlik n jaar se inskrywings in die staat se trourekords oorheers het, het by verskeie administratiewe poste waar Boere gebly het, voorgekom. Hierdie verskynsel kan twee verklarings hê; óf die huwelike was in die Katolieke Kerk bevestig, óf daar was baie buite-egtelike verhoudings by die Portugese aanwesig. In die geval van die katolieke huwelike op Humpata vir hierdie tydperk, is die antwoord te vind in die groot aantal Katolieke trourekords wat ook deur die staat te Humpata bewaar word en dit moet dus verwerp word dat daar n oormatige getal onwettige verhoudings onder die Portugese bestaan het te Humpata.

14. D.J. Postma: De Trekboeren, p.320.

15. D.J. Postma: De Trekboeren, p.320.

16. Registos Casamento, 1916, Administração Humpata.

17. Registos Casamento 1916, Administração Humpata.

Ds. L. Vorster was egter ook bekommerd oor die morele peil van die jonger Boeregeslag, asook sommige van die oueres wat n gees van ligsinnigheid en onverskilligheid teenoor godsdiens openbaar het.¹⁸ Waar die Boere dan geestelik wel afgedwaal het, was dit nie weg van die Calvinisme na die Katolisisme nie, maar wel sedelik soos die kerkraadsverslae en doop- en huweliksregisters buite-egtelike kinders in die Boeregemeenskap aangedui het.

Van hierdie verhoudings kon egter gewettig gewees het as die Boerekerke, veral te Mombolo, nie so ontoegeeflik was ten opsigte van huwelike tussen Boere-meisies en Portugese nie. Ds. Venter het in 1926 die geval genoem van n Du Plooy meisie wat onder sensuur geplaas was omdat sy met n Portugees getroud was.¹⁹ Aan die ander kant was die kerk magteloos om op te tree teen die Broeder op Humpata wat openlik sy vrou se weduweesuster as tweede vrou geneem het en hulle drie in harmonie saamgeleef het.²⁰ Sy verweer was dat Salomo dieselfde gedoen het en hy en sy vrouens het geen berou getoon nie.²¹

Dit kan op grond van genealogiese gegewens aanvaar word dat daar dus wel sedelike agteruitgang was by die Boeregemeenskap, hoofsaaklik in die tweede generasietydperk. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die invloed van die kerke wat op Humpata verminder het en hulle onvermoë om tot n kompromis te kom met die Katolieke Portugese in die noordelike gebiede. Meisies, wat numeries die mans oortref het en met Portugese mans getroud was, was kerklik nie meer welkom in die Boeregemeenskap nie - die afwesigheid van Boere-Portugese huwelike in die kerkrekords van Mombolo getuig hiervan. (Hoewel dit plaasgevind het.)

Die Afrikanerbeskrywing van die Portugese sosiale samelewing was moontlik oordrewe negatief. Graphorn het in 1919 teenoor die skrywer A.J. van der Walt

18. D. Postma: De Trekboeren, p.321.

19. D.G. Venter: Reisjoernaal, G.A.P.

20. Notule Geref. Humpata, 20/8/1926. G.A.P.

21. Notule Geref. Humpata, 20/8/1926. G.A.P.

opgemerk dat verbastering tussen Portugees en Bantoe fantastiese afmetings aangeneem het; sommige Portugese sou na bewering tot tussen tien en twintig Bantoevroue aangehou het en veneriese siektes sou onder hulle floreer het.²²

Die aantal huwelike of verbintenisse tussen die Portugese en Bantoevroue is verstaanbaar. Die mans het dikwels as enkellinge na Angola gekom waar daar veel minder blanke vroue as mans was. Volgens n sensus uit die tydperk 1835-1840 was daar 1500 blankes in Luanda waarvan slegs 135 vrouens was. Dat daar dus 5770 gekleurdes was onder die Portugeesbeheerde gebied is te verstane weens die ernstige tekort aan blanke vroue.²³ Ds.Cachet het hierdie toestand bevestig toe hy in 1881 Mossamedes besoek het en aangeteken het dat daar baie min blanke vroue aan die weskus te sien was.²⁴ Aangesien die Boere as gesinne na Angola gekom het, en n getalle oorwig van vroue gehad het, is n objektiewe vergelyking t.o.v. kleurvermenging nie moontlik nie. Dit sou egter onwaarskynlik wees dat daar gedurende die eerste twee generasies ernstige kleurvermenging by die Boere sou ontstaan het as die Boere se sterk standpunt oor hierdie saak in ag geneem word.

Dit was egter nie net die Boere wat rede gehad het om oor kulturele verskille te kla nie. Die Portugese het van hulle kant af ook die Boere gekritiseer en redes kon noem hoekom die Portugese nie met die Boere wou assimileer nie. Die Boere was volgens die Portugese beskouing swak koloniste. Die Boere se rassiesiening was onaanvaarbaar vir die Portugese en die Angoolse geskiedskrywer, G. de S. Dias, (outeur van die biografie van Artur de Paiva) het die volgende geskryf wat in The Windhoek Advertiser verskyn het: "On the other hand it is equally true that though the Boers assisted us in subduing the natives, we had at times to protect the blacks against their excesses and extortions. The Boer hates the native, and treats him as if he were a vile and repulsive animal."²⁵

22. A.J. van der Walt: Noordwaarts, p.196.

23. J. Duffy: Portuguese Africa, p.352.

24. D. Postma: De Trekboeren, p.120.

25. G. de S. Dias: The Windhoek Advertiser, 25/5/1928.

Dias baseer sy houding t.o.v. die Boere se behandeling van die Bantoes op l.g. se verliese wat hulle op Boerestrooptogte gely het as die Boere vee van die Bantoes gebuit het. In dieselfde artikel meld Dias egter ook dat die Boere wat saam met Portugese strafekspedisies geveg het, ruimskoots van die veebuit ontvang het wat tussen die Boere en Portugese verdeel was.²⁶

Die Boere het egter wel by geleentheid die gesag in eie hande geneem sodat dit selfs internasionaal weerklank gevind het en verleentheid veroorsaak het vir President Kruger.

Die Boere het in 1897 n brief opgestel om President Kruger te vra om n konsul na Angola te stuur om na die Boere se belange om te sien. Die brief was o.a. geteken deur Andries Alberts, Johannes Alberts en Willem Venter. Na die versending van die brief, het dieselfde persone egter op eie houtjie n strafekspedisie gereël om gesteelde vee terug te vind. In die proses is verskeie Bantoes doodgeskiet en tussen 200 tot 300 beeste gebuit. Gerugte - wat vals was nl. dat Portugese troepe uit Lissabon op pad was om die Boere te verdryf, het die betrokke Boere per telegram hulp laat vra van Kruger om die vergieting van bloed tussen die Boere en Portugese soldate te voorkom. Kruger het dadelik die ware feite telegrafies van Lissabon kon verkry en het aan die Boere n telegram gestuur wat die gerug ontken het maar het hulle ook gewaarsku om die Portugese regering se wette te gehoorsaam. Gelukkig was die geskil spoedig daarna deur bemiddeling van Artur de Paiva, swaer van Venter, plaaslik geskik.²⁷

Hierdie gedrag van die Boere het die beeld van die Boerekarakter as rebels en onbeheerbaar - wat volgens Dias reeds in 1882 by die Portugese bestaan het - aansienlik versterk.²⁸

26. G.de S. Dias: The Windhoek Advertiser, 26/5/1928.

27. W. Chapman: Herinneringe, pp.148-150.

28. G.de S. Dias: The Windhoek Advertiser, 26/5/1928.

Die Portugese het ook die Boeretemperament gesien as rusteloos en rondtrekkend; persone wat nie kon vestig en n produktiewe lewe lei nie. Om hierdie neiging van die Boere te bekamp om elke winter in die jagveld deur te bring op soek na grootwild, het die Portugese owerheid streng jagregulasies uitgevaardig om n meer permanente vestiging van die Boere te bewerkstellig.²⁹

Die relatiewe kort tydperke wat die Boere op plekke deurgebring het, word dan ook in hulle doop- en huweliksrekords weerspieël en bevestig die Portugese beskuldigings.

Die feit dat die Boere slawe aangehou het,³⁰ selfs tot kort voor die Eerste Wêreldoorlog,³¹ het Dias in sy kritiek op die Boere verswyg. Dit kan moontlik wees dat hy dit doelbewus verswyg het aangesien die Afrikaner geskiedenisbronne wat slawerny by die Boere erken het, telkens met minagting na die Portugese se slawernypraktyke verwys het vanweë hulle onmenslikheid teenoor die slawe.³²

Dat die Portugese relatief gou assimilasië probleme met die Boere voorsien het, kan afgelei word uit die feit dat daar reeds in 1882 geagiteer was om Portugese nedersetters op die latere Sa da Bandeira en op Humpata te vestig.³³ Die geringe aantal huwelike tussen Portugese en Boere in die eerste generasie, en die feit dat die Portugese volksheld, Artur de Paiva, binne n paar jaar volkome met die Boere geïdentifiseer het, moes n invloed gehad het op die Portugese owerheid se siening. Die seun van Artur de Paiva, Bart, was so volkome geassimileer dat hy ná 1908 by die Hervormde Kerk aangesluit het³⁴ - die groep wat as die mees konserwatiewe Afrikanergroep in Angola beskou kon word.

29. G.de S. Dias, The Windhoek Advertiser, 26/5/1928.

30. W. Chapman: Herinneringe, p.128.

31. J. von Moltke: Die Huisgenoot, 21/7/1944.

32. J. von Moltke: Die Huisgenoot, 21/7/1944.

33. G.de S. Dias: The Windhoek Advertiser, 26/5/1928.

34. Lidmaatregister Hervormde Kerk Humpata, H.A.P.

Die toenemende kommer t.o.v. die Boere se onvermoë of onwilligheid om met die Portugese te assimileer, word weerspieël deur die Portugese se houding teenoor die onderwys van die Boerekinders.

Die Boerekinders se opvoeding het hoofsaaklik om die lees van die Bybel gewentel. Om te kon trou moes hulle eers lidmaat van die kerk word - en om lidmaat van die kerk te word, moes hulle n goeie kennis van die Bybel hê. Zahn, n Hollander en inwoner van Angola, het dan ook t.o.v. die Boerekinders se onderwys gesê dat dit alleen toegespits was op n eventuele huwelik.³⁵

Met die aankoms van die eerste Boere te Huila, het die Katolieke sendeling, Duparquet aangebied om die Boerekinders gratis te onderrig. Die Boere het egter geweier om hulle kinders as Portugese te laat opvoed aangesien "Zy wenschen godsdienst en taal te bewaren."³⁶

Met Ds. Cachet se besoek aan die Boere in 1881 het hy gemeld dat al 38 lidmate wat hy aangeneem het kon lees en skryf; dit ten spyte van die feit dat dit met onderwys swak gesteld was.³⁷ n Ondersoek van die troueregisters vir die tydperk 1881 tot 1928 het dan ook getoon dat al die Boere geletterd was, al was hulle handtekeninge nie altyd egalig nie en het hulle unieke spelwyses vir hulle name en vanne gehad.

Die eerste amptelike Boereskool het in 1890 ontstaan toe Ds. Postma op 13 Januarie met 44 leerlinge n dagskool geopen het waarvan die leerlingtal moontlik tot 60 kon styg.³⁸ Die onderwys van die Boerekinders in Angola het ook hulle volksgenote in die Transvaal aangegryp. In die notule van die Gereformeerde Kerk te Humpata is op 29 Augustus 1890 aangeteken dat die Volksraad van die Zuid Afrikaansche Republiek £800 wil skenk aan die kerk en onderwys in Angola.³⁹ Dit is insiggewend dat President Kruger ook stigterslid was

35. Zahn: Die Suidwes Nuus, 11/5/1923.

36. D. Postma: De Trekboeren, p.143.

37. D. Postma: De Trekboeren, p.142.

38. D. Postma: De Trekboeren, p.264.

39. Notule Geref. Kerk Humpata, 29/8/1890. G.A.P.

van die Gereformeerde Kerk en dat hy heel moontlik n aandeel sou hê in hierdie besluit.

In 1894 was daar 48 kinders op skool te Humpata waar n opgeleide Hollandse onderwyser, J.A. Looyen, onderrig gegee het.⁴⁰ Die onderwyssituasie was egter baie wisselvallig weens die gebrek aan opgeleide onderwysers want in 1908 was daar geen skool te Humpata nie, 33 leerlinge te Palanca, 5 te Macuma en 20 te Que (Caconda).⁴¹

Van Portugese kant het onderwys agterweë gebly en is die eerste staatskool eers in 1899 te Humpata in gebruik geneem.⁴² Hierdie skool is later ook deur Boerekinders bygewoon.⁴³

Aanvanklik was daar geen teenkanting van die Portugese kant teen hierdie skole waar o.a. ook vakke soos Aardrykskunde, Wiskunde en Hollandse grammatika geleer was nie.⁴⁴

Namate die Portugese staatskole te Humpata, Chibia en Lubango toegeneem het en ook deur Boerekinders besoek was,⁴⁵ het die Portugese die Boereskole as onnodig beskou en vertrou dat die Boerekinders in die toekoms hulle verdere opleiding in Angola sou kon voltooi.⁴⁶

Met die bloei van die Portugese skole, het daar onder die Boereskole n insakking plaasgevind. In 1922 het Mnr. Venter te Humpata arriveer as onderwyser en daar 63 leerlinge aangetref wat gegroei het tot 90, maar kort daarna verminder het na 15 sodat die skool na Macuma verskuif moes word.⁴⁷ Venter het as rede vir die afname aangegee die rondtrek van die Boere, verminderde belangstelling in onderwys (Een ouer wou sy seun uit die skool haal om vee

40. Gereformeerde Kerk Jaarboek, 1894.

41. Gereformeerde Kerk Jaarboek, 1908.

42. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.9.

43. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.9.

44. W. Chapman: Herinneringe, p.75.

45. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.9.

46. G. de S. Dias: The Windhoek Advertiser, 26/5/1928.

47. D.G. Venter: Reisjoernaal, G.A.P.

op te pas en voëls weg te jaag) en persoonlike kwessies met die onderwyser.⁴⁸ n Belangrike aspek wat die onderwyser Venter nie genoem het nie, was die feit dat die Gereformeerde Kerk die skool gestig en in stand gehou het terwyl n groot aantal van Humpata se gemeenskap Hervormde lidmate was en dus nie entoesiasties sou wees oor n "Gereformeerde" skool nie.

Die eerste bemoeïng van staatsweë het in Desember 1925 gekom toe die goewerneur die bestaan van Boereskole verbied het; alleen skole waar die Bybel en Kategismus geleer was, en niks meer nie, sou toegelaat word.⁴⁹

In 1926 is daar dus met n s.g. "geloof"-skool begin wat egter op 22 Februarie 1926 gesluit is deur die chefe van Humpata op grond van die feit dat daar meer as net bybelkennis gedoseer was.⁵⁰

Volgens Van der Merwe sou hierdie repressiewe maatreëls van die owerheid die vernietiging van die Afrikanertaal beteken en sou die Boerekultuur verdwyn deur assimilasië.⁵¹

Die Boere wat wel Portugese staatskole bygewoon het, waar geen rasseskëiding was nie,⁵² het geensins verportugees soos Van der Merwe gevrees het nie.⁵³

Onder die Afrikanerleerlinge wat die hoërskool te Sa da Bandeira bygewoon het, was P.P.H. Alberts, n leiersfiguur en latere scribe in die Hervormde Kerk in Suidwes-Afrika.

Op kulturele vlak was daar verdere verskille wat die Portugese kon laat neersien op die Boere as n groep. Daar is reeds verwys na die verskynsel onder die Portugese dat van hulle mindere gelukkige volksgenote verbied was om in die stede of dorpe te woon. By die Portugese was daar aan die einde van die vorige en begin van die huidige eeu, nog sterk klasseverskille onder die mo-

48. D.G. Venter: Reisjoernaal, G.A.P.

49. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, pp.15-16

50. D.G. Venter: Reisjoernaal, G.A.P.

51. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.19.

52. G.de S. Dias: The Windhoek Advertiser, 26/5/1928.

53. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.18,

nargale stelsel. By die Boere het daar geen klasseverskille (t.o.v. blankes) bestaan wat op grond van afkoms bepaal was nie en het daar n meer demokratiese gees geheers.

Die reisiger Veth het juis die totale gebrek aan formaliteit by die Boere opgemerk en aangeteken dat hy spoedig as neef "Daniël" aangespreek was en dat die gebruik van "mijnheer" en die "geslachtsnaam" (familienaam) nooit in die alledaagse omgang gebruik word nie.⁵⁴ Die Europees-opgevoede Portugees sou dus n gebrek aan kultivering en etiket by die Boere bespeur aangesien die meeste Boere in Angola slegs die ossewa en mees eenvoudige huis as kultuurmilieu geken het.

Die kulturele isolasie van die Angola Boere het ook tot gevolg gehad dat sommige mede-Afrikaners in S.W.A. tot so laat as 1949 op hulle neergesien het vanweë hulle vreemde leefwyse en gewoontes.⁵⁵ Von Moltke het hierdie wanbegrip wat by die Suidwes-Afrikaners bestaan het, toegeskryf aan die groter rol wat gasvryheid by die Angola Boere gespeel het.⁵⁶ Hierdie gasvryheid het o.a. berus op die geografiese isolasie waarin die Boere hulle vir n lang tydperk bevind het - almal was op mekaar aangewese - en baie familiebande het die Boeregemeenskappe onderling gebind.

Daar is reeds verwys na die ultrakonserwatiewe houdings wat by die latere Hervormdes bestaan het met die kerkskeuring in 1908 te Humpata. Dit was egter juis die Hervormde Kerk wat hom ontferm het oor die lotgevalle van die Boeremeisies wat met Portugese mans getroud was en later ook Boeremeisies wat met nie-blankes getroud was, veral na 1928.

Volgens n private brief van die Hervormde Kerk se missionêre leraar in Angola,

54. P.J. Veth: Daniël Veth's Reizen in Angola, p.201.

55. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, Voorwoord.

56. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, Voorwoord.

P.S. van der Walt, was daar twee buite-egtelike verhoudings tussen Boere en Naturelle op Humpata - n Boeremeisie wat n kind by een van die makvolk gehad het en n Boer wat n kind by n swart vrou gehad het. Die indruk wat hierdie insidente by die Boere gelaat het, word weerspieël in n brief wat 50 jaar na die gebeure geskryf is: "... tot ons skande moet ek vermeld van twee kleurling kinders onder die Boere in 50 jaar."⁵⁷

In teenstelling met die Boere se sterk kleurbewustheid, het Van der Walt in dieselfde brief aangehaal dat daar van Portugese kant in dieselfde tydperk (1880-1928) 38 000 kleurlinge ontstaan het a.g.v. buite egtelike of gesanksioneerde verhoudings tussen Portugese en Naturelle.⁵⁸ Wat sy statistieke betref het Van der Walt egter nie sy bronne vermeld nie. As die gebrek aan blanke Portugese vroue in Angola in ag geneem word, lyk hierdie syfers egter aanvaarbaar.

Die langdurige verblyf in Angola kon egter wel n kondisioneringsproses wees om meer liberale norms aanvaar te kry ten spyte van die sterk konserwatiewe houdings wat by die Boere aanwesig was.

Vroeër in hierdie studie is reeds verwys na die verskynsel dat daar sedert die volksplanting aan die Kaap vooroordele was teenoor huwelike tussen blankes en inheemse nie-blankes; huwelike tussen blankes en slavinne of vroue van gemengde afkoms was egter geredelik aanvaar.

Die verhouding tussen Jordan en die Boere getuig van die hoë aansien wat hierdie Kaapse Kleurling onder die Boere geniet het. Die Basters uit Damaraland wat in Angola gevestig het, het ook saam met die Boere onder die Portugese teen die inboorlinge geveg en die onderlinge verhoudings was klaarblyklik goed.⁵⁹

57. P.S. van der Walt: Brief aan Doc Immelman, 6/12/1962.

58. P.S. van der Walt: Brief aan Doc Immelman, 6/12/1962.

59. J. von Moltke: Veldsmanne, pp.354-355.

Volgens die Gereformeerde en Hervormde huweliksregisters is daar geen inskrywing van 'n verbintenis tussen die Boere en die Basters nie. Dat daar egter wel 'n liberalisering en afwyking was van die tradisionele houding teenoor gekleurdes, kan afgelei word van die registrasie van die huwelike van twee Basters (broers) met Boeremeisies te Silva Porto in 1907.⁶⁰

Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat Silva Porto in 1907 'n pioniersnedersetting was en afgesonder was van die ander Boeregemeenskappe. Ook was die meisies lede van die trek van 1905 wat direk uit Transvaal na Silva Porto toe getrek het langs die Okavangorivier en dus nie kontak gehad het met die meer gevestigde tradisies soos dit op Humpata bestaan het nie.

Die betrokke twee huwelike was nie kerklik ingeseën nie. Dit kan egter wees dat die Gereformeerde Kerk nog geen troues daar bevestig het nie - die eerste kerkhuwelik daar was eers in 1911 deur Ds. Biewenga bevestig - maar dit is meer aanvaarbaardat die kerk nie die huwelike sou sanksioneer nie. Ten spyte van verskeie kerkhuwelike in 1914, is 'n derde broer van hulle se huwelik met 'n Boeremeisie in dieselfde jaar slegs siviël geregistreer.⁶¹

Dit is egter interessant dat in 1915 die kind van die broer wat in 1914 getroud is, wel in die Gereformeerde Kerk gedoop is. Daar is in die doopregister geen verwysing na die ras van die vader nie; alleen die opmerking dat hy nie 'n lid is van die Gereformeerde Kerk nie. Hierdie inskrywing het telkens by Duitse en Engelse eggenote van Boeremeisies in huweliks- en doopregisters verskyn.

Die twee broers wat in 1907 te Silva Porto getroud was, het egter intussen albei wewenaars geword en suidwaarts getrek waar hulle o.a. saam met die

60. Registos Casamento 1907, Administração Silva Porto.

61. Registos Casamento 1914, Administração Silva Porto.

Robbertses in die Kaokoveld gejag het. Rondom die tema van hierdie onwettige bedrywighede het Von Moltke in Jagkonings en Immelman in Tyd van die Klippe breedvoerig uitgewy.

Eventueel het die twee broers weer met Boeremeisies op Humpata getrou in 1922 en 1925 onderskeidelik. Weereens was die huwelike slegs by die administrateur siviël geregistreer. Hierdie keer het die Gereformeerde kerkraad van Humpata streng opgetree en bepaal dat die een vrou nie meer n lidmaat van die blanke gemeente mag wees nie.⁶²

Hoewel die Gereformeerde Kerk, wat in 1908 n minder konserwatiewe houding ingeslaan het as die groep Hervormdes oor kleurbeleid, het die betrokke lidmaat wat uit die Gereformeerde Kerk verban is, ná 1928 n tuiste in die Hervormde Kerk ontvang en is sy met haar kinders in die blanke gemeenskap aanvaar.⁶³

Dit is egter opmerklik dat nie een van die drie broers in 1928 na Suidwes-Afrika getrek het of op die treklyste voorgekom het as voornemende trekkers nie; hulle weduwees het wel later na Suidwes-Afrika getrek deur bemiddeling van die Hervormde Kerk wat bevrees was dat die Boere in Angola hulle Afrika-neridentiteit sou verloor.⁶⁴

Daar was dus by die Angola Boere n besliste en sterk afkeur t.o.v. huweliksverbintenisse tussen blank en naturel; dieselfde onverbiddelike houding het egter nie bestaan teenoor huwelike tussen blank met persone van gemengde afkoms nie. Gesien teen die agtergrond van die kerktwis van 1908, het daar besliste liberalisering t.o.v. kleurvermenging plaasgevind wat moontlik toegeskryf kan word aan die kontak met die Portugese.

Dr. van Rensburg se uitspraak wat vroeër reeds aangehaal is, nl. dat daar

62. Notule Geref. Humpata, 21/12/1923, G.A.P.

63. Die Burger, 8/6/1957.

64. Die Suidwester, 26/6/1957.

nie een enkele gemengde huwelik onder die Angola Boere voorgekom het nie,⁶⁵ was dus foutief. Dit is egter opmerklik dat daar in die eerste generasie geen gemengde huwelik bestaan het nie; in die tweede generasie was daar egter 5 geregistreerde huwelike en nog twee buite-egtelike verhoudings wat kinders opgelewer het. Van der Merwe het egter in sy *Ons Halfeeue in Angola*, met sy uitvoerige treklys van die 1928 trekkers, n Hervormde egpaar ingesluit waarvan die man voorheen met n nie-blanke vrou van Suidwes-Afrika saamgeleef het en haar na Angola saamgebring het as vrou.⁶⁶ Hierdie persoon het Angola eers na 1905 binne gekom sodat die huwelike in die eerste generasie suiwer blank gebly het. Sy kind uit sy vorige verbintenis is egter nie in die blanke samelewing opgeneem nie.

Dit is opvallend dat daar slegs een huwelik tussen n Afrikanerman en n Portugese vrou plaasgevind het. Dit was die huwelik tussen Jacobus de Klerk wat Angola eers in 1915 binne gekom het as rebel saam met generaal Manie Maritz en toe in Portugal met Maria Leão Almeida e Silva getroud is.⁶⁷ Hoewel De Klerk eers relatief laat in Angola gearriveer het, het beide hy en sy vrou lidmate van die Hervormde Kerk geword. Die seun uit die huwelik, Darius Kores Leão Almeida e Silva de Klerk,⁶⁸ het egter volkome met die Portugese geassimileer.

P.J. van der Merwe se uitspraak dat skoolonderrig deur medium Afrikaans in Angola die Afrikaner se identiteit se voortbestaan sou verseker, kan dus nie as vanselfsprekend aanvaar word nie; die gemengde huwelike tussen Boere en gekleurdes het juis plaasgevind waar albei partye Afrikaanssprekendes was.

Die aantal blank met nie-blanke huwelike kan moontlik toegeskryf word aan die numeriese oorwig van Boeremeisies. Hierdie feit kan afgelei word uit genea-

65. P.J. van der Merwe: *Ons Halfeeue in Angola*, p.37.

66. A 101 Staatsargiefbewaarpark Windhoek.

67. W.A. de Klerk: n *Swerwer op die Sonpad*, pp.169-171

68. Registo Nascimento 1922, Administração Humpata.

logiese gegewens nl. dat die twee meisies wat te Silva Porto met die nie-blanke broers getroud was, albei reeds 23 jaar oud was. Hulle was dus beide 5 jaar ouer as wat die Boeremeisies se gemiddelde trou-ouderdom was en kon dus as oujongnooiens beskou word. Weens die groot tekort aan blanke Portugese vroue in Angola, sou n blanke oujongnooi n baie rare verskynsel gewees het.

Die algemene gebrek aan kleurdiskriminasie by die Portugese, en die langdurige verblyf van die Boere in Angola, kan egter nie as oorsaak vir die Boere se huwelike oor die kleurlyn uitgeskakel word nie. Aan die ander kant kan dit egter ook as die voortsetting van n reeds gevestigde tradisie gesien word.

HOOFSTUK 7.

KULTUURINVLOED VAN DIE BOERE.

Die ossewa het n baie belangrike rol in die Boere se nomadiese bestaan gespeel en was vir baie kinders wat op die trekpad gebore is, vir baie jare soms die enigste huis wat hulle geken het.

Vir die Portugese was die massiewe ossewa n vreemde verskynsel aangesien die Portugese slegs van oskarre gebruik gemaak het vir die vervoer van mense oor kort afstande; vir langafstand vervoer is draers gebruik om beide mense en goedere te vervoer. Met die ossewa kon vragte goedkoper vervoer word as per draer en het die handel a.g.v. die gebruik van die ossewa floreer, veral die gomlastiekhandel.¹ Aangesien daar geen paaie vir sulke groot voertuie in Angola bestaan het nie, moes die Boere self hulle eie paaie maak en brûe bou. In hierdie opsig was hulle dan ook ware pioniers en het hulle verskeie roetes in Angola oopgestel wat tevore onbekend of onbegaanbaar was. Nadat n ossewa deur n gedeelte ongerepte veld of bos beweeg het, was daar eenvoudig n nuwe pad.

By gebrek aan n Portugese ekwivalent van die ossewa, het die Portugese spoedig van n Carro boer gepraat om n ossewa aan te dui en is dit amptelik ook so beskryf. Op n lisensie wat van die munisipaliteit van Humpata verkry is op 6 Julie 1920, word aangedui dat Michiel van der Merwe 6 escudo's betaal het om sy carro boer vir n jaar op die pad te mag hou.² Die ossewa was dan ook die Boer se belangrikste bate en het n kontantwaarde gehad wat hoër was as die meeste van hulle huise of plase. Eventueel het verskeie Portugese ook begin transport ry met waens wat hulle van die wamakery op Humpata gekoop het. Die Portugese het gewoonlik van die makvolk in diens geneem om die osse te beheer en die Portugese self ook touwys te maak.

1. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.5.

2. A 84, S.A.W.

Artur de Paiva het dikwels saam met die Boere gejag. Sommige spesies wild sou hy heel moontlik vir die eerste keer in die geselskap van Afrikaners gesien het en die naam van die wildsoort in Afrikaans gehoor het. G. De Sousa Dias, wat 'n biografie oor De Paiva in Portugees geskryf het en geen vriend van die Boere was nie,³ het n.a.v. De Paiva se notas geskryf dat De Paiva by een geleentheid 'n "riet bock," "gems Bock" en 'n "duiker" geskiet het.⁴ By 'n ander geleentheid meld hy "Elands, Gemsbuck, Koodeos, Reit bock, Root bock, Ducker, Steim bock, klepspringer" en "Qugas".⁵ Hoewel sy spelling swak was, was dit nie veel swakker as die van die deursnee Boer nie. Die feit dat Dias nie die diername vertaal het nie, dui op 'n Portugese aanvaarding en bekendheid met die Afrikaanse name.

Afrikaanse plekname het oral in Suid-Angola ontstaan nadat die Boere die Huila-plato beset het. Reeds in 1887 het die geograaf, Prof. Veth, 'n kaart van die gebied in sy boek ingesluit en dui hy daarop Wolvendrift, Quagga-vlakte en Honingrivier aan.⁶ Dat die Boere nie meer name aan plekke gegee het nie, kan toegeskryf word aan die feit dat hulle die Bantoenamewaaroornder die plekke bekend was, netso aanvaar het. Met 'n digte Bantoebevolking op die Huila-plato en kusgordel, was daar min plekke wat naamloos was.

'n Plek wat nog op resente kaarte aangetoon word, is La Place wat volgens die Franse spelling "die plek" beteken. Hierdie naam is egter 'n korrupsie van die naam "Lagerplaats" waar die Boere byeengekom het voordat Humpata aangelê is. Die woord "Lagerplaats" as "Laerplaas" uitgespreek en kon die Portugese dit dus met die woord "La Place" verwar.

Nog 'n plek met 'n Boerenaam is die nedersetting Driefontein naby Caluquembe. In die huweliksregister van die Missão Evangelico suid van Caluquembe word

3. G. de S. Dias: The Windhoek Advertiser, 26/5/1928.
4. G. de S. Dias: Artur de Paiva, Vol.I, p.30.
5. G. de S. Dias: Artur de Paiva, Vol.I, p.88.
6. P.J. Veth: Daniëls Veth's Reizen in Angola.

die woonplaas van n Afrikaner aangegee as Tres Fontes - n direkte vertaling na Portugees vanuit die oorspronklike Afrikaans. Resente ondersoek het aan die lig gebring dat die plek nog steeds onder hierdie naam bekend staan wat die Boere oorspronklik daaraan gegee het.

Die tradisionele metode van naamgewing van kinders by die Boere help beide die historikus en genealoog om die persoon se identiteit vas te stel of om afkoms te bepaal; veral by die biografiese skets en familiegeskiedenis is dit van belang.

Die Angola Boere het die tradisionele naamgewing streng nagevolg hoewel daar soms afwykings was, bv. Gert Alberts, die Dorslandtrekleier, het twee van sy seuns Gert Andries Jacobus gedoop terwyl altwee nog in die lewe was. (Dit het dikwels gebeur dat as n seun jonk weggeval het, n latere seun weer die gestorwe seun se naam kry. Dit was veral die geval as die seun die vader of een van die grootvaders se name gehad het.) Dit het ook enkele kere gebeur dat n meisie seunsname - die vader of een van die grootvaders se name - gekry het as n egpaar hoofsaaklik net dogters gehad het.

Volgens die tradisionele naamgewing het die eerste seun die grootvader van vaderskant se name ontvang, die tweede seun die grootvader van moederskant se name en die derde seun die eie vader se name. Indien n man sy vader se naam sou hê, sou sy oudste seun vanselfsprekend ook sy eie naam ontvang. n Vierde seun sou die vader se oudste broer se name ontvang, n vyfde seun sy moeder se oudste broer se name. Die sesde seun sou die vader se tweede oudste broer se naam ontvang en n sewende seun die moeder se tweede oudste broer se naam.

Wat die dogters betref, sou die eerste dogter die grootmoeder van moederskant se name ontvang, die tweede dogter sou die grootmoeder van vaderskant se name ontvang. Die derde dogter sou eers die moeder se name ontvang. n Vierde dogter sou die moeder se oudste suster se name ontvang, n vyfde die vader se oudste suster se name net soos by die manlike kinders die geval is.

In uitsonderlike gevalle is die name van goeie vriende of peetouers aan die kinders gegee. Die metode van naamgewing kan in sommige gevalle n aanduiding van vereenselwiging met of n distansiëring van die Boerekultuur wees.

n Ondersoek van die huwelike tussen Boeremeisies en Portugese toon dat die Boeremeisies daarop aangedring het om die Boeretradisie te volg. Manuel da Silva Balhão wat in 1920 met Johanna Elizabeth Opperman getroud is, se eerste dogter is Helena Catharina gedoop - die naam van die materne grootmoeder; die eerste seun, Auguste Manuel, het die paterne grootvader se name ontvang. Die derde kind, n seun, is Philippus Albertus gedoop wat die materne grootvader se naam was. Dit was nie n vreemde verskynsel om n kind met n Portugese van en Afrikaanse voorname, of n Portugese vorm van die Afrikaanse naam, aan te tref nie.

Die tradisionele naamgewing het ook by die ander groepe soos die Engelse en Duitsers voorgekom, insluitende die Pool, Piorek. Die Hollandse predikant Biewenga het egter al twaalf sy kinders wat in Angola gebore is, op die Hollandse wyse name gegee; al die kinders het slegs een naam gehad en geen Afrikanervoorname is gegee nie. Hierdie verskynsel het nie by die ander Hollander - Afrikaner huwelike voorgekom nie. Die feit dat Biewenga nie met die tradisionele gebruike van die Boere wou konformeer nie, kan dui op n streng konserwatiewe persoonlikheid, veral as in ag geneem word dat die Portugese wat kultureel feitlik n kontras met die Boere gevorm het, wel by die Boeregebruike ingeval het.

Die enigste Afrikanergesin waar die Boerenaamgewing nie gevind is nie, is na 1928 aangeteken by n Afrikanerman wat nie in Angola gebore is nie hoewel sy vrou wel daar gebore is. Hulle het konsekwent hulle vier seuns Portugese name gegee. Hierdie gesin het egter in een van die geografies mees afgeleë Boerenedersettings gewoon nl. te Luahanda, Noord van die huidige Teixeira da Silva (Bailundo) en kulturele isolasie van die ander oorblywende Boeregemeenskappe kan moontlik hiervoor verantwoordelik gehou word. Die moontlikheid

dat hulle hulle kinders Portugese name wou gee om sosiaal makliker by die Portugese gemeenskap in te skakel as permanente settelaars, bestaan ook.

Aangesien die meeste private korrespondensie van die Boere verlore geraak het in Angola of met die trek van 1928, is die geskiedenisnavorsers en genealoog aangewese op amptelike korrespondensie wat die Boere gevoer het. Behalwe in die geval van individue soos Botha en Chapman wat dikwels amptelike korrespondensie met die owerheid gevoer het, was die Boere se meeste amptelike dokumente slegs hulle huweliksertifikate wat hulle by die administratiewe kantore of kerk moes onderteken.

Die handtekeninge van die Boere en hulle vroue toon almal 'n sterk ooreenkoms en kom ooreen met die algemene handskrif wat tydens en na die Groot Trek by die Voortrekkers aanwesig was. Cory het dan ook beweer (wat hy later as 'n fout erken het) dat die Retieftraktaat 'n vervalsing was op grond van o.a. verskeie handtekeninge wat vir hom almal na slegs een persoon se handskrif gelyk het. Die handtekeninge van die ondertekenaars sou dus volgens hom 'n vervalsing wees. 'n Aanvaarbare verklaring vir die sterk ooreenkoms tussen die handtekeninge is te vinde in die onderrig wat die Voortrekkers in die skryfkuns ontvang het.

Die handskrif en handtekeninge van die Boere volg almal dieselfde styl en dit is dus maklik om huwelike deur Boere gesluit, onmiddelik te herken in-nagegaan word. dien die Portugese siviele huweliksrekords^^ Die Portugese huweliksamptenare se handskrifte was deurgaans vloeiend en reëlmatig; daarteenoor was die Boere se handtekeninge dikwels onreëlmatig, rukkerig en het daar verskeie spelvorms van name voorgekom. Die Boere se handtekeninge het getuig van die feit dat hulle min in hulle lewens 'n pen hanteer het.

Ten spyte van die gebrekkige skryfwyse van die Boere, het die ondersoek van al die huweliksregisters aan die lig gebring dat al die Boere kon skryf; so ook sommige van die makvolk. Daar was egter baie Portugese wat

nie hulle name in die huweliksregisters gedurende dieselfde tydperk kon teken nie. Dit bevestig dan ook Van der Merwe se stelling dat die Boere meer moeite gedoen het met die onderwys van hulle kinders as wat die Portugese moeite gedoen het.⁷ Die verskeidenheid van Boereskooltjies op die Huila hoogland kon ook moontlik die Portugese geaktiveer het om skole daar te stig met die oog daarop om die Boereinvloed te neutraliseer.

Hoewel daar slegs enkele gevalle was waar Boere (-meisies) by die Katolieke Kerk aangesluit het, of kinders daar laat doop het, het dit meer dikwels gebeur dat Portugese, sonder of met familieverbintnisse met die Boere, by die Gereformeerde of Hervormde Kerke aangesluit het. Beide kerkgroepe se lidmaatregisters getuig hiervan.

Wat begrafnisgebruike betref, het die Angola Boere n unieke soort graf gehad wat in Transvaal, en vermoedelik by die Portugese, onbekend was. Boeregrafte kan maklik uitgeken word van Portugese grafte aangesien hulle in die vorm van langwerpige bakoonde gebou is met die grafskrif weg van die graf af. Die Boere in Angola het met hierdie gebruik voortgegaan tot na 1928.

Die begrafnisbriewe van die Boere dui ook die volgende gegewens aan:

1. Woonplek 2. Ouers 3. Ouderdom van die oorledene 4. Draers (wat gewoonlik familiebetrekkinge was) en 5. Bloedverwante. Hiervolgens kan die aantal Boere wat in n sekere deel gewoon het, bepaal word.

Die Boeregrafte is self ook van belang vir beide historikus en genealoog. Eerstens is dit n fisiese aanduiding van waar en hoeveel Boere daar gewoon het. Hiervan sal ook afgelei kan word dat daar minstens 1 km van die graf af n Boere opstal moes gewees het aangesien die grafte nooit ver van n Boere opstal af was nie.

7. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, p.19.

Die grafskrif gee ook n kort maar volledige familiegeskiedenis waarvolgens die afstamming van n persoon bepaal kan word, en in die geval van n vrou, wat haar nooiensvan was. Hiervolgens kan die tydsduur en omvang van nedersettings en migrasies bepaal word.

Die grafskrif weerspieël ook die mediese geskiedenis van die Boere. Hiervolgens kan die omvang van sterftes onder jong kinders en babas bepaal word, sowel as die aantal vrouens wat met kindergeboorte oorlede is. Die aantal sterftes onder beide volwassenes en kinders in 1919 laat die vermoede ontstaan dat die 1918 griepedipemie eers in 1919 sy meeste slagoffers in Angola ge-eis het. Hierdie gegewens geld egter net vir die Humpata distrik; die grafskrifte in die ander gebiede is nie in detail bestudeer nie.

Aangesien die Boere die Bantoenamie vir hulle woonplekke gebruik het, bv. Mombolo en Sacanjimba, en hierdie plekke nie meer op Portugese kaarte voorkom nie, ondervind baie nakomelinge van die Boere groot moeite om vas te stel waar hulle voorouers gewoon het. Ook die Portugese owerheid ondervind dieselfde moeite as Suid-Afrikaners navraag doen om identiteitsdokumente en slegs hulle geboorteplekke as bv. Mombolo aantoon. Weereens gee die huweliks-dokumente die omgewing van die woonplaas aan aangesien al die Mombolo huwelike te Luimbale geregistreer is en dus in die omgewing van Luimbale moet wees. Weens die huidige geslag se onbekendheid met die ou Bantoenamie, en die feit dat die meeste Boerewonings slegs ruïnes is, bly die genealogiese rekords die enigste betroubare indikator om die Boere se nedersettings doeltreffend en vinnig te lokaliseer.

Sodra die woonplekke volgens die genealogiese rekords geïdentifiseer is, is dit relatief maklik om ter plaatse ondersoek in te stel vanweë verskeie kultuur-relikte wat eie was aan die Boere. Hulle is kortliks die volgende: Op die Boerewerf is gewoonlik n ossewa of n gedeelte daarvan, n aantal bloekombome en garingbome, n begraafplaas met sy kenmerkende grafte en n buite-bakoond. Wat die woning self betref, is die volgende kenmerke uit-

staande: Die voordeur het n bo- en onderdeur, die dak is n hoë staandak en is gewoonlik met sink bedek. Die agter- en voorstoep kan met n veranda bedek wees hoewel dit nie noodwendig die geval was nie. Die huise het selde glasvensters gehad, gewoonlik was houtluike gebruik. Feitlik al die huise het drie slaapkamers gehad (waarvan een dikwels as stoorkamer gebruik is), n voorkamer, agterstoep en kombuis met n vuurherd. Die naby geleë grafte met hulle grafskrifte bly egter die finale bevestiging of so n huis wel aan n Boerefamilie behoort het, wie hulle was en wanneer hulle daar gewoon het.

HOOFSTUK 8.

EKSPLORASIE, MIGRASIE EN NEDERSETTING.

Daar is reeds verwys na die afwesigheid van groot getalle amptelike dokumente oor die Boere se vestiging in Angola. Daar bestaan egter wel verslae van die verskillende kommissies wat uitgestuur is deur die Boere met die oog daarop om nuwe gebiede te verken en wat gepubliseer is.

Die eerste kommissie wat uitgestuur was in Angola in 1883-1884 om Noord-oos Angola te ondersoek met die oog op 'n beter vestigingsgebied, het volledige aantekeninge gehou van hulle onderneming. 'n P.J. van der Merwe het 'n joernaal gehou onder die opskrif: Uit Vinding Der Trek Boeren Comiessie in 1884 en de Land Naar de Noord-Oost Van Humpata Een Goede land gevonden Petrus Van Der Merwe.¹

Die doel van die kommissie was om die trekgees onder die Boere wat wou terug trek na Damaraland, teen te werk indien 'n beter gebied in Angola gevind kon word.

Die joernaal is nie net 'n belangrike historiese bron nie, maar is ook 'n genealogiese bron aangesien die name van die vyftien deelnemers ook gemeld word.² Die kommissie se verslag sou ook geografiese waarde gehad het in die 1880's aangesien die reis deur onbekende gebied gegaan het.

Die joernaal meld dat die vyftiende lid van die geselskap, H. van der Walt, op Caconda by hulle aangesluit het. Volgens die joernaal was Caconda 16 tot 22 dagreise vanaf Humpata geleë.³ Caconda was reeds aan die einde van die 18de eeu 'n Portugese militêre pos;⁴ dit was egter van die mees oostelike vestigings van Portugese gesag in die suide van Angola aangesien die Portugese hulle hoofsaaklik by die kusgebied bepaal het.

1. A 84, S.A.W.

2. A 84, S.A.W.

3. A 84, S.A.W.

4. F.C. Egerton: Angola in Perspective, p.55.

Die naam H. van der Walt, die man wat later by die ekspedisie aangesluit het, kom op geen kerkrekords voor nie en moes blykbaar Johannes Petrus v.d. Walt wees wat kortweg Hans genoem is. Hy het n seun, ook Johannes Petrus, gehad wat op 12/7/1872 op Bethulie gebore is en dus in 1884 veertien jaar oud sou wees. Ongelukkig dui genealogiese of historiese rekords nie aan of Van der Walt te Caconda gevestig was of slegs toevallig daar op n tog was nie. In elk geval was Van der Walt se teenwoordigheid te Caconda n manifestasie van die trekklus van die Boere.

Oor die migrasie van die Boere na Damaraland en die nedersetting in die kortstondige Republiek van Upingtonia onder Jordan, bestaan daar heelwat literatuur. Daar is alreeds verwys na die rol wat Jordan hierin gespeel het vanweë sy kennis van die area en sy goeie verhoudings met die inboorlinge.⁵ n Begeerte om nader aan hulle geloofsgenote (protestante) te wees, en nie tussen die Rooms Katolieke nie, was een van die dryfvere van die trek.⁶ Uit Postma se gegewens is dit moontlik om n redelike volledige lys van trekkers op te stel wat kontroleerbaar is met die bestaande genealogiese gegewens oor die Anglo Boere.

Die militêre ekspedisie onder De Paiva na Boné (Silva Porto) in 1890 het groot getalle Boere gelok om die tog mee te maak omdat hulle op hierdie wyse die land kon verken en omdat hulle goeie vergoeding van die owerheid ontvang het vir die vervoer van voorrade met hulle waens. Hulle het hulle families saam met hulle geneem en was ongeveer 6 tot 7 maande van Humpata weg gewees.⁷ Dat daar n besondere groot groep persone weg was van Humpata af, word bevestig deur die huweliksregister van Humpata. Gedurende 1888 was daar drie huwelike bevestig, in 1889 drie, in 1890 slegs een, gevolg deur nege in 1891 nadat die Boere terug was op Humpata.⁸

5. D. Postma: De Trekboeren, pp.173-174.

6. D. Postma: De Trekboeren, p.157.

7. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp.44-45.

8. Huweliksregister Geref. Kerk Humpata, G.A.P.

Die bekendheid met die nuwe gebiede ten noorde van Humpata moet as die ver-
naamste rede aangegee word vir die migrasie en vestiging te Cubal-Caconda
ná 1890 en die vestiging te Silva Porto na 1900.

Die oudste huweliksdokumente by die Administrasie te Nova Lisboa uit die tyd-
perk wat dit as Huambo bekend gestaan het en onder militêre bestuur was, be-
staan hoofsaaklik uit die inskrywings van Boere huwelike vir die tydperk
1900-1914.⁹ Hierna het geen Boereregistrasies meer in die dokumente voor-
gekom nie; hiervan moet afgelei word dat die Boere weggetrek het namate
Huambo van 'n pioniersnederstelling tot 'n dorp en later 'n stad gegroei het.
Dieselfde verskynsel het ook te Bailundo (Teixeira da Silva) voorgekom waar
daar reeds in 1909 'n geboorte geregistreer is en daar met die groei van die
dorp 'n drastiese afname van Boereregistrasies was.¹⁰ Die Boere was dus Pio-
niers in die ware sin van die woord en het hulle nooit in die gevestigde
dorpe in beduidende getalle gewoon nie maar in Boerenedersettings saamgetrek.

Die nuwe nedersettings wat in die tweede geslag ontstaan het, is reeds aan-
gedui; sowel as die datums en omvang van die nedersettings soos dit bepaal
kan word volgens die aantal huweliks- en geboorteregistrasies.

Van die noordelike nedersettings was die nedersetting te Mombolo die belang-
rikste vanweë die feit dat die gemeenskap oor die dienste van 'n voltydse le-
raar beskik het en die Boere se gemeenskapslewe grootliks om die kerk gewen-
tel het. Mombolo is dan ook die enigste nedersetting waar huwelike en doop-
registrasies met gereelde tussenposes plaasgevind het en waar daar nie massa-
doopplegtighede plaasgevind het nie.¹¹

Die laaste migrasie, en ook die belangrikste, wat onder die Boere plaasge-
vind het, was die massatrek na S.W.A. in 1928. Die trek het sy oorsprong

9. Registos Casamento, Administração Nova Lisboa.

10. Registos Nascimento, Administração Teixeira de Silva.

11. Huweliks- en Doopregisters Geref. Kerk Mombolo, G.A.P.

onder die suidelike groep Boere gehad en Ds. D.G. Venter het reeds in 1926 n sterk trekgees onder die mense in die Sandveld bespeur. Volgens Venter sou die hoofagitators vir n trek na die Kaokoveld n Georg Robberts, Folkus en n Van Wyk gewees het.¹²

Die togte wat o.a. deur die Robbertses na die Kaokoveld onderneem is, het die Boere nie tot eer gestrek nie aangesien hulle dikwels daar onwettig gejag het en tydelik gewoon het sodat hulle deur beide die Duitse en latere Suid-Afrikaanse regerings as ongewenste elemente beskou was. Veral met die oornome van die gebied deur n Suid-Afrikaanse militêre bestuur, is daar teen hulle opgetree en moes hulle na Angola terug gaan. Slegs een persoon, n Van der Merwe, het besluit om suid van die Kaokoveld te vestig.¹³

Die jagtogte na die Kaokoveld het die Boere in die Sandveld egter vertrouwd gemaak met die jagtersparadys en Deneys Reitz het so vroeg as 1924 reeds van planne gehoor om die gebied binne te trek vanaf Angola.¹⁴

Oor die oorsake van die trek is daar baie in die pers in 1928 uitgewei; o.a. het n reeks van tien artikels in Die Burger verskyn wat in Die Suidwes Afrikaner oorgedruk is vanaf 2 November 1928 tot 18 Januarie 1929. Die oorsake is kortliks as volg gegee: 1. Die weerhouding van burgerregte aan Boere. 2. Weerhouding van titelregte op grond. 3. Die wantroue van die Portugese t.o.v. die Boere. 4. Die korrupte administrasie. 5. Die passtelsel. 6. Beperkte handelsregte. 7. Die beledigende houding van amptenare. 8. Die wisselvallige waarde van Portugese geld. 9. Die onderdukking van moedertaalonderwys. 10. Die Portugese se ondoeltreffende naturelle administrasie.¹⁵

Van hierdie tien griewe was slegs drie spesifiek van toepassing op die Boere

12. D.G. Venter: Reisjoernaal, G.A.P.
13. The Windhoek Advertiser, 7 November 1925.
14. The Windhoek Advertiser, 3 Maart 1928.
15. Die Suidwes Afrikaner, 2/11/1928 - 18/1/1929.

gewees nl. die weerhouding van burgerregte, die agterdog t.o.v. die Boere veral na die afloop van die Eerste Wêreldoorlog en die onderdrukking van moedertaalonderwys.

Die burgerlike status van die Boere was n wesenlike probleem. In n verklaring van P.S. van der Walt, noem hy dat die Boere in 1882 n dokument onderteken het om te erken dat hulle onderdanig sou wees aan die Portugese owerheid. Volgens hom het die Portugese verklaring egter gelui dat hulle onderdane van Portugal wou word en het die Boere die verklaring geteken sonder dat hulle ten volle op hoogte was van die inhoud. Die Portugese woord sujeito sou as onderdanig i.p.v. onderdaan vertolk gewees het.¹⁶

Volgens Die Burger se verslaggewer sou die Portugese die Boere soms as Portugese burgers, soms as vreemdelinge en soms as Transvalers op amptelike dokumente beskryf, veral as dit in belang was van die owerheid en tot nadeel van die Boere.¹⁷ Hierdie stelling word bevestig deur die owerheid se vrystelling van verpligte geboorteregistrasies vir die Boere te Mombolo,¹⁸ terwyl die Boere te Humpata reeds sedert 1909 hulle geboortes by die owerheid moes laat registreer.¹⁹ Die huweliksrekords by die verskillende administratiewe sentra in Angola dui ook op die verwarring wat daar by die Portugese onderling geheers het aangesien die terme Transvalianos, Estrangeiros, Boers en Inglezes t.o.v. Boere-egpare gebruik is. Hoewel verskeie van hierdie egpare in Angola gebore is, en hulle ouers in 1882 (onwetend) n verklaring onderteken het waarvolgens hulle Portugese onderdane wou word, was hulle nogtans as vreemdelinge beskou. Die Boere moes egter na 1916 ook n taxa militar (militêre belasting) betaal ten spyte van hulle staatloosheid.²⁰

16. P.S. van der Walt: Verklaring te Windhoek op 9/4/1974.

17. Die Suidwes Afrikaner, 14 Desember 1928.

18. Estrangeiros, Brief Goewerneur Generaal aan Britse Konsul 7/2/1918, A.H.L.

19. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeue in Angola, p.6.

20. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeue in Angola, p.167.

Die Portugese agterdog jeëns die Boere het veral tydens en na die Eerste Wêreldoorlog n ernstige graad bereik. Oor hierdie wantroue in die Boere het Van der Merwe n hële hoofstuk in sy boek gewei. Volgens hom was die aartsvyand van die Boere die goewerneur-generaal, Norton de Mattos, wat vermoed het dat die Boere saam met die Duitsers n bewindoorname in Angola wou bewerkstellig nadat Duitse agente die Boere sou omgepraat het.²¹

Daar was egter sekere insidente wat die Portugese kon laat twyfel aan die Boere se lojaliteit. Die sensusopname van nie-Portugese burgers in die Huila distrik in 1916 het aan die lig gebring dat 109 Boere as Engelse beskryf is en 14 as Duitsers.²² Hierdie "Duitsers" was egter slegs in Damaraland gebore en beslis nie Duitsers van oortuiging nie. Die Portugese se indeling van hierdie persone dui op n wanbegrip wat moontlik op vooroordeel berus het.

Die aankoms en hartlike ontvangs van die rebelle onder Generaal Maritz in Angola nadat hulle teen Engelse heerskappy gerebelleer het en nou met die Duitse owerheid saamgewerk het,²³ het die Portugese suspisies jeëns die Boere verder versterk aangesien Portugal in alliansie met Engeland tot die oorlog toegetree het. Die Damaraland-gebore Boere in Angola, sowel as die aantal onwettige togte deur Angola Boere oor die grens na die Kaokoveld, het hierdie suspisies bevestig en n politieke kleur gegee aan wat deur die onverantwoordelike jagters as jagavonture beskou is en in Von Moltke se Jagkonings beskryf is. Die feit dat Engelse onderdane (die Angola Boere) die rebelle teen die Britse gesag gesteun het, moes ongetwyfeld die Portugese die indruk gegee het dat die Angola Boere se lojaliteit nie altyd te vertrou was nie; veral nie as die Portugese nie op hoogte was van die ernstige verdeeldheid en sterk emosies wat onder die Afrikaners in Suid-Afrika geheers het nie. Boonop was die gevaar van n Duitse inval in Angola n sterk moontlikheid na die verraderlike moord op Duitse offisiere deur die Portugese te Noulila in

21. P.J. van der Merwe: Ons Halfeeu in Angola, pp.170-172.

22. Estrangeiros - Naamlyste 1916, A.H.L.

23. W.A. de Klerk: n Swerwer op die Sonpad, pp.168-172.

Suid-Angola in 1914.²⁴ Die Boere het na die moord op die Duitsers geweier om saam met die Portugese teen die Duitsers te Noulila te gaan veg.²⁵ Hierdie weiering sou die agterdog teenoor die Boere as n dislojale groep versterk. Dat die Portugese nie net agterdogtig was teenoor die Boere nie, maar ook opgetree het, blyk uit die behandeling wat S. Lambert en sy vrou, E.M.M.E. Lambert, van die Portugese ontvang het.

Lambert is in Damaraland gebore as seun van n Kaapse handelaar maar is deur die Portugese owerheid as Duitser geregistreer hoewel sy moeder ook n Afrikaner was. Hy is in November 1914 gevange geneem en na Luanda gestuur waar hy aangehou was.²⁶ Sy vrou moes die plaas verlaat en al sy besittings is deur die owerheid onteien,²⁷ sonder dat n klag teen hom gelê was. Hoekom daar teen sy vrou ook opgetree was, wat ook n Boeremeisie was, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat sy weens haar huwelik ook as n Duitser beskou was.

Kwetsende opmerkings oor die lae peil van ontwikkeling onder die Portugese deur sommige Afrikanerskrywers kon verder bygedra het tot die Portugese se wantroue. In 1919 het Van der Walt se Noordwaarts verskyn en noem hy die Portugese onwaardige koloniste en bespiegel hy ook oor die moontlikheid van n Afrikaanssprekende staat van die Kaap tot die Kongo wat Angola sou insluit.²⁸ Hierdie berigte sou deur een van die Boere wat die vertroue van die Portugese owerheid gehad het, in Portugees kon vertaal. Willem Venter, die swaer van Artur de Paiva, het bv. n baie goeie verhouding met die Portugese owerheid gehandhaaf en sou so n berig kon oordra. William Chapman het Venter direk beskuldig as n spioen van die Portugese.²⁹ Venter se pro-Portugese houding word ook weerspieël in sy weiering om in 1928 te trek.³⁰

24. W.A. de Klerk: n Swerwer op die Sonpad, pp.158-159.

25. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, pp.158-159.

26. Estrangeiros Naamlyste, A.H.L.

27. A 101, Verklarings i.v.m. Oorlogseise, S.A.W.

28. A.J. van der Walt: Noordwaarts, pp.197-198.

29. W. Chapman: Herinneringe, pp.69,80,116.

30. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.209.

Daar is reeds verwys na die Boere se vrees om met die Portugese te assimileer, asook l.g. se vrees dat die Boere skepties sou bly en nie met die Portugese staatsideale sou wou of kon identifiseer nie. Die Portugese het dus n doelbewuste poging aangewend om die Boereskole in die suide te onderdruk en Portugese skole te stig. Die Portugese het nie so n gedetermineerde houding teenoor die Boere in die noorde geopenbaar om die Boerekinders as jong Portugese te indoktrineer nie en in skoolsake het die Mombolo nedersetting dus n vrye hand gehad.³¹ Die skrywer, J.A. Coetzee, het juis in 1924 na Angola vertrek om onderwys te gee te Mombolo³² en het geen teenkantsing van staatsweë ontvang nie.

Van der Merwe het voorspel dat Portugese skole, waar die onderrig van Afrikaans verbied was, tot die ondergang van Afrikaans as taal, die protestantse geloof en Afrikaneridentiteit sou lei.³³ Hierdie voorspelling strook egter nie met die gegewens wat uit die genealogiese rekords verkry is nie nl.

1. Ten spyte van die mees eenvoudige en elementêre skoolopleiding wat die Boere op trek en tydelike nedersettings ontvang het, kon alle huwelikspare skryf. 2. Ten spyte van skoolbywoning saam met naturelle te Humpata en Sa da Bandeira,³⁴ is geen huwelike tussen wit en swart wat vroeër skoolmaats was, aangeteken nie. 3. Die protestantse Boerekerke sou n behoudende faktor wees - om aangeneem te word as lidmaat moes hulle oor n Afrikaanse lees kennis beskik om n goeie Bybelkennis te hê. Om te kon trou moes hulle eers lidmaat van die kerk word en is die voortbestaan van geletterde gesinne gewaarborg.

Hoewel die Boere n relatief nomadiese bestaan gevoer het, en dikwels pioniersnedersettings gestig het, het hulle nogtans n hegte kultuurband behou ten spyte van verskeie faktore wat volgens vroeëre skrywers hulle hul identiteit sou laat verloor.

31. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.19.

32. J.A. Coetzee: Dorsland-Awontuur, p.8.

33. P.J. van der Merwe: Ons Halfee in Angola, p.19

34. G.S. Dias: The Windhoek Advertiser, 26/5/1928.

ZAÏRE

EKSPEDISIE VAN 1890-1891

ATLANTIESE

OSEAAN

BAILUNDO

BELMONT

(BIHÉ)

(QUE)

CACONDA

HUILA


HUMPATA


HUMBE

KUNENE

OKAVANGO

S.W.A.





ZAIRE

LUANDA

TRANSPORTROETES

ATLANTIESE
OSEAAN

LOAHANDA

MOMBOLO

LOBITO

SILVA PORTOxxxxxxxxx

NOVA LISBOA

CACONDA

HUMPATA

MOÇAMEDES

KUNENE

ROCADAS

PEREIRA D'ÉÇA

OKAVANGO

S.W.A.

HOOFSTUK 9.

BESLUIT.

Hierdie studie is nie n genealogie in die sin dat dit n familie- of streek-geskiedenis is nie. Die rol van genealogie as hulpwetenskap van geskiedenis, en die inter-afhanklikheid tussen genealogie en geskiedenis is egter in hierdie studie beklemtoon. Die omvang van hierdie studie as historiese verhandeling is dus beperk tot historiese insidente wat hoofsaaklik op oorspronklike genealogiese bronne gebaseer is en daarvolgens verantwoordbaar is.

Sekere omstrede standpunte wat deur vorige skrywers ingeneem is oor die Boere-tydperk in Angola, is deur genealogiese gegewens bevestig; ander standpunte wat gehuldig is, is egter as onwaar bewys deur dieselfde bronne.

In die lig van hierdie studie word die volgende aannames dus gemaak.

1. Die suidelike deel van Angola, in besonder die Huila-hoogland, is deur die Boere vir die eerste keer effektief beset en landboukundig ontwikkel nadat die Portugese en Duitse pogings misluk het. Hierdie effektiewe besetting het gelei tot die onderwerping van die opstandige naturelle in die suid-oostelike deel van Angola.
2. Die "Hollandse" Kolonie, St. Januario de Humpata, was met sy stigting n aanwinst vir die vestiging van Portugese gesag in Angola. Namate die Boere met verloop van tyd n onwilligheid getoon het om met die Portugese te assimileer, het geleidelike weerstand by die Portugese teenoor die Boere opgebou. Deur middel van die invoering van Portugese staatskole is daar gepoog om beter identifikasie met die Portugese lewenswyse by die Boerekinders te laat ontstaan. Hierdie pogings was onsuksesvol.

3. Die afwesigheid van grootskaalse ondertrouery tussen Boere en Portugese in die eerste generasie kan toegeskryf word aan die getalle oorwig van die vroulike geslag onder die Boere en nie aan n ingebore meerderwaardigheid of tradisie nie.
4. Die Boeremeisies wat in die suide met Portugese getroud was, het grootliks by die Boeregemeenskap ingeskakel. In die noordelike gebied waar die kerk n kritiese houding teenoor hierdie huwelike ingeslaan het, is die betrokkenes grootliks deur die Boeregemeenskap verwerp.
5. Ná 1914 het die wantroue tussen Boer en Portuges vermeerder as gevolg van o.a. die bloedbande en familieverbintenisse tussen Duitsers en die in Duits-Suidwes-Afrika gebore Afrikaners en die Angola Boere. Die internering en deportasie van hierdie betrokke persone het tot verbittering gelei onder die Boere.
6. Die gebrek aan Afrikaansmediumskole in Angola is as een van die belangrikste oorsake van die trek na S.W.A. in 1928 aangegee. Volgens hierdie argument sou die Boere hulle identiteit verloor as hulle van hulle eie skole ontnem was. Ten spyte van die gebrek aan formele, konvensionele skoolopleiding tydens die Groot Trek, vestigingsperiode in die Transvaal en latere trek na Angola, het die Boere steeds hulle identiteit behou en was almal geletterd.
7. By die skrywers oor die Boere in Angola was daar in n groot mate n pre-okkupasie met identiteit. Hiervolgens sou Afrikanderidentiteit gekoppel wees aan Afrikaans as taal, lidmaatskap van die Gereformeerde of Hervormde Kerke en die onderskrywing van rassesseiding tussen blank en naturel.
8. Ten opsigte van taal was daar n kulturele wins vir die Boere; verskeie Portugese wat met Boeremeisies getroud was, het Afrikaans as taal aangeneem, o.a. De Paiva, Milho en Baião. Dieselfde geld ook vir die makvolk wat Afrikaans as taal aangeneem het en hulle eie tale prys gegee het.

9. Verskeie Portugese het by die Boerekerke aangesluit a.g.v. huwelike met Boeremeisies, veral in die suidelike deel van Angola. Die Hervormde Kerk, wat n meer konserwatiewe siening as die Gereformeerde Kerk gehuldig het t.o.v. identiteit, het na 1928 ook die makvolk, wat voorheen lidmate van die Gereformeerde Kerk was, bearbei.
10. Ten spyte van die Portugese beleid van totale gelykstelling van wit en swart, was daar geen gesanksioneerde egverbintenisse tussen Boere en naturelle nie. Daar was egter wel gesanksioneerde egverbintenisse tussen Boeremeisies en gekleurdemans wat mettertyd ten volle as Afrikaners aanvaar is. L.g. verskynsel het egter reeds in die 17de en 18de eeue aan die Kaap voorgekom en geleidelike assimilasiel kan as tradisioneel aanvaar word.
11. Na 1928 het die makvolk die Afrikaanse taal en kultuurtradisie voortgesit. Weens die verbreking van hulle bande met die Boere wat na S.W.A. getrek het, het hulle egter geleidelik met die Portugese naturelle begin assimileer. Kultureel kon hulle egter as Swart Afrikaners beskou word ten spyte van hulle diskwalifiserende etniese groepering.
12. By gebrek aan voldoende oorspronklike historiese dokumente oor die Boeretydperk in Angola, is genealogie n uiters belangrike hulpwetenskap vir die historikus. Sonder genealogiese bronne en gegewens is die presiese bepaling van die trekroete van die Transvaal na Angola en die vasstelling van verblyfplekke nie moontlik nie; so ook die bepaling van die omvang van nedersettings en migrasies, die mate van assimilasiel en die sosiale lewe van die Boere. Veral ten opsigte van sosiale Geskiedenis is genealogie onmisbaar as hulpwetenskap, veral waar genealogie basies handel oor die menslike kringloop van geboortes, huwelike en sterftes.

BYLAE A.

AFRIKANER EN VERWANTE HUWELIKE GESLUIT IN ANGOLA 1881 - 1928.

(Sien nota aan einde!)

Ackerman, Andries * 9/8/1881.

x 2/1/1905 Swarts, Isabella Frederika * 25/7/1887
s.v. Pieter G. Ackerman en Martha A. van Rooyen
d.v. Jacobus Corn. Swarts en Isabella Fred. Smit.
Adm. Humpata/Geref. Humpata/S.A.W./Geref. Mombolo.

Ackerman, Dirk Hendrik * 15/6/1872 Kaap.

x 11/7/1898 Van Vuuren, Petronella J. * 1868 Tvl.
s.v. P.G. Ackerman en M.A.M. van Rooyen
xx 17/6/1901 Klopper, Anna Cath. Johanna * 12/9/1886 Humpata.
d.v. W.J.M. Klopper en C.M.J. Grobler.
Geref. Humpata/A84/S.A.W.

Ackerman, Karel * 5/3/1900

x 27/8/1928 Schoonbee, Petronella Zacharia * 12/5/1910
s.v. n Portugees en J hanna Elizabeth Ackerman
d.v. Izak de Vries Schoonbee en Sus. Cath. L. van Wyk. S.A.W.

Ackerman, Petrus Gerhardus * 29/7/1902

x 13/2/1926 Labuschagne, Anna Sophia M. * 5/6/1907.
s.v. Dirk H. Ackerman en Anna C.J. Klopper
d.v. Christiaan E.G. Labuschagne & Anna S.M. du Plessis.
Geref. Humpata/S.A.W.

Ackerman, Petrus Gerhardus * 15/2/1896

x 17/6/1918 Leff, geb. Swart Susanna Gertruida Wilhelmina * 14/4/1883
s.v. Petrus G. Ackerman en Martha M.A. van Rooyen
d.v. Niklaas J. Swart en Catharina Joh. de Kock
Adm. Humpata/S.A.W./Geref. Humpata.

Alberts, Andries Johannes Daniël

x 2/1/1911 Venter, Maria Aletta
s.v. Andries Alberts en Albertina
d.v. Willem Venter en Hester
Adm. Humpata/Herv. Humpata.

Alberts, Barend Jacobus * 14/1/1868 Pretoria

x 6/7/1889 Du Plessis, Gertruida Maria Magr. * 22/7/1870
s.v. Gert A.J. Alberts en J.E.M. Bester
S.A.W./Geref. Humpata/Herv. Humpata.

Alberts, Barend Jacobus * 29/1/1902

x 28/6/1928 Smith, Catharina Elizabeth * 30/4/1908
S.A.W.

Alberts, Gert Andries Jacobus * 1881 Humpata

x 2/6/1902 Robberts, Janetta Hermina * 1885 Humpata
Geref. Humpata.

Alberts, Gert Andries Jacobus * 29/4/1887

x 5/3/1918 Robberts, Maria Magdalena J. * 20/10/1902
S.A.W./Adm. Humpata/Herv. Humpata.

Alberts, Gert Andries Jacobus * 23/1/1891
x 19/4/1916 Van der Walt, Breggie Sophia * 19/11/1894
s.v. Barend Jac. Alberts en G.M.M. du Plessis
d.v. Johannes P. vd. Walt en Martha M. Venter
Adm. Humpata/S.A.W./Herv. Humpata.

Alberts, Gert Andries Jacobus * 1/1/1884
x 24/2/1908 Snyman, Susara Maria * 24/2/1908
s.v. P.P.H. Alberts en M.A. van der Merwe
d.v. M.G. Snyman en S.C. vd. Merwe
S.A.W./Adm. Humpata.

Alberts, Gert Andries Jacobus * 1875/1876 Meersrivier
x 6/3/1900 Du Plessis, Gertruida Maria Magr. * 1882
Geref. Humpata/S.A.W./Herv. Humpata.

Alberts, Gert Johannes Lindeque * 19/9/1885
x 28/12/1908 Labuschagne, Albertina Magdalena * 17/12/1891
s.v. P.P.H. Alberts en M.A. vd. Merwe
d.v. C.M. Labuschagne en W.S. Prinsloo
Geref. Que/S.A.W./Geref. Mombolo.

Alberts, Jacobus Johannes Stephanus * 28/6/1884 Humpata
x 15/3/1909 Du Toit, Maria Magdalena * 7/10/1891 Humpata
s.v. G.A.J. Alberts en P.F. le Grange
d.v. Cornelius J. du Toit en Maria Magrieta
Adm. Humpata/S.A.W./Herv. Humpata.

Alberts, Jacobus Lukas Marthinus * 4/11/1890
x 18/9/1916 Van Wyk, Susanna Cath. * 17/8/1897
xx 24/4/1922 Biewenga, Anna
S.A.W./Geref. Mombolo.

Alberts, Johannes Jacobus Christiaan * 1864.
x 15/2/1886 Robberts, Jacomina Gertruida E. * 1871 Rustenburg.
S.A.W./A84/Geref. Humpata.

Alberts, Petrus Johannes * 24/4/1885 Humpata
x 16/11/1908 Prinsloo, Albertina Magd. * 21/5/1891 Waterberg.
s.v. A.N.J.D. Alberts en A.M. vd. Merwe
Geref. Humpata/S.A.W./Herv. Humpata.

Alberts, Philippus Petrus Hermanus * 2/11/1887.
x 13/5/1912 Opperman, Susanna Cath. * 22/11/1895
s.v. P.P.H. Alberts en M.A. vd. Merwe.
d.v. C.M. Opperman en L.S. vd. Walt.
Geref. Humpata/Adm. Humpata/S.A.W./Geref. Mombolo.

Alkain, José Mayer * 4/5/1875 (Jood)
x 14/7/1902 Grobler, Jacoba Gertruida E. * 19/8/1885
Geref. Cubal/Adm. Caconda.

Badenhorst, Casper Hendrik
z Isabella Susanna
Geref. Mombolo.

Balhão, Manuel de Silva * 24/4/1885
x 4/12/1920 Opperman, Johanna Elizabeth * 4/10/1894
d.v. P.A. Opperman en H.S.J. Labuschagne.
S.A.W./Adm. Humpata.

Barret, Anthony * 8/2/1882
x 17/4/1902 Coetzer, Wenselina Christ. * 7/5/1883
Geref. Cubal.

Beetge, Johannes Andries Izak * 1863 Lydenburg
x 7/1/1895 De Jager, Susara Elizabeth * 1878 Middelburg.
Geref. Humpata/A84.

Behan, Filippus Jacobus * 30/5/1898
x 20/2/1920 Groesbeek, Margie Petronella * 1901.
Adm. Caconda.

Benade, Lodewikus Gerhardus * 1875 Transvaal
x 19/2/1906 Visser, Rachel Anna Maria * 1887 Tvl.
Geref. Humpata/Geref. Mombolo/Adm. Caconda.

Bester, Jan Johannes * 29/7/1890
x 25/3/1925 Labuschagne, Christina J.S. * 29/9/1892
s.v. Andries J. Bester en Emma F. Lombaard
d.v. Daniel J. Labuschagne en Helena J. vd. Merwe
S.A.W./Adm. Humpata.

Bezuidenhout, Jakobus Herklaas
x 25/1/1897 Greyling, Elizabeth Helena J.
Geref. Cubal.

Bezuidenhout, Petrus Jeremias * 1890
x 13/9/1916 Grobler, Martha Sophia
s.v. P.J. Bezuidenhout en G.J. Vermaak
d.v. J.H. Grobler en H.M.C.R.
Adm. Caconda.

Bianco, (n Portugees)
x Oosthuizen, Aletta Susara E.
S.A.W.

Biewenga, Jacobus * 26/5/1904
x 27/4/1927 Steyn, Cornelia Magdalena * 9/9/1907
S.A.W./Geref. Mombolo/Adm. Luimbale.

Biewenga, Pieter * 28/6/1865 Holland.
x 2/6/1902 Swarts, Johanna Cath. M. * 27/6/1883 Humpata.
xx 13/9/1926 Grobler, Susanna H.F.D. * 14/6/1893
xxx 11/7/1928 Potgieter, Sara Maria H. * 20/1/1909

Boje, Antonie Christiaan C. * 1861 Graaff Reinet
x 2/5/1894 Kirsten, Aletta Joh. C. * 1872 Zeerust.
Geref. Humpata/A84.

Botha, Dirk Jac. Gerh. S. * 16/1/1906
x 29/8/1928 Swarts, Anna Sofia M. * 20/5/1907
s.v. C.J.G.S. Botha en C.J. Oosthuizen
d.v. Izak J. Swarts en P.Z. van Wyk.
S.A.W.

Botha, Jacobus Frederik * 11/2/1865 Zoutpansberg
x 2/4/1884 Venter, Johanna Adriana * 18/5/1865 Tvl.
s.v. J.F. Botha en M.A. Grobler.
Geref. Humpata/A84/S.A.W./W.P. v.d. M.

Botha, Jacobus Frederik * 1/9/1891
x 24/12/1913 Labuschagne, Christina J.S. * 29/9/1892
s.v. J.F. Botha en J.A. Venter
d.v. D.J.J. Labuschagne en C.J.
Adm. Humpata/S.A.W./Herv. Humpata.

Botha, Marthinus Jacobus
x Bronkhorst, Janetta Hendrina.
Geref. Mombolo.

Botha, Paul Stephanus * 11/7/1887 Humpata.
x 27/1/1908 Oosthuizen, Francina C.E. * 14/10/1888 Humpata.
s.v. J.F. Botha (Jr.) en J.A. Venter
d.v. S.J. Oosthuizen en J.A.
Adm. Humpata/Geref. Humpata/S.A.W./Herv. Humpata.

Botha, Philippus Jacobus * 1895
x 20/2/1916 Labuschagne, Helena Johanna J. * 1895
s.v. Jac. Fred. Botha en Joh. Adriana
d.v. Daniel J.J. Labuschagne en Helena Johanna
Ad. Humpata/S.A.W./Herv. Humpata.

Botha, Philippus Rudolph * 13/7/1856 Transvaal
x 7/8/1916 V.d. Merwe, Sara Maria H. * 14/2/1876
Geref. Mombolo.

Botha, Rudolph Philippus * 6/5/1896 S.W.A.
x 7/6/1925 Van Dyk, Jacomina Catharina E. * 26/9/1905.
Geref. Mombolo.

Botha, Theunis Louis.
x Botha, Elsie Maria Magrieta
(Doop) Adm. Caconda/Geref. Mombolo.

Breedt, Jan George Marthinus * 29/12/1893 Tvl.
x 28/1/1916 Potgieter, Louisa Sus. Cath. P. * 21/5/1897
s.v. Pieter Joh. G. Breedt en Sara Eliz. Kirsten
d.v. Pieter J.J.S. Potgieter en Magr. S. Robberts.
Adm. Humpata/S.A.W./Geref. Humpata/Geref. Mombolo.

Breedt, Johan Frederik * 10/11/1888
x 9/9/1918 Vermaak, Maria Eliz. * 1/7/1898
Adm. Caconda/Geref. Mombolo/S.A.W.

Breedt, Petrus Gerhardus * 29/11/1883 Tvl. of Kaap.
x 12/6/1905 Du Plessis, Aletta Catharina * 23/9/1882 Humpata
xx 17/1/1921 Scheepers, Aletta Catharina * 23/4/1893
Adm. Humpata/Geref. Humpata/S.A.W./Geref. Mombolo.

Brits, Adriaan Jan Adam * 1885
x 16/10/1911 Weber, Maria Magrieta Wilh. * 1889
Adm. Silva Porto/Geref. Mombolo.

Bronkhorst, Johannes
x Botha, Magdalena J. Johanna
Adm. Silva Porto.

Burger, Barend Bartolomeus
x Watson, Susara Magrieta.
Adm. Silva Porto/Geref. Mombolo.

Camara, Alfredo * Humpata
x 1910/1912 Verster, Clara
xx 18/6/1927 Dreyer, Jocina Maria * 1887 Rustenburg
Adm. Teixeira da Silva/Dr. A.P.L. de Paiva.

Chapman, William James Bushnell * 1858 Kaapstad
x 19/5/1884 Opperman, Hester Sofia Jacoba * 1868
xx 14/1/1905 Peters, Maria Magdalena * 1877.
Adm. Benguela/Geref. Humpata/A84/Adm. Humpata.

Cocklin, Thomas * 14/10/1875 Zeerust
x 31/12/1906 Van Dyk, Neeltje Christina * 1/4/1884
s.v. Thomas Cocklin en J.S. Ludeke
d.v. S.E. van Dyk en G.M.S. Robberts
Adm. Caconda/S.A.W./Geref. Mombolo/Geref. Cubal.

Coetzee, Joseph Jacobus * 28/4/1879 Zeerust
x 17/5/1909 van der Walt, Gertbrecht Eliz. * 10/8/1887 Humpata
s.v. Louis Jacobus Coetzee en Aletta Sus. van Dyk
d.v. Philippus J. vd. Walt en Aletta G. vd. Merwe
Herv. Humpata/Adm. Humpata/S.A.W./Geref. Humpata.

Coetzer, Lodewikus Jacobus * 25/2/1881
x 14/5/1912 Diedericks, Cecilia Johanna * 14/8/1892
S.A.W./Geref. Mombolo/Adm. Caconda.

Coetzer, Pieter Wilhelm Johan * 8/6/1875 Rustenburg
x 13/3/1898 De Klerk, geb. vd. Walt Johanna Eliz. * 27/11/1866
s.v. Wentzel Christoffel Coetzer en Cornelia Eloff
d.v. Hendrik Jac. vd. Walt en Gertbrecht E. v.d. Walt
Geref. Cubal/Geref. Mombolo.

Coetzer, Wentzel Christoffel * 9/5/1899
x 4/9/1921 Putter, Anna Sus. Cath. * 2/5/1902
Adm. Caconda.

Cooper, Herbert
x Enslin, Hendrina Henriëtta
Geref. Humpata/Geref. Mombolo.

Correis,
x Botha, Anna
S.A.W.

Da Costa, Martinho
x 9/3/1918 Monteiro, Ana Benedicto
d.v. Martha Aletta Maria Ackerman
Adm. Humpata.

Da Costa, Sebastião Justina
x 9/4/1927 de Paiva, Dina Jacomina Venter
d.v. Bart José Botha de Paiva en Christina J.S. Venter
Adm. Humpata.

De Beer, Andries
x 28/1/1882 Van der Merwe, Helena Dorothea
Geref. Humpata/A84.

De Beer, Francois (Zacharias) * 1869
x 3/5/1907 Kirsten, geb. Robberts, Christina Adriana * 1879
s.v. Willem A. de Beer en Maria P. Eloff
d.v. Jan Marcus Robberts en Maria Sophia Grobler
Adm. Humpata/Geref. Humpata.

De Brito, Antonio Leino * 20/4/1890 Macau
x 28/4/1922 Steyn, Gertruida Magdalena * 10/2/1900
d.v. Petrus Jac. Steyn & Aletta Christina Kirsten
Adm. Humpata/Geref. Humpata.

De Cruz, Theodor José* 28/10/1857
x 30/11/1897 Van Dyk, Anna Sus. * 13/5/1874
Geref. Cubal.

De Flamingh, Frederik Nicolaas * 29/8/1884
x 13/5/1914 Venter, Aletta Catharina * 2/3/1889
s.v. Willem J. de Flamingh en Francina
d.v. Paul Stephanus Venter en Aletta Cath.
Adm. Humpata/S.A.W./Geref. Humpata.

De Flamingh, Jakob Adriaan
x Snyman, Dirkie Aletta Eliz.
Geref. Mombolo.

De Jager, Christiaan Lodewicus * 29/10/1903
x 4/4/1927 Robberts, Danielina Jacoba * 9/5/1910
s.v. Johannes Wilh. de Jager en Eliz. Helena Botha
d.v. Willem Joh. Robberts en Paulina Jacoba Robberts
Adm. Humpata/S.A.W./Geref. Humpata.

De Jager, Johannes Willem * 1867/1868 Winburg
x 30/3/1903 Van Wyk, geb. Botha, Eliz. Helena * 1881
s.v. Christ. Lourens De Jager en Magrieta Maria
d.v. Jacobus Fred. Botha en Maria Aletta
Adm. Humpata/Geref. Humpata/Geref. Mombolo.

De Klerk, Andries Nicolaas Jan Daniel * 1/11/1866 Nylstroom
x 26/11/1888 Grobler, Aletta Cath. L.F. * 1/8/1868 Pretoria
s.v. Zacharias de Klerk en A.S. Bester
d.v. H. Philippus Grobler en A.C.L.F. Grobler
Adm. Luimbale/Geref. Humpata/A84/S.A.W. Geref. Mombolo.

De Klerk, Hendrik Jacobus
x Ivens, Maria Elizabeth * 7/7/1907
Geref. Mombolo.

De Klerk, Hermanus Philippus * 12/8/1902
x 27/9/1926 Scheepers, Cecilia Johanna * 9/8/1908
s.v. A.N.J.D. de Klerk en A.C.L.P. Grobler
d.v. S.J.D. Scheepers en M.M. du Plessis
Geref. Mombolo/S.A.W.

De Klerk, Jacobus Abraham
x Almeida e Silva, Maria Catharina L.
Adm. Humpata.

De Klerk, Philippus Stephanus * 22/4/1900
x 29/8/1921 Swarts, Helletjie Magdalena * 2/1/1902
s.v. T.C. de Klerk en H.A. du Plessis
d.v. I.J. Swarts en P.S. van Wyk
Adm. Caala/Geref. Mombolo/S.A.W.

De Klerk, Theunis Christiaan * 2/6/1868 Nylstroom
x 4/5/1891 Scheepers, Francina Cath. Eliz.* 12/9/1877
xx 17/10/1898 Du Plessis, Hester Aletta C. * 24/8/1877
xxx 5/4/1920 Steyn, wed. Swarts, Niklasina Joh. S. * 1887
Geref. Humpata/A84/S.A.W./Geref. Mombolo/Geref. Cubal.

De Klerk, Theunis Christiaan * 9/2/1892
x 6/9/1912, Diederiks, Danielina Frederika G.P. * 8/5/1895
Adm. Caconda/Geref. Mombolo.

De Klerk, Theunis Christiaan * 1860 Potgietersrus
x 9/1/1884 Van der Walt, Johanna Elizabeth * 1868 Pretoria
Geref. Humpata/A84.

De Klerk, Theunis Christiaan * 16/6/1897 Caconda
x 21/10/1918 Opperman, Hendrina Francina * 10/9/1901
s.v. N.J.D. de Klerk en A.C.L.P. Grobler Caconda
d.v. D.R. Opperman en H.M. Venter
Adm. Luimbale/Geref. Mombolo /S.A.W.

De Klerk, Willem Abraham * 1848 Natal
x 20/12/1882 Van der Merwe, geb. du Plessis, Cath.L.E.P. * 1857
Geref. Humpata/A84.

De Klerk, Willem Abraham * 28/2/1892
x 16/7/1913 Du Plessis, Cecilia Johanna * 3/7/1892
s.v. T.C. de Klerk en F.C.E. Scheepers
d.v. L.M. du Plessis en S.J. Potgieter
Adm. Nova Lisboa/Geref. Mombolo/S.A.W.

De Klerk, Willem Abraham * Transvaal
x Johanna Elizabeth
Adm. Caconda.

De Klerk, Willem Adriaan
x 23/2/1899 Putter, Gertruida Maria Sofia
Adm. Caconda/Geref. Mombolo/Geref. Cubal.

De Klerk, Zacharias * 1840 Bloukrans
x 12/1/1885 Smit, Martha Anna Aletta * 1857 Rustenburg
Geref. Humpata/A84

De Klerk, Zacharias
x Visser, Susanna Jacoba
Geref. Mombolo.

De Paiva, Artur José Oriolla Fereira
x 12/2/1882 Botha, Jacomina Gertruida Elizabeth
Adm. Humpata/A84/Geref. Humpata.

De Paiva, Bartolomeu José Botha F. * 22/3/1883 Humpata
x 11/4/1904 Venter, Christina Joh. Sofia * 1886 S.W.A.
s.v. Artur de Paiva en J.G.E. Botha
d.v. Paul Stephanus Venter en A.C.A.J. Labuschagne
Adm. Humpata/Geref. Humpata/Herv. Humpata.

De Silva, Manuel
x Opperman, Johanna Elizabeth
Geref. Humpata

De Villiers, Frederik Philippus * 3/7/1896 Kaapkolonie
x 18/8/1919 V.d. Walt, Susara Susanna * 28/7/1903 Caconda
xx 29/12/1925 Ludeke, Petronella Zacharia * 17/10/1911
Adm. Silva Porto/Geref. Mombolo/S.A.W.

De Villiers, Hendrik Jacobus
x Ludeke, Martina Susara
Geref. Mombolo.

De Villiers, Pieter Jacob
x v.d. Walt, Cornelia Magdalena
Geref. Humpata/Geref. Mombolo.

De Villiers, Pieter Jacob * 6/12/1885
x 16/12/1912 Prinsloo, Orsilia Magdalena * 30/4/1891
xx 5/4/1917 Grobler, Maria Aletta * 22/9/1898
Adm. Silva Porto/Geref. Mombolo/S.A.W.

De Waal, Jan Gerhardus * 16/9/1869 Pretoria
x 15/8/1898 Pretorius, Francina Martina Johanna * 22/6/1881
s.v. Daniel P.J. de Waal en Anna C. Bodenstein
d.v. Lewies Frans Pretorius en Martha Sofia v. Dyk
Geref. Cubal/Geref. Mombolo.

Diederiks, Adam * 20/1/1907
x 28/9/1925 Breed, Susara Petronella * 1/2/1908
Geref. Mombolo/S.A.W.

Diederiks, Casparus Johannes
x Ludeke, Johanna Magrieta
Adm. Silva Porto/Geref. Mombolo.

Diederiks, Christiaan Johannes * 23/10/1877
x 6/12/1897 Swarts, Magrieta Adriana * 22/10/1880
Adm. Caconda/Geref. Mombolo/Geref. Cubal/S.A.W.

Diederiks, Jakobus Johannes * 1900
x 8/6/1925 Van Rooyen, Wilhelmina Cornelia * 1903
Adm. Caconda/Geref. Mombolo.

Diederiks, Jacob Johannes (wewenaar) * 1852
x 6/11/1917 Scheepers, Maria Susanna Isabella * 1882
Adm. Caconda/Geref. Mombolo.

Diederiks, Jacob Johannes
x Maria Elizabeth
Geref. Mombolo.

Diederiks, Jacob Johannes * 23/12/1881 Transvaal
x 4/8/1904 De Klerk, Loudwina Francina * 1888 Chilia
xx 24/12/1924 Leff, Wilhelmina Susanna * 1906
xxx 29/3/1926 Leff, Susara Johanna * 28/11/1905
Adm. Caconda/Geref. Mombolo/S.A.W.

D'Oliviera, João Antonio
x 1916 V. Vuuren, Aletta Gertruida J.
d.v. Petrus Jacobus J.v.Vuuren en A.G. vd. Merwe
Adm. Humpata.

Dreyer, Johannes Nicolaas
x Delport, Josina Maria
Adm. Silva Porto/Geref. Mombolo.

Du Plessis, Casper Jan Hendrik * 1862
x 2/4/1884 Kruger, Cornelia Adriana * 1868
Geref. Humpata/A84.

Du Plessis, Casper Jan Harm * 21/3/1898
x 4/3/1924 Grobler, Hester Catharina * 13/12/1904
s.v. C.J.H. du Plessis en M.M. van Staden
d.v. Z.C. Robbertd en H.M.R.C. Smit
Geref. Mombolo/S.A.W.

Du Plessis, Daniel Jacobus * 22/1/1898 Humpata
x 6/1/1919 Opperman, Martinus Johannes * 22/6/1899 Humpata
s.v. D.J. du Plessis en Jacomina Grobler
d.v. Daniel Jac. Opperman en A.C.M. -
Geref. Humpata/S.A.W.

Du Plessis, Daniel Jacobus * 1874 Rustenburg
x 11/3/1895 Grobler, Jac. Gertruida E. * 1878 Okavango
Geref. Humpata.

Du Plessis, Floris Petrus
x V.d. Berg, Anna Cath. Elizabeth
Geref. Mombolo.

Du Plessis, Gert Johannes Lindeque * 23/10/1889
x 20/11/1920 Prinsloo, Hester Catharina * 17/6/1903
s.v. Philippus du Plessis en A.C. vd. Merwe
d.v. Georg D. Prinsloo en H.C.F. Robberts
Adm. Humpata/S.A.W.

Du Plessis, Jan Adriaan * 10/11/1887 S.W.A.
x 6/11/1911 Prinsloo, Martha Maria * 8/10/1888 Pretoria
xx 16/4/1923 Grobler, Cecilia Johanna * 16/12/1903
Geref. Que/S.A.W./Geref. Mombolo/Adm. Silva Porto.

Du Plessis, Jan Adriaan (wewenaar) * 1849 Kroonstad
x 29/4/1895 Jordaan, Maria Magrieta P. * 1872 Utrecht
Geref. Humpata.

Du Plessis, Jan Harm Christiaan * 29/10/1886
x 30/3/1908 V.d. Merwe, Helena Dorothea C. * 14/8/1881
Geref. Cubal/Geref. Mombolo/S.A.W.

Du Plessis, Jan Harm * 1865 Cradock
x 30/5/1912 Fourie, Martha Magrieta * 1891
s.v. L.M. du Plessis en G.M.M. du Plessis
d.v. Jan Hendrik Fourie en Martha Magrieta Fourie
Adm. Nova Lisboa/Geref. Mombolo.

Du Plessis, Jan Harm
x Opperman, Anna Sofia Jacoba
Geref. Mombolo.

Du Plessis, Jan Hendrik * 29/1/1900
x 2/12/1926 Oosthuizen, Francina Cath.E. * 5/10/1903
s.v. Johannes A. du Plessis en Christina J. du Plessis
d.v. Jan Jacobus Oosthuizen en Elizabeth W. Venter
Adm. Humpata/S.A.W.

Du Plessis, Johannes Augustinus * 1867 Zoutpansberg
x 16/3/1891 Du Plessis, Christina Johanna Sofia * 1872 Rustenburg
Geref. Humpata/A84/S.A.W.

Du Plessis, Johannes Marthinus * 2/7/1881 Humpata
x 17/7/1905 Venter, Maria Magdalena * 29/9/1887 Humpata
s.v. Philippus L.A. du Plessis en Aletta Gertruida
d.v. Paul Stephanus Venter en Hendrina Francina
W.P.vd.M./Adm. Humpata/Geref. Humpata/Herv. Humpata.

Du Plessis, Lourens Marthinus * 9/2/1897 S.W.A.
x 30/3/1903 Botha, Hermina Johanna Wilh. * 1/9/1883 Humpata
s.v. Phil. L. du Plessis en Aletta G. vd. Merwe
d.v. Jac. Fred. Botha en Maria Aletta Grobler
Adm. Humpata/Geref. Humpata/S.A.W.

Du Plessis, Lourens Marthinus * 19/6/1879 S.W.A.
x 16/5/1904 Prinsloo, Martha Cath. Jacoba * 2/11/1882 Humpata
s.v. Jan Adriaan du Plessis en C.J.S. Labuschagne
dv. Michiel W. Prinsloo en Martha J. du Preez
Adm. Humpata/Geref. Humpata/S.A.W./Geref. Mombolo.

Du Plessis, Lourens Marthinus * 19/6/1886 S.W.A.
x 21/3/1910 Potgieter, Susanna C.P. Fr. W.* 21/3/1893 Tvl.
xx 28/10/1912 Potgieter, Martha Joh. Sus. * 3/8/1892
Adm. Silva Porto/Geref. Mombolo/S.A.W.

Du Plessis, Lourens Marthinus * 14/7/1891
x 19/7/1915 De Klerk, Aletta Cath. L. Ph. * 14/7/1895
